View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by University of Johannesburg Institutional Repository

# Seksueel-etiese aspekte in die Simsonverhaal (Rigters 13-16) as vertrekpunt vir Christelike berading binne ’n multi-godsdienstige beradingsituasie

**deur**

**Barend Jacobus van Wyk**

**SKRIPSIE**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM**

**in**

**BYBELKUNDE**

**in die**

**FAKULTEIT GEESTESWETENKAPPE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG**

**STUDIELEIER: PROF JH COETZEE**

**NOVEMBER 2006**

# VOORWOORD

Ben van Wyk het hierdie skripsie met deursettingsvermoë wat baie mense verstom het aangepak. Ten spyte van pyn, ten koste van homself en terwille van mense, het hy sy passie vir die mensdom uitgeleef. Sy visoen sal voortleef in dié wat nou saam met hom gewerk het.

Hy het altyd gesê dat in sy voorwoord sal hy erkenning gee aan almal wat hom bygestaan het, veral sy gesin Margaret, Ester en Tilon wat altyd geglo het hy sal bereik wat hy gedroom het.

Dankie aan sy studieleier, Prof Johan Coetzee vir al u geduld, mooi gesindheid, bystand en puik akademiese leiding ter voltooiing van hierdie studiestuk.

‘n Spesiale woord van dank aan ons Hemelse Vader wat Ben in staat gestel het om sy passie en begeerte uit te leef. Ben se lewe herinner ons aan Jesaja 53 en daarom vind ons troos daarin dat die Here aan hom ‘n ereplek onder die grotes gee en dat hy saam met die magtiges die oorwinning vier.

## OPSOMMING

Hierdie navorsing het ontstaan weens die behoefte aan Christelike godsdienstig-etiese beginsels vir beraad aan MIV/Vigs-pasiënte en hulle families binne ’n multi-godsdienstige omgewing. Die navorser was in lewe ’n lid van Professional Family Care, ’n multi-godsdienstige en multi-dissiplinêre hulporganisasie aan MIV/Vigs-pasiënte in Middelburg, Mpumalanga. Die doel van die studie is om vanuit ’n Christelike godsdienstig-etiese perspektief mense se seksuele etos en die gevolge daarvan te belig aan die hand van die karakterskets van die rigter Simson in die boek Rigters (Ri 13-16), om sodoende seksueel-etiese beginsels vir beraad te formuleer. Die hipotese is *dat daar ’n etiese verband bestaan tussen die rebelsheid in Simson se lewe en sy seksuele optrede. ’n Soortgelyke verband kan in ons hedendaagse samelewing geïdentifiseer word as gevolg van die verontagsaming van gesonde godsdienstig-etiese norme.*

Die studie is vanuit ’n sosio-retoriese perspektief aangepak om die verskillende teksture van die Simson-sage te analiseer. Nadat die problematiek rondom Ou Testamentiese etiek bespreek is, is daar veral klem gelê op die analisering van die intra-tekstuele, die ideologiese, die sosiale en kulturele, en die heiligheidsteksture van die Simsonsage. MIV/Vigs as sosiale probleem is bespreek, veral aan die hand van relevante statistiek. Professional Family Care werk aan die hand van ’n eko-sistemiese model, d.w.s. ’n geïntegreerde benadering waarby mediese professies, maatskaplike werkers, en godsdiensleiers van al die betrokke godsdienste saamwerk. Die beginsels van hierdie benadering word uiteengesit. Nadat die godsdienstig-etiese perspektiewe van verskillende godsdienste uitgelig is, is finale gevolgtrekkings geformuleer.

Individue se etiese optrede weerspieël gewoonlik iets van die dominerende ideologiese raamwerk van die samelewing waarbinne hulle leef en bestaan. Die seksueel-etiese optrede van Simson binne sy konteks en die etiese beginsels wat daaruit afgelei kan word vir die konteks van Middelburg, Mpumalanga, wys duidelik op ’n verband tussen oortreding van die seksueel-etiese norme van die samelewing en die gevolge daarvan vir die individu asook vir die breër samelewing. Daarom is daar uit sowel Simson se positiewe as sy negatiese optrede basiese beginsels vir beraad afgelei.

**SUMMARY**

This research was encouraged by the need for Christian religious-ethical principles for counselling of HIV/Aids patients and their families within a multi-religious environment. During his lifetime the researcher was a member of Professional Family Care, a multi-religious and multi-disciplinary organization assisting HIV/Aids patients in Middelburg, Mpumalanga. The aim of the study is to highlight the sexual ethos of people from a Christian ethical perspective by means of the example of the character Samson in the book of Judges (Jd 13-16), in order to derive sexual-ethical principles for counselling. The hypothesis is *that an ethical relationship exists between the rebelliousness in Samson's life, and his sexual conduct. A similar relationship can be identified in our current society as a result of the negligence of healthy religious-ethical norms.*

A socio-rhetorical approach has been applied to explore various textures found in the Samson saga. After a discussion of Old Testament ethics as a subject, emphasis was laid on analysing the intra-textual, ideological, social and cultural, and holiness structures of the Samson saga. HIV/Aids as a social problem is discussed, primarily by means of relevant statistics. Professional Family Care implements an eco-systemic model, viz. an integrated approach involving medical professions, social workers, and religious leaders from all the religions involved. The principles of this approach are explained. After the religious-ethical perspectives of various religions have been highlighted, final conclusions are drawn.

The ethical conduct of individuals normally mirrors the dominant ideological framework of the society in which they live. The sexual-ethical conduct of Samson, within its context, and the ethical principles, which can be deduced from that for the current context of Middelburg, Mpumalanga, clearly indicate that a relationship exists between the violation of sexual-ethical norms of the society as well as the consequences thereof for individuals and the broader community. In the light thereof both the positive and negative conduct of Samson have been implemented to formulate basic principles for counselling.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1


| | | |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING …………………………………………………………………............ | 1 |
| 1.1 | PROBLEEMSTELLING ……………………………………………….…….. | 1 |
| 1.2 | DOELSTELLING ……………………………………………....................... | 2 |
| 1.3 | HIPOTESE …….……………………………………..…………………… | 2 |
| 1.4 | TERMINOLOGIE ………………………………………….......................... | 3 |
| 1.4.1 | Rebellie as vryheidstrewe ……………………………..…………………….. | 3 |
| 1.4.2 | Rebellie as sonde teen God self : ‘n Kort illustrasie uit die Simsonverhaal | 4 |
| 1.5 | NAVORSINGSMETODE ……………………….…………………….……. | 6 |


## HOOFSTUK 2


| | | |
|---|---|---|
| 2. | OU TESTAMENTIESE ETIEK …………………………………................. | 8 |
| 2.1 | KENMERKE VAN DIE OU TESTAMENTIESE-ETIEK ……................ | 8 |
| 2.2 | PROBLEME EN BAKENS BINNE DIE OU TESTAMENTIESE ETIEK …………………………………………………………………….… | 9 |
| 2.3 | GEVOLGTREKKINGS ……………………………………………..……... | 12 |


## HOOFSTUK 3


| | | |
|---|---|---|
| 3. | ‘N SOSIO-RETORIESE ONDERSOEK VAN DIE SIMSON VERHAAL ……… | 13 |
| 3.1 | INLEIDING …………………………………………………………….…..…….. | 13 |
| 3.2 | DIE INTRA-TEKSTUELE TEKSTUUR …………………..………………. …... | 13 |
| 3.2.1 | Ooreenstemmende Siklusse in Rigters 14 en 15 – 16 ……………..……… | 14 |
| 3.2.2 | Struktuursamestelling van Rigters 13 ……………………………………….. | 15 |
| 3.2.3 | Vorm en betekins in Rigters 13 ……………………………………………. | 15 |
| 3.2.4 | Aspekte van eweredigheid en balans in die Simsonsage …………………. | 16 |
| 3.2.5 | Gevolgtrekking ……………………………………………………………… | 17 |
| 3.3 | IDEOLOGIESE TEKSTUUR ………………………………………………….. | 17 |
| 3.3.1 | Die ideologie van die skrywers van die boek Rigters en van die Deuteronomistiese geskiedwerk …………………………………… | 17 |
| 3.3.2 | Die ideologie binne die Simsonverhaal ……………………………………. | 18 |
| 3.3.3 | Ideologie van die navorser ………………………………………………… | 19 |
| 3.3.4 | Gevolgtrekking ……………………………………………………………… | 19 |
| 3.4 | SOSIALE EN KULTURELE TEKSTUUR VAN DIE SIMSON SAGE … | 19 |
| 3.4.1 | Spesifieke sosiale temas (reaksies op die samelewing) ……………… | 20 |

3.4.1.1 Bekeringsreaksie …………………………………………………….. 20
3.4.1.2 Revolusionêre Reaksie ……………………………………………….. 20
3.4.1.3 Die wonderreaksie …………………………………………….…. 22
3.4.1.4 Reformeringsreaksie ………………………………………………… 23
3.4.1.5 Gevolgtrekking ……………………………………………………..... 24
3.4.2 Algemene kulturele en sosiale temas ……………………….…. 24
3.4.2.1 Eer en skande binne die kultuur ………………………………………. 26
3.4.2.2 Reinheidskodes ………………………………………………………. 28
3.4.3 Gevolgtrekking ………………………………………………………. 28
3.5 HEILIGHEIDSTEKSTUIUR ……………………………………………….. 29
3.5.1 Die Godheid ………………………………………………………….. 29
3.5.2 Verwysing n adie aksies van die Gees van Jawe ……………….….. 30
3.5.3 Dagon, die god van die Filistyne ………………………….…………… 30
3.5.4 Die Heilige persoon ……………………………………………………. 31
3.5.4.1 Monoag se vrou as ‘n heilige persoon …………………………………… 31
3.5.4.2 Monoag as ‘n heilige persoon ……………………………………………. 32
3.5.4.3 Simson as heilige persoon ………………………………………………… 33
3.5.5 Die geestelike wesens …………………… ……………………………….. 35
3.5.5.1 Die Engel as geestelike wese ……………………………………………… 36
3.5.6 Godbeheerde geskiedenis ………………………………………………… 36
3.5.7 Menslike verlossing ……………………………………………………. 37
3.5.8 Menslike toewyding …………………………….……………………….. 38
3.5.9 Etiek ………………………………………………………………………. 39
3.5.9.1 Simson se etiese lewe …………………………………………………….. 39
3.5.10 Gevolgtrekking …………………………………………………………… 41

## HOOFSTUK 4

4. MIV/VIGS AS MEDIESE EN SOSIALE PROBLEEM ..………………………. 44
4.1 INLEIDING ……………………………………………………………… 44
4.2 MIV VIGS AS MEDIESE PROBLEEM …………………………………… 44
4.2.1 Enekel statistieke ………. ……………………………………………. 45
4.2.2.1 Die Assa-Model ……………………………………………………….. 45
4.2.2.2 Sterftesyfers veroorsaak deur Vigs ……………………………...….. 45
4.2.2.3 Voorkomingstrategie …………………………………………………. 46
4.2.2.4 MIV/Vigs besmette mense en voorsiene sterftes in Mpumalanga ……. 46
4.2.2.5 Sterftesyfers vir kinders en volwassenes in Mpumalanga ………….… 47
4.2.2.6 Weeskinders onder 15 jaar Mpumalanga …………………………..… 48
4.2.2.7 Statistiek van voorspelbare sterftes …………………………………... 49
4.3 VIGS AS SOSIALE PROBLEEM ………………………….................... 50
4.4 GEVOLGTREKKING ……………………………………………………… 51

# HOOFSTUK 5


| | | |
|---|---|---|
| **5** | **'N EKOSISTEMIESE BENADERING TOT GODSDIENS EN ETIEK ….. …** | **52** |
| **5.1** | **INLEIDING ……………………………………………………………………** | **52** |
| **5.2** | **AGTERGROND VAN DIE EKOSISTEMIESE BENADERING …………** | **53** |
| **5.2.1** | **Die mens as verteenwoordiger van die ekosistemiese benadering ……** | **54** |
| **5.2.2** | **Struktuur van Persoonlikheid ……………………………………..……** | **54** |
| **5.2.2.1** | **Menslike ekosisteme ……………………..…………………………………….** | **54** |
| **5.2.2.2** | **Godsdiens …………………………………………………………….... ...** | **55** |
| **5.23** | **GEVLOGTREKKING …………… ……………………………………………** | **55** |


# HOOFSTUK 6


| | | |
|---|---|---|
| **6** | **GODSDIENSTIG-ETIESE PERSPEKTIEWE VAN VERSKILLENDE GODSDIENSTE ……………………………………………………………………** | **57** |
| **6.1** | **INLEIDING** | **57** |
| **6.2** | **'N VERGELYKING TUSSEN OOSTERSE EN WESTERSE PERSPEKTIEWE ……………………………………………………………………** | **57** |
| **6.3** | **DIE HINDOE-PERSPEKTIEF: VEDANTA ………………………………….** | **59** |
| **6.3.1** | **Agtergrond ……….... ……………………………………………………...** | **59** |
| **6.3.2** | **Die mens- en wêreldbeskouing onderliggend aan die benadering ……………………..……………………………………….** | **59** |
| **6.3.2.1** | **Die tussen die mens en Brahman …………………………………………** | **59** |
| **6.3.2.2** | **Die wet van karma……………………………………………………………** | **60** |
| **6.3.2.3** | **Optimale Funksionering ……………………………………………….** | **61** |
| **6.3.3** | **Evaluering van die benadering …….……………………………...** | **61** |
| **6.3.4** | **Seksuele etiek van Hindoeïsme ..............................................................** | **62** |
| **6.3.4.1** | **Ghandi se beskouings ……………………………………………………** | **62** |
| **6.3.4.2** | **Ghandi se benadering bekyk vanuit 'n Hindoe perspektief …………..** | **62** |
| **6.3.4.3** | **Die Hindoe vrou ……………………………………………………….** | **63** |
| **6.3.4.4** | **'n Kort onderhoud met 'n Hindoe-priester ……………………………** | **63** |
| **6.3.5** | **Gevolgtrekkings …………………………………………………………** | **64** |
| **6.4** | **DIE SIENING VAN ISLAM …………………………………………………** | **65** |
| **6.4.1** | **'n Belydenisskrif ……………………………………………………….** | **65** |
| **6.4.2** | **Etiese rituele van die Moslem ………………………………….…………** | **66** |
| **6.4.2.1** | ***Shahāda,* of getuienis …………………………………………………..** | **66** |
| **6.4.2.2** | **Salat of rituele gebed …………………………………………………..** | **66** |
| **6.4.2.3** | ***Zakāt* of die gee van aalmoese ……………………………………...** | **66** |
| **6.4.2.4** | ***Saum* of Vas ……………………………………………….……….. ** | **67** |
| **6.4.2.5** | **Hadjidj of pelgrimstog ………………………………………………** | **67** |

| | | |
|---|---|---|
| **6.4.3** | **Die rol van die huwelik en die familie in die Islamietiese gemeeensk ………………………………………………………………** | **67** |
| **6.4.4** | **Die etiek van die Moslem ………………………………………………** | **68** |
| **6.4.5** | **'n Kort onderhoud met 'n Moslem *imam* …………………………….** | **68** |
| **6.4.6** | **Gevolgtrekkings …………………………………………………………...** | **69** |
| **6.5** | **DIE SIENING VAN DIE JOODSE GELOOF ………………………………** | **70** |
| **6.5.1** | **Wat glo die Jode ? ……………………………………………………….** | **70** |
| **6.5.2** | **Joodse etiek ………………………………………………….. …………** | **70** |
| **6.5.3** | **Die mens goed en sleg …………………………………………………** | **70** |
| **6.5.4** | **Kinders …………………………………………………………………...** | **71** |
| **6.5.5** | **Huwelik …………………………………………………………………..** | **74** |
| **6.5.6** | **Sekstuele etiek in Judaïsme ..…………………………………………** | **72** |
| **6.5.6.1** | **Geslag en biologiese seks ……………………………………………..** | **72** |
| **6.5.6.2** | **Seksuele gemeenskap en begeerte ……………………………………** | **72** |
| **6.5.6.3** | **Vrugbaarheid …………………………………………………………….** | **73** |
| **6.5.6.4** | **Geslagsdele en liggaamsfunksies ……………………………………..** | **73** |
| **6.5.6.5** | **Vernietigende gebruik van seksualiteit …………………………………** | **73** |
| **6.5.6.6** | **Seksualeit in verhouding …………………………………………………** | **73** |
| **6.5.6.7** | **Dieselfde geslag seksuele verhoudings en buite-huwelikse verhoudings ………………………………………………………………….** | **73** |
| **6.5.6.8** | **Ontrouheid ………………………………………………………………..** | **74** |
| **6.5.6.9** | **Geprek met 'n Joodse rabbi ……………………………………………..** | **74** |
| **6.5.7** | **Gevolgtrekkings …………………………………………………………..** | **74** |
| **6.6** | **AFRIKA PERSPEKTIEF………..…………………………………………** | **75** |
| **6.6.1** | **Agtergrond ……………………………………………………………….** | **75** |
| **6.6.2** | **Die mens- en wêreldbeskouing ………………………………………….** | **76** |
| **6.6.3** | **Die makrokosmos ………………………………………….…………..** | **76** |
| **6.6.4** | **Die mesokosmos ………………………………………………………..** | **77** |
| **6.6.5** | **Die mikrokosmos ……………………………………………..………..** | **78** |
| **6.6.6** | **Sekstuele etiek van die Afrikaan ………………………………………..** | **80** |
| **6.6.6.1** | **Die doel van die huwelik …………………………………………………** | **80** |
| **6.6.6.2** | **Tradisionele Afrika se houding oor MIV/Vigs ………………………….** | **81** |
| **6.6.6.3** | **'n Kort dialoog met 'n tradisionele Afrika godsiensleier ………………** | **81** |
| **6.6.7** | **Gevolgtrekkings …………………………………………………………..** | **82** |
| **6.7** | **DIE SIENING VAN DIE CHRISTENDOM …………………………………** | **83** |
| **6.7.1** | **Christus as sentrale figuur ………………………………………………** | **83** |
| **6.7.2** | **Die Bybel ……………………………………….……………….......** | **84** |
| **6.7.3** | **Die Christen en etiek …………………………………………………….** | **84** |
| **6.7.4** | **Wat die Bybel sê oor seks ……………………………………………….** | **84** |
| **6.7.5** | **Gevolgtrekkings ………………………………………………………….** | **86** |

## HOOFSTUK 7

**7 GEVOLGTREKKINGS …………………………………………………………….. 87**

**7.1 Samevatting en finale gevolgtrekkings ……………………………………… 87**

**7.2 Aspekte van die navorsing wat vir beradingdoeleindes voorgestel word …………………………………………………………………………. 89**

**BRONNELYS ........................................................................................ 98**

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

MIV/Vigs (Menslike Immuniteitsgebrek Virus/Verworwe Immuniteitsgebrek-sindroom) is een van die grootste mediese en sosiale uitdagings van ons tyd, aangesien dit ’n probleem is wat regoor die wêreld ’n krisis word. Die virus en siekte versprei die vinnigste waar seks buite ’n vaste verhouding, soos byvoorbeeld die huwelik, voorkom. Dit is deel van ’n baie komplekse sosiale gedragsprobleem wat onder andere binne die veld van die seksuele etiek bestudeer kan word. Etiek is ’n vak wat die etos of etiese optrede van mense wetenskaplik bestudeer. In die Bybel vind ons dikwels vertellings oor die etiese optrede van mense en Bybelse etiek kan gesien word as ‘n wetenskap wat oor hierdie optredes handel. ’n Mens sou dan kon praat van beginsels van seksuele etiek wat uit die Bybel afgelei kan word.

Vir 23 jaar was ek ‘n pastoor van die AGS kerk. Die afgelope paar jaar het ek meer betrokke begin raak by algemene pastorale berading, deels as gevolg van ‘n mate van persoonlike gestremdheid na ‘n motor ongeluk wat my beperk het tot sekere take in die pastoraat. Ek werk die afgelope 18 maande voltyds in die veld van Christelike berading in Middelburg, Mpumalanga. Die instansie waarby ek betrokke is, staan bekend as Professional Family Care (PFC).

Tydens beradingsituasies het ek te doen gekry met veral een aspek van die mense in ons omgewing, naamlik die etiese implikasies van mense se seksuele keuses. Hierdie aspek het nie ‘n eenvoudige oplossing nie. Nie net word die sogenaamde Vigs-probleem ’n krisis as gevolg van die lewenstyl (etos) nie, maar veroorsaak dit ook skuldgevoelens wat ’n hele gemeenskap teister en wat dan gereflekteer word in stresverwante siektes soos depressie.

Die ontstaan van PFC spruit uit ’n gevoel in Middelburg dat daar, in die geval van Vigs en ander stresverwante siektes, ’n plek moet wees wat kan dien as ’n alternatief vir

hospitalisasie. Dit het gelei tot die stigting van die maatskappy wat ’n plaas gekoop het en tans ontwikkel word vir hierdie doel.

PFC is ’n instansie waarby leiers van verskillende godsdienste betrokke is en daar vind belangrike dialoog plaas tussen godsdiensleiers oor gesamentlike gemeenskaps-probleme. Berading en opleiding word verskaf om die probleem van MIV Vigs aan te spreek.

Daar is by die plaaslike hospitaal ’n werkgroep, bestaande uit medici, sielkundiges en godsdiensleiers, gestig. Die godsdiensleiers het van die begin af gevoel dat Vigs ’n sosiale probleem is wat deur die onderskeie betrokke godsdienste se etiek aangespreek kan word. Binne hierdie totale werksverband bestaan daar dus ’n groot behoefte om vanuit die verskillende godsdienste te soek na beginsels wat beraders kan gebruik om die probleme rondom die seksuele etos van mense in Middelburg aan te spreek.

## 1.2 DOELSTELLING

Hierdie studie het ten doel om binne die konteks van bognoemde probleemstelling vanuit ’n Christelike godsdienstig-etiese perspektief mense se seksuele etos en die gevolge daarvan te belig aan die hand van die karakterskets van die rigter Simson in die boek Rigters (Ri 13-16). Uiteindelik is die doel van hierdie navorsing om Bybels-etiese beginsels vir die eietydse situasie in Middelburg, waar die navorser werksaam is, af te lei met die oog op die toepassing daarvan op berading en in die praktiese lewens van mense. Hiermee word nie ontken dat daar baie ander faktore van kulturele, politieke, ekonomiese en sielkundige aard is wat ook tot die probleem bydra nie. In hierdie studie gaan dit egter oor die primêre verhouding van mense teenoor God, en die negatiewe seksueel-etiese gevolge wat ’n skeefgetrekte verhouding met God vir die samelewing kan inhou.

## 1.3 HIPOTESE

My hipotese is *dat daar ’n etiese verband bestaan tussen die rebelsheid in Simson se lewe en sy seksuele optrede. ’n Soortgelyke verband kan in ons hedendaagse samelewing geïdentifiseer word as gevolg van die verontagsaming van gesonde godsdienstig-etiese norme.*

## 1.4 TERMINOLOGIE

Die kernbegrip ‘rebelsheid’ in die hipotese kan soos volg verduidelik word - *rebellie as vryheidstrewe* en *rebellie as sonde teen God.*

### 1.4.1 Rebellie as vryheidstrewe

Gutierrez (1974:36) maak die stelling dat rebellie as vryheidstrewe drie betekenis-moontlikhede kan hê, naamlik:

(a) Vryheidstrewe is ’n uitdrukking van die aspirasies van die arm en verdrukte mense. Dit beklemtoon die konflikterende aspekte van die ekonomiese, sosiale, godsdienstige en politieke prosesse wat dit teenoor voortvarende nasies plaas. In kontras, blyk die woord ‘ontwikkeling’ as ietwat onvanpas te wees en skep ’n valse prentjie van die tragiese en konflikterende realiteit.

(b) Vryheidstrewe kan ook toegepas word op die betekenisvorming van geskiedenis. Die mens word gesien as ’n wese wat bewuste verantwoordelikheid vir sy/haar eie bestemming aanvaar. Hierdie betekenis bied ’n dinamiese konteks en verbreed die horisonne soos wat dit deur die samelewing verwag word. Hierdie aspek vereis die blootstelling van alle dimensies van menswees, ’n mens wat homself vorm regdeur sy lewe en regdeur sy geskiedenis. Die geleidelike strewe na ware vryheid lei tot die skep van ’n nuwe mens en ’n kwalitatiewe diverse samelewing.

(c) In die Bybel word Christus voorgestel as die Een wat vir ons vryheid (verlossing) bring. Christus die Verlosser bevry die mens van sonde. Sonde is die wortel van alle versteurings in vriendskappe en die oorsaak van die onregverdigheid van onderdrukking. Christus maak die mens waarlik vry. Hy stel die mens in staat om in kommunikasie te leef met Hom en dit vorm die basis van alle menslike verhoudinge.

Die twee hoof uitgangspunte van die teologie wat ontwikkel het in Afrika is *inkulturasie* en *bevryding*. Vryheidstrewe moet dus nie net binne politieke konteks gesien word nie maar ook binne kulturele verband. In die teologiese konteks van Afrika word vryheidstrewe binne vier areas uitgedruk (Martey 1993:114):

(i) Vryheidstrewe teen die onderdrukking van een nasie deur ’n ander.

(ii) Vryheidstrewe teen geslagsdiskriminasie, soos bepleit deur veral vroulike teoloë, of die onderdrukking van vroue in beide die neo-koloniale Afrika en in rassistiese Suid-Afrika.

(iii) Vryheidstrewe tussen groepe mense, soos byvoorbeeld een skool van denke teen ’n ander.

(iv) Vryheidstrewe teen kultuuronderdrukking, soos in die geval van swart Suid-Afrikaners tydens die apartheidsera.

Konkluderend wil ek die standpunt inneem dat rebellie as vryheidstrewe positief kan wees indien dit die vorm van opstand teen onregverdige sosiale strukture aanneem. So ‘n rebellie sou regverdigbaar wees. Talle sulke voorbeelde word in die politiek of werksplek aangetref. Wanneer rebellie egter voorkom as ’n opstand teen die gesag van God, sy wette, voorskrifte en bepalings, sou dit beskryf kon word as sonde teen God en daar sal dus bepaalde nagevolge wees. Sonde sonder berou en vergifnis word deur God gestraf.

### 1.4.2 Rebellie as sonde teen God self: ’n kort illustrasie uit die Simsonverhaal

Deist (1990:184) meen dat wanneer ’n mens oor die reg praat, dit om meer as net wette gaan. Die reg gaan oor norme wat ’n gemeenskap so orden dat die meeste mense maksimaal tevrede is, dat optrede voorspelbaar word en dat misbruik van mag beperk word sodat onderskeie norme mettertyd rituele word wat stabiliteit verseker. Wette is dus volgens hom die normatiewe formulering van gewoontes waarvan die oortreder deur ’n gesagsinstansie strafbaar is. Deist se gedagtes is ook op Israel se samelewing van toepassing. In die Simson-verhaal word hierdie gedagte goed uitgebeeld.

Die intrigelyn in Rigters 13-16 lê tussen twee pole. Dit begin met die stelling in Rigters 13:1 dat God kwaad is vir die mense van Israel weens hul sonde en dat Hy hulle vir veertig jaar gaan oorgee aan die mag van die Filistyne. By die ander pool beloof God dat hy ’n leier gaan stuur (Ri 13:5) wat die volk sal red uit die mag van die Filistyne (Coetzee 1996:293). Die intrige draai dan om die verwagtinge ten opsigte van Simson se rol as nasireër met die redding uit die mag van die Filistyne.

Reeds van voor sy geboorte word die boustene van die verhouding tussen Simson en sy ouers met die woorde van die Engel van God gelê (Ri 13:5,7,12). Direk na sy geboorte gee sy moeder hom ’n naam en daar word gemeld dat hy groot geword het. Van die begin af het die Here Simson as redder van Israel geseën en gelei. Simson se verhouding met die Here en met sy ouers word deur sy eie toedoen vertroebel deurdat hy Filistynse vrouens in die geheime van sy lewe inlaat. Deur nie aan die verwagtinge

te voldoen wat geskep word rondom Simson se karakter en nasireërskap nie, beweeg hy willens en wetens uit die geordende wêreld waarvan sy ouers die prototipe is na die chaotiese wêreld (Coetzee 1996:302).

Hoewel Simson rebelleer teen veral die politieke onregverdigheid van sy dag wat hoogty vier in die politieke verdrukking van sy mense deur ’n vreemde volk, naamlik die Filistyne, bevind hy homself in ’n andersoortige rebellie – ’n rebellie teen God self, asook ’n rebellie teen sy eie kultuurgebruike. Ons sien dit byvoorbeeld in sy hantering van sy nasireërskap en die godsdienstig-kulturele reëls daaraan verbonde. Hy trou ook byvoorbeeld met ’n vrou buite sy eie kultuur en stam (Ri 14:1-3) en gaan buite-egtelike verhoudings aan (Ri 16:4).

Simson se veelbesproke lewe stel die lewe van die volk in ’n ironiese lig. Hy word geroep om binne die gevestigde lewe “iets anders te wees” om sy volk te kan red en vir hulle ’n voorbeeld te kan wees. Hy verval in sonde en behandel sy nasireërgelofte so ongeërg dat dit bykans op minagting neerkom, en word dan self die prooi van rebellie. Hierdie rebellie is egter teen Jahwe en sy wette.

Met die bogenoemde in gedagte kan die gevolgtrekking gemaak word dat Simson se vrydenkende optrede eintlik as ’n tweeledige rebellie beskou kan word:

- ’n Rebellie of opstand teen die Filistyne wat gemik is teen hulle verdrukking van die Israeliete. Hy beveg hieroor die Filistyne op verskeie terreine om hierdie onbillike verdrukking reg te stel. Dit sou in ’n sekere sin ook vandag verstaanbaar wees en sou ooreenkom met Martey se eerste area van vryheidstrewe (vgl hierbo).
- Dit het egter in ’n rebellie teen God ontwikkel. Hierdie rebellie het Simson nie beplan soos die een teen die Filistyne nie, maar hy het tog in die verskuilde slaggate getrap. Hy oortree teen God en sy gebooie deur te rebelleer teen sy ouers, sosiale en kulturele gebruike, asook teen die etiese riglyne van sy tyd en dus leef hy net soos die goddelose Filistyne.

Die rebellie wat hedendaags opgemerk word is soortgelyk. Daar is ’n bepaalde drang by die meeste mense om verdrukking te stop en om ’n regverdige sisteem te beding. In die proses raak hulle egter betrokke by ‘n etos wat vreemd is aan die etiek van selfs die meeste godsdienste – ook dié van die Bybel en dus teen die hart van die Christelike etiek.

## 1.5 NAVORSINGSMETODE

Hierdie studie word aangepak deur die Simsonverhaal (Rigters 13-16) in die Ou Testament te ontleed aan die hand van die volgende aspekte van die sosio-retoriese benadering van VK Robbins (1996) soos ontwikkel in sy boek *Exploring the texture of texts. A guide to socio-rhetorical interpretations.* Die syfers in hakies verwys na die bladsye in Robbins se boek.

(a) Intratekstuele tekstuur (7-39)
(b) Sosiale en kulturele tekstuur (71-94).
(c) Ideologiese tekstuur (95-119).
(d) Heiligheidtekstuur (120-131).

Die metode vat onder andere die sosiaal-wetenskaplike kritiek, grammatikale kritiek, en teologiese kritiek saam onder een nuwe benadering (Robbins 1996:1). Robbins is van mening dat 'n analise van die sosiale en kulturele aspekte van die teks sal lei na die aard van die teks. Dit verduidelik watter sosiale en kulturele beginsels en omstandighede binne 'n spesifieke tyd gefunksioneer het.

Hierdie metode kan onder andere die volgende aspekte binne die Simsonsage help belig:

- Politieke, sosiale, kulturele, ekonomiese en godsdienstige aspekte;
- Die stryd van beide die verdrukker en die heersers (ideologie);
- Ou tradisies teenoor die nuwe tradisies;
- 'n Analise van verhoudinge tussen persone en groepe mense;
- 'n Moontlike rekonstruksie van die werklike gebeure soos beskryf in die teks;
- God se bonatuurlike ingryping in die lewens van mense, wat ook uit ons samelewing aangetoon kan word; en
- Historiese dimensies binne Bybelse konteks.

Uiteindelik is die doel van hierdie navorsing om Bybels-etiese beginsels vir die eietydse situasie in Middelburg, waar die navorser werksaam is, af te lei met die oog op die toepassing daarvan op berading en in die praktiese lewens van mense.

In die hoofstukke wat volg kom die volgende aan die orde:
Hoofstuk 2: Ou Testamentiese Etiek;
Hoofstuk 3: 'n Sosio-retoriese ondersoek van die Simson verhaal;
Hoofstuk 4: Etiese problematiek gesien uit die konteks van die Simson-sage;

Hoofstuk 5: ’n Oorsig oor die verskillende godsdienstig-etiese uitgangspunte in Middelburg, Mpumalanga;

Hoofstuk 6: ‘n Oorsig oor die HIV/Vigs-probleem;

Hoofstuk 7: Samevatting en gevolgtrekking van die studie.

# HOOFSTUK 2

## OU TESTAMENTIESE ETIEK

Voortvloeiend uit die probleemstelling en hipotese in die vorige hoofstuk is dit van pas om kortliks oor Ou Testamentiese etiek iets te sê, aangesien dit 'n kernaspek van die navorsing is.

Bosman (1983:97) is vanuit 'n Ou Testamentiese perspektief van mening dat etiese beginsels in werking tree sodra die mens die wil van God, soos Hy Homself deur die Wet, Profete en Wysheidsliteratuur openbaar, gehoorsaam.

In ons soeke na 'n Bybels-verantwoorde siening oor die etiese, moet ons na Christus se antwoord op die vraag na die grootste gebod gaan kyk, wat 'n samevatting is van die Tien Gebooie in die Ou Testament: *liefde tot God en liefde tot ons naaste*. Jesus het deur hierdie woorde geen nuwe leer met betrekking tot die Ou Testament gebring nie, maar as Vervuller van die wet na vore gekom en die sentrale tema van die ganse openbaring blootgelê, naamlik die vertikale en horisontale dimensie in elkeen se handelinge (Heyns 1982:7).

### 2.1 KENMERKE VAN DIE OU TESTAMENTIESE ETIEK

Hoewel etimologiese opmerkings oor die woord etiek en verwante woorde beperkte waarde het, behoort dit tog nagegaan te word in 'n poging om die studieveld van etiek en Ou Testamentiese etiek beter te kan verstaan. Die woord <u>etiek</u> wat deur die vroegste Grieke gebruik is vir nadenke oor die menslike wil en handelinge, teenoor nadenke oor die natuur, kan terug gelei word na die selfstandige naamwoord <u>etos</u>. Heyns (1982:43) verwys na die beliggaming of morele lewe soos dit in 'n sekere gemeenskap voorkom. <u>Etos</u> verwys na die lewenswyse van die individu en groepe waar dit deur morele reëls, norme en waardes beheer word. Dit kom dus voor asof <u>etos</u> verwys na die morele waardes en moraliteit van die mens se morele gebruike en gewoontes binne 'n groep of as individue binne 'n bepaalde historiese raamwerk (Bosman 1983:98).

Etiek is derhalwe die wetenskap van die etiese, wat prakseologie en etologie insluit. Die etiese of sedelike is dus die verskynsel wat deur die etiek op 'n wetenskaplike wyse bestudeer word (Heyns 1982:45). Dit is nie noodsaaklik om 'n wetenskaplike uitleg te gee nie, maar kan op omskrywing, verduideliking of geldigheid gegrond word (Bosman 1983:98). Etiek sal dus beide beskrywend en teenstellend te werk moet gaan. Dit is daarom normatief, maar kan sy taak slegs suksesvol uitvoer wanneer dit ook deskriptief te werk gaan en die geldigheid en betekenis van die morele verklaar (Heyns 1982:47).

## 2.2 PROBLEME EN BAKENS BINNE DIE OU TESTAMENTIESE ETIEK

Die Ou Testamentiese etiek moet binne die gegewe historiese konteks gesien word en moet 'n aanduiding wees van hoe die antieke Israelitiese etos binne die daaglikse leefwyse gefunksioneer het (Bosman 1983:99). Die studie van die Ou Testamentiese etiek het egter sy eie problematiek opgelewer. Van hierdie probleme en bakens word vervolgens bespreek om sodoende te verhoed dat 'n etikus 'n kanon binne 'n kanon uitlê.

Daar moet eerstens in ag geneem word dat die Bybel nie 'n etiese handleiding of handboek oor moraliteit is nie. Die Bybel is eerder 'n samevatting van tradisionele materiaal, wat geleidelik ontwikkel het en uiteindelik gesaghebbende stellings oor antieke Israel en die vroeë Christendom se God, die aard van hulle geloof en lewensvoorwaardes maak (Knight 1982:56).

Moraliteit en etiek, soos godsdiens en teologie, is opvallend in die literatuur, maar kan slegs ontgin word deur die morele waardes te identifiseer wat as gemeenskapsliteratuur begin het voordat dit as godsdienstige kanon normatief gemaak is. In etiek moet duidelik onderskei word tussen die taak van beskrywing en dié van die hermeneutiek. Etiek van die antieke dokumente en die persone wat dit voortgebring het, behoort dus eers beskryf en verstaan te word, alvorens die morele norme en aanwysings van die Bybel vir die hede vasgelê kan word (Knight 1982:56).

Indien ons die Bybelse voorskrifte aangaande etiek wil verstaan, is die sosio-historiese konteks ten opsigte van die morele probleme en norme van die tyd van deurslaggewende belang. Die antieke sosiale situasie het die betekenis van die literatuur van daardie tyd ten sterkste beïnvloed. Nie net moet na die Israelitiese

konteks gekyk word nie, maar ook na die morele waardes van die omliggende kulture (Knight 1982:57).

’n Wesenlike deel van die etiek is die besondere siening van morele verteenwoordiging. Die vraag wat na vore kom is of dit vir die mens moontlik is om dit te doen wat goed is en of elke persoon ten volle vir sy aksies en keuses verantwoordelik gehou behoort te word. Aansluitend hierby behels etiek ook die vraag na die gesag van instellings, familie, sleutelpersone en tradisie, en waarom sekere morele waardes beveilig is terwyl ander weer totaal vermy word.

Die fundamentele waardes, wat morele gedrag en beginsels onderlê en oor die algemeen in die Ou Testamentiese moraliteit verteenwoordig word, is ten nouste met etiek verweef. Hierdie waardes is gerig op konkrete lewenstoestande en fundeer die mens se keuses, handelinge en waardebepalinge (Knight 1982:56).

Nog ’n belangrike aspek van Ou Testamentiese etiek is dat dit deel is van die fundamentele tema van die Ou Testament. Dit word algemeen aanvaar dat die Ou Testamentiese etiek in wese die mens se onderworpenheid aan die wil van God is. Hiervolgens is die hele Ou Testament die bron van die wil van God in samehang met historiese en sosiologiese omstandighede. Dit behels dat geen volk of nasie in isolasie kan bestaan nie (Bosman 1983:101).

‘n Verdere probleem ten opsigte van die etiek is die sistematisering van etiese gegewens. Daar bestaan nie slegs een Ou Testamentiese etiek nie, omdat kulturele, politieke en sosio-ekonomiese veranderinge die etos beïnvloed en etici die etiek van die Ou Testament met vooropgestelde skemata probeer verklaar, en dikwels binne gegewe kategorieë verval. Daar bestaan dus ’n geneigdheid onder etici om materiaal in ’n vooropgestelde vorm te giet of gevolgtrekkings op te min bewyse te grond (Barton 1978:45).

Die Ou Testamentiese etiek handel dus oor die verpligting wat die Ou Testament op sekere sosiale groepe plaas, met inbegrip daarvan dat die Israeliete nomade, stadsbewoners, skaapwagters en boere was. Dit beteken dus dat daar verskillende morele kodes bestaan het wat uiteindelik die Ou Testamentiese etos gevorm het.

Die probleem rondom die sosio-historiese konteks sluit by die probleem van sosiologiese diepte aan. Die feit dat rekonstruksie van die etiek nie altyd moontlik is nie, bemoeilik die studie van sekere groepe in gegewe tydperke. Konteks is ook van deurslaggewende belang by morele probleme. Etici behoort nie net op die Israelitiese konteks te let nie, maar ook soveel inligting moontlik oor die morele waardes van omliggende kulture te versamel. Binne die Ou Testamentiese etiek bestaan baie parallelle tussen die etiek van Israel en dié van Egipte, asook ander naburige volkere, soos dit uit die Wysheidsliteratuur blyk (Barton 1978:4). Weens die omvang van hierdie studie sal daar egter nie so wyd gewerk kan word nie.

Die diversiteit van morele waardes kan ook problematies wees. Binne die sogenaamde etiek van die Ou Testament word heelwat variasies gevind en die samestelling van die gemeenskap van antieke Israel was ook uiteenlopend. Een van die hoofkomponente binne die historiese konteks was die veeboere wat die land binnegekom het en wat met die nasionale gemeenskap geïntegreer het. As die stedelinge met die landbouers of veeboere vergelyk word, val die afsonderlike lewenstyl, geskiedkundige oorsprong en tradisie op. Die Ou Testamentiese etiek is daarom nie homogeen en konsekwent nie, veral as daar in gedagte gehou word dat dit ’n tydperk van ten minste meer as ’n duisend jaar dek. Die diversiteit van ons huidige samelewing sluit verskeie kulture en godsdienstige sieninge in, wat net so problematies kan wees soos dié van antieke Israel.

Voorts bestaan daar ’n geneigdheid om sekere groepe se rasionele denke te beklemtoon en spesifieke groepe van sekere tye tot ’n norm te verhef. Gehoorsaamheid aan die wil van God as die Wetgewer, is die tema van die Ou Testamentiese etiek. Nietemin blyk dit deur die hele Ou Testament, spesifiek uit die Profete en Wysheidsliteratuur, dat verskillende manifestasies bestaan. Sekere etici konformeer die normatiewe van die Ou Testament tot een stel morele beginsels wat dus ’n oorbeklemtoning van een sosiale groep inhou (Barton 1978:56-61).

In die Ou Testamentiese literatuur val die Pentateug op – daardie basis vir die Israelitiese verhouding met God binne die verbond. Die Profete fundeer hulle beroep op die regte gedrag ten opsigte van God se eis vir geregtigheid, en handhaaf God se vasberadenheid om ongeregtigheid te straf. Die Wysheidsliteratuur, wat grootliks gemoeid is met die vraagstukke van regte gedrag, beklemtoon nie die basis van

moraliteit nie, maar eerder dat die verhouding met God primêr is en dat wysheid, wat in regte gedrag manifesteer, daaruit voortspruit (Childress & Macquirrie 1967:434).

## 2.3 GEVOLGTREKKINGS

Vir die navorsing wat hier volg is dit dus belangrik om die volgende gevolgtrekkings uit die bogenoemde bespreking te maak. Die spesifieke historiese eise en sosiale moontlikhede van ons eie tyd sal die manier waarop waardes oorgedra word beïnvloed, byvoorbeeld in strydpunte soos vroueregte, seksuele voorkeure en sosiale geregtigheid. In die etiek gaan dit daaroor om met diepe respek aan God, die Bybelse waardes na te streef, eerder as om die Bybelse modes te volg (Maarschalk 1996:9). Collins (1991:27) maak die volgende eenvoudige, maar duidelike stelling ten opsigte van etiek: "I believe that God does reveal to us what He expects us to do, and that what He expects us to do is the sort of thing that people must do if they are going to live as human beings." Dwarsdeur die eeue van menslike bestaan is daar dus uiteindelik 'n eenheid wat Bybelse etiek karakteriseer sodat ons lewens en ons lewenswyse die Bybelse waardes van "human beings" kan weerspieël. God het aan ons geopenbaar wat Hy van ons verwag.

In die volgende hoofstuk gaan gekyk word na die Simsonverhaal. Simson word aan ons voorgehou as iemand wat oneties geleef het en uiteindelik met sy lewe moes boet. Daar moet egter versigtig tewerk gegaan word sodat dit nie Westerse etiese waardes is wat in die Simsonverhaal ingelees word nie. Daarom is dit van groot belang om die Simsonverhaal teen sy eie sosio-kulturele agtergrond te beskou, en die teks verskillende teksture in hierdie verband te ontleed.

# HOOFSTUK 3

## ’N SOSIO-RETORIESE ONDERSOEK VAN DIE SIMSON-VERHAAL

### 3.1. INLEIDING

Met die oog op ‘n Bybelse fundering van etiese beginsels wat gebruik kan word om die etiese problematiek wat ons in Middelburg ervaar aan te spreek, word die Simson-verhaal vervolgens binne sy konteks ondersoek.

In die breër konteks maak die Rigterboek deel uit van die Deuteronomistiese Geskiedwerk. Onder 3.3.1 hier onder word die perspektief van die skrywer(s) van die boek Rigters asook die finale samestellers en skrywers van die Deuteronomistiese Geskiedwerk kortliks belig.

Soos in hoofstuk 1 vermeld, word die sosio-retoriese benadering van Robbins gebruik om die volgende teksture (samestellende elemente) in die Simsonverhaal te ondersoek: die intra-tekstuele tekstuur, die ideologiese tekstuur, die sosiale- en kulturele tekstuur en die heiligheidstekstuur.

### 3.2. DIE INTRA-TEKSTUELE TEKSTUUR

Die intra-tekstuele ondersoek handel oor presies wat daar in die teks staan en hoe dit vir ons aangebied word. Intra = binne die teks self. Die intra-tekstuele ondersoek is die basiese ondersoek van die teks wat help om basiese gegewens uit die teks te kry.

Die Rigterboek bestaan volgens Deist (1989:58) uit drie dele. Ons sou ook kon praat van die makrostruktuur van die boek as geheel:

- Die toets aankondiging, wat bestaan uit hoofstukke 1:1-3:4
- Aflegging van die toets, hoofstukke 3:5-16:31
- Die toets word gefaal, hoofstukke 17:1-21:25.

Die Simsonsage (13-16) sorteer volgens hierdie indeling dan onder die aflegging van die toets. Dit handel dus oor die praktiese verloop van gebeure in die geskiedenis van die ‘volk’ Israel wat op daardie stadium nog nie ’n hegte volkseenheid gevorm het nie, maar wat nog uit ’n losser struktuur van stamme bestaan het. Die individuele

rigterverhale wil die praktiese lewensomstandighede en optrede van Israel gedurende die tydperk tussen ±1200-1000 v.C. eksemplaries aan die leser voorhou. So het mense gedurende daardie tyd opgetree met sekere gevolge daaraan verbonde.


### 3.2.1 Ooreenstemmende siklusse in Rigters 14 en 15-16

Exum (1983) is van mening dat Rigters 14 en 16 tematiese parallel is. Dit vertel, anders as Rigter 13 wat oor die geboorteverhaal gaan, van dieselfde siklusse van gebeure. In beide hoofstukke is die siklusse dan waar Simson ’n vrou sien, en rondom die geheim van sy krag begin vertel. Een keer vind dit direk plaas (Ri 16:4-22) en ’n ander keer indirek in Rigters 14:15 tot 15:13. Beide hierdie siklusse sentreer rondom gebed en goddelike antwoord, terwyl die plek waar die gebed beantwoord word aan die einde beklemtoon word. In beide gevalle is Simson afhanklik van Jahwe wat beskik oor die mag van lewe en dood.

Op die volgende bladsy word die struktuursamestelling van Rigters 13 aangetoon soos deur Exum uiteengesit.

### 3.2.2 Struktuursamestelling van Rigters 13

Die volgende diagram verwys na die hoogtepunt van die hoofstuk.




(Exum 1980:45)

Die fokus in Rigters 13 is op Simson se ouers en in die besonder op die Engel wat die nuus oor sy geboorte aankondig. In al drie die seksies is die Engel die hoofkarakter. Die eerste seksie handel oor sy verskyning en aankondiging, die tweede oor sy identiteit en die woord wat hy gebring het, die derde oor die openbaring van sy identiteit aan Manoag en sy vrou. Menslike karakters deel die toneel. In seksie 1 is die vrou die belangrikste karakter, aangesien sy direk met die Engel kontak het. Manoag is teenwoordig in die seksie as die een wat gebeure ervaar wat verwant is aan die vrou se ervarings. In seksie 2 gaan Manoag in gesprek met die Engel waarin die vrou nie deel nie. Die vrou en haar man neem ewe veel deel aan die gebeure wat lei tot die einde van die goddelike boodskap in die derde seksies (verse 19-23). Die besondere manier

waarop die fokus skuif van die vrou na haar man en terug na die vrou bevestig die belangrike rol van die vrou. Wanneer die ouers saam met hoofrolspelers is, is ons gereed vir die geboorte van die kind, Simson, wie die fokus van die hele verhaal is.

### 3.2.3 Vorm en betekenis in Rigters 13

Die geboorte-aankondiging in Rigters13 bevat vyf karakters: Manoag, die vrou, die Engel van die Here, die kind wat gebore moet word en Jahwe. Van hierdie is die vrou, Manoag en die Engel die hoofkarakters, terwyl die kind die gebeurtenis van die storie is en Jahwe die krag agter die gebeure. Terwyl die Engel die middelpunt van die gebeure in al drie seksies is, verskuif die fokus tussen die vrou en haar man volgens ‘n interessante patroon. In die geheel gesien lyk dit asof die struktuur van Rigters 13 wil sê dat Manoag die sentrale figuur is (seksie 2). En tog word die aandag weg van hom af verskuif, eerstens na die vrou (die eerste en tweede vrae en antwoorde) en dan na Jahwe (die derde en vierde vrae en antwoorde). Dit is nie slegs in die argumente van die hoofstuk nie, maar reeds in die struktuur van die eerste seksie, wat Manoag die tweede rol naas sy vrou vertolk. Inteendeel, seksie 1 bied vir ons die struktuur van die hele gebeure in ’n miniatuur vorm. Ook hier is Manoag, in die middel, C, besig om te bid om ook ingesluit te wees by die gesprek met die man (Engel), en ook om instruksies oor die seun te leer, terwyl die klem duidelik op die vrou val.

Vorm en betekenis werk saam om nadruk te lê op die rol van die vrou in die geboorte-aankondiging, nie net om haar die ontvanger van die mees volledige informasie omtrent die kind se toekoms te maak nie, maar ook om aandag op haar te laat val in die seksies wat haar man na vore laat tree.

Aan die einde van Rigters 13, val die klem op Simson wat die gawe ontvang en Jahwe wat dit gee (Exum 1980:58-59).Die hoofgedagte in dié deel van Rigters handel oor die rol van die vrou in die geboorte-aankondiging.

### 3.2.4 Aspekte van eweredigheid en balans in die Simsonsage

Verskeie geleerdes het die ooreenkomste in Rigters 14 tot 16 tussen die storie van Simson en die vrou van Timna, asook die van Simson en Delila opgemerk. Temataties is dit wat in Rigters 16 gebeur ’n herhaling van wat in 14 tot 15 gebeur. Daar is dus ooreenkomste tussen Simson se verbintenisse met en optrede teenoor die vrouens in sy lewe. Rigters 14:1 verhaal dat hy op ‘n keer na Timna toe is en daar het hy ‘n vrou

gesien. Rigters 16:1 vertel weer Simson was op ‘n keer na Gasa toe, daar het hy ‘n prostituut gesien. Herharling van die sleutelwoord “vertel” in Rigters 14, 15, en 16, impliseer dat die motief om te vertel en om nie te vertel nie sentraal in die sage staan. Verder in beide gevalle waar vroue by hom kom neul oor sy geheim, word daar ook van ‘n derde party gebruik gemaak om Simson in te wag. In twee gevalle word hy vasgebind om sy hande.

### 3.2.5 Gevolgtrekking

Uit die ondersoek na die intra-tekstuele tekstuur van die Simsonsage blyk dus dat hierdie verhaaltjie die toetsaflegging (3:5-16:31) van die stamme van Israel afsluit. Maar dis ook duidelik dat dit die oorgang vorm na die gedeelte van die boek wat handel oor die toets wat gefaal word (17:1-21:25). Simson se persoonlike omgang met Filistynse vroue, wat met mekaar geparallelliseer word, is baie prominent in die verhaal. Hy trou met ’n Filistynse vrou, hy besoek ’n prostituut, en hy raak verlief op Delila. Daarteenoor word sy verbintenis met sy eie moeder, wie se naam nie in deur die verteller gemeld word nie, gekontrasteer met sy verbintenisse met die drie Filistynse vroue. Hierdie kontras begin al waar sy ouers teensinnig is om vir hom ’n Filistynse vrou te onderhandel (Ri 14:3).

Vervolgens gaan die ideologiese tekstuur van die Simsonsage verken word.

## 3.3 IDEOLOGIESE TEKSTUUR

Volgens Robbins (1996:95) is mense die primêre onderwerp van ideologiese analise en interpretasie. ‘n Spesiale karaktertrek van ideologiese analise is dat dit fokus op die verhouding van individuele mense en groepe mense. Verder gaan dit oor wat die teks sê van die ideologie van die skrywer(s). Ook die leser se eie ideologiese uitgangspunte is hier ter sprake.

### 3.3.1 Die ideologie van die skrywers van die boek Rigters en van die Deuteronomistiese Geskiedwerk.

Omdat die koningskap nog nie in Israel gevestig was nie en die stammestelsel die boustene van die volk uitgemaak het, het elkeen gedoen wat goed was in sy eie oë. Soos by die ander rigters, het ook Simson se optrede as rigter nie die eenheid en korrektheid van die godsdiens van Israel gewaarborg nie, wat daarop dui dat daar behoefte aan ’n koningsfiguur was (Deist *et al* 1989:72). Die finale perspektief van die samestellers van

die Deuteronomistiese Geskiedwerk (Deuteronomium, Josua, Rigters, Samuel, Konings) waarvan die boek Rigters deel uitmaak, en wat eers tydens die ballingskap gefinaliseer is, kom daarop neer dat ook Simson se optrede, soos die optrede van die ander rigters en van die volk in daardie tyd, eksemplaries aan die leser voorgehou word sodat Israel sal begryp waarom hulle in ballingskap moes gaan, maar dat God se volgehoue bemoeienis met sy volk tog vir die volk in ballingskap moed moes laat skep. Die boek Rigters dien as bewys daarvan dat die mense binne die teokratiese bestel van die tyd ‘n behoefte aan ‘n regverdige koning gehad het. Sonder ‘n koning wat onder die toesig van Jahwe regeer het was daar net verwarring.

In die Deuternomistiese Geskiedenis as geheel word God geskets as een God en as die enigste God. Hy word ook geskets as die God wat jaloers is op sy eiendom, nl. Israel. Soos konings met ondergeskikte volkere verdrae aangegaan het, so het God ‘n verbond met sy volk aangegaan. Hy het hulle verlos en versorg en daarom verwag hy bepaalde dinge van hulle. Indien hulle hul deel nakom, sal Hy hulle seën, so nie sal Hy hulle straf. Omdat God se dade konkrete dinge in die geskiedenis van elke dag is, verwag Hy ook om hulle teenprestasies in die konkrete dinge van die totale lewe te sien.

### 3.3.2 Die ideologie binne die Simsonverhaal

Uiteraard hou die ideologie soos weerspieël binne die Simsonverhaal direk verband met die denkrigting van die verteller/redaktor. Ons sou kon sê dat fyner nuanses van die verteller se ideologiese denke uitgelig en versterk word deur Simson se ongehoorsaamheid aan die etiese kodes van sy nasireërskap, en sodoende aan God. Sy ontrouheid aan sy eie kultuur en volk deur met Filistynse meisies te meng, sy seksuele losbandigheid toe hy by ’n prostituut ingegaan het, sy deurgaanse eiegeregtigheid in sy optrede om sy eer te behou, sy onafhanklikheid van God (van sy kant af gesien), behalwe by twee geleenthede wat hy genoodsaak was om tot God te bid, dit alles lig vir ons iets uit van die verteller se onderliggende probleem met die volk Israel waarvan Simson eksemplaries voorgehou word aan die leser. In Simson as persoon en as rigter kulmineer al die slegte van die rigtertydperk eksemplaries. Binne die breër konteks is daar dus inderdaad ’n nuwe bedeling nodig vir die volk. Hierdie heersende klimaat van “elkeen het gedoen wat goed is in sy eie oë” het net die negatiewe ingehou vir die volk. Al het God deur sy Gees mense soos Simson gebruik om sy volk se geskiedenis te rig, was die volk nou ryp vir ’n nuwe ideologie, naamlik dié van koningskap.

### 3.3.3 Ideologie van die navorser

Van jongs af het ek ’n roeping in my lewe ervaar en wou ook graag weet wat die verskil tussen Christene en ander godsdienste in ons land is. Verder het ek ook altyd en nog steeds ‘n wye belangstelling gedeel oor ander kulture en sosiale gemeenskappe in die omgewing waar ek as pastoor gewerk het. Ek self is ’n Christen wat die lewe vanuit ’n Christelike perspektief sien.

Die afgelope 20 jaar is ek pastoor in die AGS-kerk, maar het as gevolg van my eie mate van gestremdheid na ‘Israel motorongeluk, die afgelope tyd meer betrokke geraak by algemene pastorale berading. Dit is ook my strewe om godsdiensleiers en uiteindelik gemeenskappe te laat saamwerk oor sake soos seksuele etiek, waaroor ons saamstem. Verder is dit ‘Israel geleentheid om brue te bou tussen arm en ryk mense. Ek sien die Bybel as die Woord van God waaruit die gelowige God se wil vir elke tyd kan aflei. Uit die aard van die saak kan daar nie direkte afleidings gemaak word nie, aangesien die kulture van destyds en vandag so ver uitmekaar staan. Sekere basiese beginsels kan egter uit die Bybel afgelei word wat ons vandag kan toepas in ons lewens en ook kan gebruik binne beradingsituasies.

### 3.3.4 Gevolgtrekking

Die ondersoek van die ideologiese tekstuur toon vir ons aan dat individue se optrede hulle ideologiese denke weerspieël. Hulle ideologiese denke is gekoppel aan dié van die gemeenskap waarbinne hulle lewe op ’n spesifieke tydstip in die geskiedenis. Hulle optrede en ideologiese denke weerspieël dus gewoonlik iets van die algemene dominerende denke en optrede van die samelewing. Wanneer hierdie dominerende ideologiese denke en optrede verwronge raak, soos in die geval van Israel, dan is daar dikwels mense wat sterk reageer en kommentaar daarop lewer. In die volgende afdeling word daar gekyk na die soort van sosiale en kulturele reaksies op die dominante ideologie wat in die teks van die Simsonverhaal weerspieël word.

## 3.4 SOSIALE EN KULTURELE TEKSTUUR VAN DIE SIMSON-SAGE

Volgens Robbins (1996:71) gaan dit hier oor die vraag: watter soort sosiale en kulturele persone vind ons in die “wêreld” van die teks voor ons? Religieuse tekste bevat sekere maniere van praat oor die wêreld omdat verskillende religieuse groepe verskillend reageer teenoor die wêreld waarin hulle leef (Robbins 1996:72). Die tipe reaksies wat mense gehad het oor hulle wêreld binne die Simson-verhaal word nou bespreek deur die

verskillende spesifieke sosiale reaksies en algemene sosiale en kulturele onderwerpe, asook die finale kulturele kategorieë in die verhaal te bepaal aan die hand van Robbins se metode.

### 3.4.1 Spesifieke sosiale temas (reaksies op die samelewing)

#### 3.4.1.1 Bekeringsreaksie

In breër verband sou mens kon sê dat die verteller/samesteller van die groter verhaal van die Deuteronomistiese Geskiedwerk ’n ‘konversionis’ was. Hy/hulle wou die korrupte wêreld van Israel verander hê deur hulle te laat besef waarom hulle in ballingskap moes gaan. Hy/hulle hou Israel se geskiedenis en optrede aan hulle voor sodat hulle self tot inkeer sal kom en ’n positiewe terugkeer na die Here toe sal maak. Binne die Simsonverhaal self figureer hierdie spesifieke sosiale reaksie egter nie eksplisiet met betrekking tot die individuele karakters in die verhaal nie. Daar sou wel gesê kon word dat die verteller implisiet die bedoeling het dat Simson hom van sy wandade moet bekeer, maar dit word nêrens direk gesê nie. Simson en sy optrede word wel aan die leser voorgehou as iemand wat sy eie koers inslaan en nie ag slaan op die feit dat hy as nasireër ’n verantwoordelikheid teenoor God het nie. Die katastrofiese gevolge van hierdie houding word dus aan die leser voorgehou om iets van die Israelitiese samelewing uit te beeld waarvan die ‘volk’ hom moet distansieer en bekeer. Die Simsonverhaal vorm die hoogtepunt in die oploop van die individuele rigterverhale om te illustreer dat die volk al hoe meer ongehoorsaam geword het onder die leiding van die rigters.

Binne die konteks van beraad in ’n hedendaagse gemeente sou hierdie reaksie moontlik ’n bepaalde doel kon dien om die kliënt tot nuwe insigte te bring. Die persoon se lewenswyse en optrede moet aan hom/haar voorgehou word sodat daar in die persoon self ‘n verandering (bekering) kan plaasvind.

#### 3.4.1.2 Revolusionêre Reaksie

Volgens Robbins (1996:72-72) behels hierdie spesifieke sosiale reaksie dat dit slegs deur die vernietiging van die wêreld en die sosiale orde is wat mense gered kan word. Hierdie sosiale reaksie gaan van die standpunt af uit dat dit bonatuurlike magte is wat hierdie vernietiging uitvoer, en dat waar mense betrokke is, hulle hulself net geroepe voel om hierdie bonatuurlike magte te help of om in hulle diens te staan. Dit is duidelik dat Simson as hoofkarakter van die verhaal hier inpas, en dat dit die Gees van die Here

is wat hom hiertoe in staat stel om die volk Israel van die juk van die Filistyne te bevry. Rigters 14:6 verwys daarna dat die Gees van die Here vir Simson sterk gemaak het om die Israeliete van die mag van die Filistyne te red. Die mag van die Filistyne oor die Israeliete is nie net militêr en polities van aard nie, maar ook eties. Hiervan is Simson se afwyking van sy volkseie gebruike en sy kontak met heidense vroue baie sterk voorbeelde.

Voorbeelde van Simson se revolusionêre optrede is die volgende: Simson het ‘n leeu kaalhand uitmekaar geskeur asof dit ‘n bokkie was en het dertig man doodgeslaan (Ri 14:19). Hy het ‘n ramp oor die Filistyne gebring toe hy driehonderd jakkalse gevang het en hulle sterte twee-twee aan mekaar vasgemaak het. Tussen die twee sterte het hy ‘n fakkel vasgemaak en so die graanlande van die Filistyne aan die brand gesteek, asook hulle wingerde en olyfboorde (Ri 15:3-5). Simson het gesê, as die Filistyne nie sou ophou nie, hy hom verder sou wreek. Hy het hulle later verwoed aangeval en ‘n groot slagting aangerig (Ri 15:8). Later kry Simson toe ‘n vars kakebeen van ‘n donkie en slaan ‘n duisend Filistyne daarmee dood (Ri 15:15). By geleentheid het hy die stadspoort se deure met hulle kosyne en al uitgeruk en daarna op sy skouer teen die berg opgedra (Ri 16:3). “Simson het die twee middelpilare waarop die tempel rus, vasgevat en teen hulle geleun, met sy regterarm om die een en sy linkerarm om die ander .... Hy het met al sy krag getrek, en die tempel het ingeval op die leiers van die Filistyne en op die mense daarin. So het Simson met sy dood meer mense doodgemaak as in sy lewe” (Ri 16:29-30).

Simson tree eintlik hier as gesant van die Here op. Aan die begin lyk dit egter nie of hy dit self in gedagte hou nie, maar in Rigters 15:18 erken hy vir die eerste keer dat dit die Here is wat vir hom daartoe in staat gestel het. Uit Simson se hele optrede blyk dit dat hy op sy eie kragte staatmaak (kyk net hoe roem hy in homself in Rigters 15:16, en hoe baklei hy met die Here in Rigters 15:18). Die verteller van die verhaal sê kort-kort dat die Gees van die Here vir Simson sterk gemaak het (Ri 14:6, 19; Ri 15:14) en uiteindelik dat die Here hom verlaat het (Ri 16:20) sonder dat hy dit besef het. Die verteller sê dit egter as kommentaar om die bron van Simson se brutale en vernietigende krag aan die leser voor te hou en nie as iets wat Simson self erken nie. Eers in Rigters 16:28 roep Simson tot die Here om vir hom krag te gee om die tempel en die mense daarin te vernietig.

Die verteller laat Simson dus duidelik as ’n revolusionis (in Robbins se terme) hier in die verhaal optree. Sy reaksie op die wêreld en die sosiale probleem van onderdrukking deur die Filistyne is dus revolusionêr van aard, terwyl hy as instrument van die God van Israel optree. Uit Simson se optrede dwarsdeur die verhaal blyk dat hy as revolusionis baie onafhanklik optree, maar net wanneer hy hom werklik vasloop in kulturele strukture (Ri 14:1-5a) soek hy die hulp van sy ouers, en wanneer hy aan die einde van sy fisiese vermoë kom, soek hy die hulp van God (Ri 15:18; 16:28).

#### 3.4.1.3 Die wonderreaksie

Die wonder-reaksie fokus op die individu se bekommernis oor verligting van spesifieke persoonlike probleme deur spesiale ingrypings van buite/bo. Die versoek vir bonatuurlike hulp is persoonlik en lokaal, en die uitvoering daarvan is misterieus. Voorbeelde van verlossing sluit in genesing, bevryding van hartseer, herstel na verlies, herversekering, die vooruitsien en vermyding van katastrofes, en die versekering van die ewige lewe (Robbins, 1996:73).

Weer eens is dit slegs Simson wat as karakter iets van hierdie sosiale reaksie reflekteer. Dit geskied egter net wanneer hy in persoonlike nood verkeer en nie tydens sy brutale optrede nie. Net nadat hy die duisend Filistyne met die kakebeen van ’n donkie doodgemaak het, was hy baie dors en toe roep hy die Here aan om hulp (Ri 15:18). Met ’n etiologiese vertelling wat verklaar waar die naam van die Roepersfontein vandaan kom, beskryf die verteller hoe ’n wonder gebeur toe God die holte by Legi oopbreek sodat daar water uitkom sodat Simson sy dors kan les.

Dis die eerste keer wat Simson die Here aanroep om hulp terwyl hy in nood is. Die tweede geleentheid is waar hy die Here vra om krag sodat hy die Dagontempel in duie kan laat stort (Ri 16:28). In beide hierdie gevalle is dit duidelik dat dit om Simson se persoonlike nood handel wat op wonderbaarlike wyses opgelos word. Dit reflekteer iets van die teologiese denke van die Israeliete van daardie tyd. Wanneer dit met hulle goed gegaan het, het hulle afgedwaal en hulle eie kop gevolg. Maar sodra hulle begin swaar kry het onder die druk van een of ander vyand, dan roep hulle die Here aan om hulp. Hierdie ‘ritme’ word in die boek Rigters pragtig geïllustreer. Die verteller(s) wil dus iets van hierdie wonderreaksie in Simson se optrede na vore bring om aan te dui dat Israel hierdie geloofsgolf gery het. Dit beeld dan ook Simson en Israel se egosentriese denke uit.

Binne die hedendaagse konteks sou iemand op hierdie wyse reageer indien hy/sy in nood van watter aard ookal is, met die verwagting dat God onmiddellik sy/haar situasie moet verlig deur ’n wondergenesing of een of ander wonderbare ingryping in die situasie.

#### 3.4.1.4 Reformeringsreaksie

Volgens hierdie reaksie word die wêreld gesien as korrup, omdat die sosiale strukture korrup is. Indien die strukture sou kon verander word, sodat die gedrag van mense verander kon word, sou verlossing bewerkstellig kon word. Die kwaad in die samelewing kan dus aangespreek word deur bonatuurlike insigte oor hoe die sosiale strukture behoort verander te word. Hierdie veranderings word geopenbaar aan mense wie se harte en gedagtes ontvanklik is vir bonatuurlike invloed (Robbins 1996:73).

Op vier plekke in die boek Rigters word daar vermeld dat daar in daardie dae nog nie ’n koning in Israel was nie en dat elkeen gedoen het soos wat hy self goed gedink het (Ri 17:6; 18:1; 19:1; 21:25). Dit is duidelik dat die samestellers van die boek en van die Deuteronomistiese Geskiedwerk hier ’n nuwe sosiaal-politieke struktuur vir die volk Israel in gedagte het en dat dit deur God se toedoen bewerkstellig word (vgl die werking van God se Gees). Die bedoeling is dat, indien daar ’n koningskap in Israel bestaan het, dit nie moreel en godsdienstig so sleg sou gegaan het met die volk nie. ’n Koninkryk word dus as ’n beter struktuur voorgestel as die bestaande losse stammestruktuur.

Hierdie siening van die vertellers sluit dan ook aan by 1 Samuel 8:3-22 waar die oudstes van die volk Samuel versoek om vir hulle ’n koning aan te stel om oor hulle te regeer. Weens die sondige neigings van Samuel se seuns en omdat ander naburige lande konings gehad het, wou die volk Israel ook nou ’n koning hê. Die vertellers sien koningskap egter in ’n positiewe lig en nie in ’n negatiewe lig soos in laasgenoemde perikoop nie. In Deuteronomium 17:14-20 word ’n baie positiewer beeld van die toekomstige koning en koningskap geskets, wat duidelik die siening van die finale samesteller van die boek Rigters en die Deuteronomistiese Geskiedwerk weerspieël. Die koning is dus iemand wat deur God aangestel moet word, en nie ’n selfaangestelde koning soos Abimelek (Ri 9) nie. Vir die verteller van die Rigterverhale sal die omskakeling na so ’n sosiaal-politieke struktuur die sonde van die volk hokslaan. Die Simsonverhaal vorm dan so die hoogtepunt van korrupsie van die volk se rigters.

Simson faal nie net op godsdienstige gebied as persoon nie, maar ook op seksueel-etiese gebied, waarskynlik veral omdat hy sy kulturele grense oorskry deur met Filistynse vroue deurmekaar te raak.

#### 3.4.1.5 Gevogtrekking

In die hedendaagse konteks weerspieël die siening van diegene wat die nuwe dispensasie in Suid-Afrika verwelkom hierdie reformeringsreaksie. Die sosiale strukture van die ou bedeling en die optrede van mense wat hierdie strukture in stand gehou het, is nie-revolusionêr tydens ’n volkstemming verander. Baie mense in Suid-Afrika glo dat hierdie verandering sy wortels in die Bevrydingsteologie het en dat dit dus God se wil is wat gebeur het en wat aan mense geopenbaar is. Alhoewel Simson die Israeliete van die Filistyne bevry het, het die eintlik sondige bestaan van die volk nie verdwyn nie. Die daaropvolgende hoofstukke van die Rigterboek handel reeds oor die feit dat Israel heeltemal gefaal het. Die verskriklike dade van afgodery en seksueel-etiese verval, word in Rigters 17-21 baie eksplisiet as die afsluiting van die boek Rigters gebruik.

Die huidige pogings van die Professional Family Care in Middelburg, Mpumalange, kan ook vanuit hierdie perspektief beskou word. Dit is waarom die betrokke geestelike leiers almal soek na basiese etiese waardes vanuit die Bybel en geestelike geskrifte van ander godsdienste, om sodoende, onder God se leiding, ’n nuwe dispensasie in die lewens van mense te laat intree.

### 3.4.2 Algemene kulturele en sosiale temas

Hierdie aspek van die ondersoek handel oor sosiale en kulturele waardes, patrone of kodes van die samelewing (Robbins, 1990:75-86) waaruit die teks van die boek Rigters ontstaan het. Elke samelewing het besondere waardes en ons kan nie ons eie kulturele waardes van ons Suid-Afrikaanse samelewing(s) van vandag direk oordra op die Bybel of andersom nie. Die Mediterreense samelewing van die Bybelse tye was groep-georiënteerd met waardes wat eer/skande weerspieël. Ons hedendaagse samelewing is baie meer individualisties van aard.

#### 3.4.2.1 Eer en skande binne die kultuur

Eer is die sosiale maatstaf wat ‘n persoon in staat stel om op spesifieke wyses, volgens die voorgeskrewe kulturele kodes van die gemeenskap, op te tree teenoor gelyke, meerdere en onderdanige persone. Toegekende eer is iets wat passief ontvang is tydens

geboorte, met familieverbintenisse, of as iets wat aan jou toegeken is deur ’n persoon met aansien. Selfverkreë eer, is eer wat verkry word deur andere in die sosiale lewe uit te daag of te reageer op uitdagings (Robbins 1996:76).

*Eer* hou vir die Bybelse mens verband met ’n mens of ’n groep se gevoel van eie waarde en die openbare, sosiale erkenning van daardie waarde (Malina 1993:50). Beide die man en die vrou kan dus deel in hierdie tipe eer. Binne hierdie konteks is daar ook sprake van “positiewe skande” of oneer, dit wil sê, ’n sensitiwiteit oor jou eie reputasie, ’n sensitiwiteit vir ander mense se opinie van jou (Malina 1993:50).

Manlike eer word in die testikels versimboliseer, en dit behels tipiese manlike optrede: manlikheid, waagmoed, dit wil sê die gewilligheid om ander mans uit te daag deur hulle vrouens of op ander maniere, outoriteit, verdediging van die familie se eer, behoefte aan prestige en sosiale voortreflikheid (Malina 1993:51). Selfs verkragting was nie slegs ’n seksuele daad nie, maar was ’n politieke uitdaging tot die vader van die huishouding (Matthews & Benjamin 1993:178). Die man se eer hou ook verband met die seksuele reinheid van sy moeder, vrou, dogters en susters wat hy moet beskerm, maar nie met sy eie seksuele reinheid nie. Die man se manlikheid word betwyfel indien hy seksueel rein sou wees (Malina 1993:49).

Vroulike skande of oneer word deur die maagdevlies versimboliseer. Dit behels gevoelens van sensitiwiteit (wat as positiewe oneer gesien is) om naaktheid te ontbloot, skaamheid, bloos, weerhouding, seksuele eksklusiwiteit. Dit is alles etiese positiewe optrede, positiewe “skande” of oneer vir die vrou en dit maak haar eerbaar (Malina 1993:51). Vrouens is egter nie in staat om hul eie seksualiteit te beskerm nie, daarom moet die dominante man in hul lewe, dikwels die vader, hulle beskerm (Domeris 1995:89). Die maagdelikheid van ’n ongetroude vrou het gedui op die politieke integriteit van die huishouding van haar vader (Matthews & Benjamin 1993:178).

Mense word onteer wanneer hulle aspireer vir ’n sekere status en hierdie status word deur die openbare mening afgewys. Sekere persone of groepe soos prostitute (veral as ’n groep) is onherstelbaar in skande. Sulke mense respekteer geen grense van eksklusiwiteit nie en is dus ’n simbool van chaos (Malina 1993:53).

Seksuele aktiwiteite in die wêreld van die Bybel was eerder ’n uitdrukking van politieke mag van ’n huishouding as wat dit om persoonlike verhoudings gegaan het (Matthews & Benjamin 1993:176). Persoonlike seksuele of romantiese verhoudings het ’n sekondêre rol gespeel (Matthews & Benjamin 1993:13).

Uit die Simson-verhaal blyk dit duidelik dat hy die grootste deel van sy eer al reeds voor sy geboorte ontvang het (toegekende eer). Hy het egter baie selfverkreë eer verdien uit die sosiale lewe deur in opstand te kom teen die Filistyne en homself as die oorwinnaar uit te wys. Simson het gereeld uitdagings aanvaar wat gelei het tot sy selfverkreë eer. Die feit dat hy met ’n Filistynse vrou getrou het, met ’n Filistynse prostituut geslaap het, en verlief geraak het op Delila, die Filistynse meisie, beeld uit dat Simson politiek gesproke die terrein van die Filistyne betree het. In hierdie geval hou dit verband met goddelike straf van Israel se politieke vyande (14:4). Sy ouers het dit egter nie so ingesien nie (14:2-4), aangesien hulle, en veral sy vader, eksemplaries die “gevestigde kultuur” van Israel gedurende die rigtertyd uitbeeld en ’n toonbeeld is van ’n tradisievaste mens (Coetzee 1996:296, 298).

Simson word in sy eer gekrenk toe hy agterkom dat sy vrou hom verkul het deur die antwoord van sy raaisel aan die dertig Filistynse vriende te gee en dat hulle eintlik ’n oorwinning oor hom daardeur behaal het (Ri 14:11-18). Dit hou vir hom skande in die samelewing in. Om sy eer te herstel moes hy toe drasties optree (Ri 14:19). Ook Simson se wraak, nadat sy skoonpa nie sy vrou aan hom wou teruggee nie, hou met eer en skande verband. Simson wil nie die tweede beste, naamlik die jonger suster, hê nie. Dit is ook vir hom ’n skande dat sy ‘strooijonker’ nou sy vrou het (Ri 15:2). Dit beteken dat sy eie grense waaroor hy moet toesig hou van buite af deurbreek is en dat hy onteer is. Hy neem dus wraak deur die graanlande van die Filistyne af te brand met behulp van die jakkalse (Ri 15:1-5). In ’n samelewing van beperkte goedere is dit byna ’n doodskoot wat Simson die Filistyne toedien.

Wat die vrouens in Simson se lewe aanbetref, blyk dit duidelik dat sy moeder ’n eervolle posisie in die samelewing inneem. Die feit dat sy moeder aan die hoë etiese standaarde van nasireërskap moes voldoen tydens haar swangerskap, beeld die hoë etiese standaarde uit wat die Here van sy volk (in voorbereiding tot die volgende fase in hulle geskiedenis) verwag (Coetzee 1996:300). Ook sy Filistynse vrou was blykbaar ’n eerbare mens. Daar kan aangeneem word dat sy nog ’n maagd was. Haar eer is ook later

deur haar eie vader beskerm deur haar vir ’n ander man te gee en so die eer van sy familie te beskerm (Ri 15:1-2).

Nadat Simson se huwelik in duie gestort het, gaan soek hy seksuele bevrediging by slegte vrouens (Kroeze 1970:47). Die prostituut in Gasa val binne die kategorie van iemand wat onherstelbaar in oneer verval het. Simson bewys sy manlikheid deur by haar te gaan slaap, maar hierdie daad blyk nie afkeurenswaardig te wees in die oë van die gemeenskap op hierdie stadium in die geskiedenis van Israel nie. Sy vrou is vir ’n ander man gegee en hy is nie meer aan haar gebind nie (Ri 15:1-2). Volgens Prediker 29:3; 31:3, wat uiteraard uit ’n heelwat later tyd dateer, vermors ’n man wat hom met prostitute ophou sy welsyn en lewenskrag, maar hy pleeg geen misdaad in die oë van die wet nie (de Vaux 1968:37). En tog, vermoed ek, dat die verteller/redaktor binne die groter verhaal van die Rigterboek en wat daarop volg, reeds hierdie aspek van Simson se etiese lewe voorop stel om die negatiewe invloede van seksuele losbandigheid te beklemtoon. Dit word bevestig in die hoofstukke wat volg op die Simsonverhaal (vgl Coetzee 2002). Delila, die laaste vrou in Simson se lewe, staan eintlik in kontras met Simson se moeder. Sy naamlose moeder was die een wat hom “Simson” (“lig/son”) genoem het, terwyl Dilila (“nag”) die enigste vrou is wat by haar naam genoem word, en wat uiteindelik volkome nag in die lewe van Simson veroorsaak deur hom te verraai (Coetzee 1996:300), sodat die Filistyne hom kon vang. Delila is dus die vrou wat Simson se finale skande inisieer.

Uiteindelik is dit die Filistyne wat Simson finaal van sy eer ontneem deur albei sy oë uit te steek (Ri 16:21). Simbolies is blindheid ekwivalent aan kastrasie (Matthews & Benjamin 1993:103). Om blind te wees, is so goed as om impotent te wees. En dit was die grootste skande vir ’n man in Bybelse tyd. Simson se politieke mag wat onder andere in sy seksualiteit lê, word finaal vernietig. In hierdie finale oomblikke van skande rig hy hom dan na God vir krag sodat hy hom finaal op sy vyande kan wreek oor sy twee oë (Ri 16:28), en dus eintlik omdat hy in totale skande verval het. Nêrens in die verhaal het Simson ooit tot God gebid om krag nie (net om water sodat sy krag implisiet kan herstel). Hier, egter, bid Simson om *krag*, sodat hy hom kan wreek op hulle wat hom van sy eer ontneem het. Simson sterf dus menslik gesproke eerloos, maar God behaal ’n oorwinning vir sy volk deur Simson se skande.

#### 3.4.2.2 Reinheidskodes

Reinheidskodes het gehandel oor kulturele en sosiale omstandighede en veral oor die grense wat daar van binne na buite bestaan het. Die onreine en onduidelike wat nie binne hierdie reinheidskodes gepas het nie, het nie tuis gehoort binne die grense nie (Robbins 1996:85). Reinheidskodes het onder andere te doen gehad met die onderhouding van die heelheid of kompleetheid van die sosiale samelewing (Malina 1993:157). Die gedagte van reinheid en reiniging was ook nou verbind aan die idee van toewyding. Reiniging het beteken dat die hindernisse om naby God te kom verwyder word. Toewyding het ’n mens voorberei om God te ontmoet. Reiniging het dus die negatiewe uitgedruk, terwyl toewyding die positiewe uitgedruk het (de Vaux 1968:464). Nasireërskap was een voorbeeld van toewyding aan God. Die doelbewuste verbreking van die reinheidskodes van nasireërskap het beteken dat so ’n persoon onreinheid oor hom/haarself bring.

Simson het verskeie kere die grense van sy opgelegde nasireërskap oortree. Hy trou met ’n Filistynse vrou. Die Filistyne was mense wat onbesnede was en dus onrein (Ri 14). Op pad na sy toekomstige bruid toe maak hy ’n leeu dood en word dus onrein weens die dooie karkas (Ri 14:6). Toe hy later heuning uit die karkas haal, verontreinig hy homself weer. Dit is waarskynlik waarom hy teenoor sy ouers verswyg het dat hy die leeu doodgemaak het (vers 6) en dat die heuning uit die dooie karkas kom (vers 9). Hy maak ook baie mense dood gedurende die loop van die verhaal. Nêrens in die Simsonverhaal lees ons dat hy homself ooit gereinig het van hierdie onrein dade nie.

Simson se lang hare was die uitnemendste teken van sy afgesonderdheid vir God. In Rigters 16:17 erken hy self dat, indien hy ooit sy hare sou afsny of laat afsny, dan sou hy nie meer aan God gewy wees nie, en sou sy krag hom verlaat. Omdat Simson deur God tot nasireër verklaar is van sy geboorte af tot by sy dood toe (Ri 13:7), sou die afsny van sy hare beteken dat hy homself van God afskei. Dit sou die hoogtepunt van onreinheid vir hom beteken.

### 3.4.3 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die verteller/redaktor groot verandering vir die volk Israel in gedagte het. Hy gebruik Simson as karakter om, soos by die ander rigters, die wêreld van die Filistynse onderdrukking te vernietig met God as die inisieerder. Maar dit is nie genoeg nie. Dis nie net uiterlike bande of kettings of toue wat moet

afgegooi word nie. In die uitbeelding van Simson as die nasireër van geboorte af wat gladnie sy nasireërskap eerbiedig het nie en dus 'n baie onrein lewe gely het, word Israel eksemplaries uitgebeeld as onrein, eiegeregtig, eiewillig. Sy eie eer wat hy voorop gestel het, was vir God tot oneer. Beide sy optrede teenoor God en sy etiese optrede teenoor mense het veel te wense oorgelaat.

## 3.5 HEILIGHEIDSTEKSTUUR

Die heiligheidstekstuur van 'n geestelike geskrif hou verband met wat die outeur oor God en verskillende heilige figure sê, asook oor godsdienstige aspekte van die lewe (Robbins 1996:120). Vervolgens word die heiligheidstekstuur van die Simsonverhaal van nader beskou om die aard van die verhouding tussen God/gode en mense in die verhaal te bepaal.

### 3.5.1 Die Godheid

Jahwe is die een volgens wie se wil Israel moet lewe. Dit sien ons by elkeen van die rigterverhale, soos wat in die Simsonverhaal ook vermeld word, dat die Israeliete weer gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here (Ri 13:1).

Die volk was op 'n besondere wyse aan God verbind deur die verbond en die verbondsbepalings. Dit is waarom die verteller in Rigters 2:1-4 die stamme daaraan herinner dat die Here hulle uit Egipte gelei het en dat hulle sy verbondsbepalings nie nagekom het nie. Israel sondig dus kort-kort (ook hier in die Simsonvertelling) omdat hulle voorouers en hulle self nie God se verbondsbepalings nagekom het nie, en Hy vir die volke (soos die Filistyne) se gode 'n strik gestel het. Jahwe se eer is dus hier op die spel in die lewe en geskiedenis van Israel.

Uit die teks kan die volgende aangaande **God** afgelei word:

- Die Here verskyn aan Simson se moeder in die gedaante van "die Engel van die Here**"** (Ri 13:3; 13:9; 13:12; 13:15; 13:16; 13:20; 13:21).
- Die fokus van Rigters 13 is op Simson se ouers en in die besonder op die boodskapper wat die nuus van sy geboorte aankondig. Die boodskapper is 'n prominente rolspeler in die hoofstuk. Hy is Jahwe se boodskapper. In die gemeenskap van Israel is die boodskapper ook gesien as teken van die ongelukkigheid van die Godheid (Exum 1980:46-47). Jahwe moet egter hier gesien word as die groot Mag agter al die gebeure (Exum 1983:36)**.**

- God word as die verhoorder van gebede uitgebeeld. Gebede kom voor op kritieke momente en belangrike plekke in die sage. Onder andere is daar die gebed van Manoag (Ri 13:8) en Simson se gebed (Ri 20:28). Die beantwoording van die gebede is nie meganies nie, maar in al die gevalle is dit Jahwe se reaksie op mense se versoek op so ‘n wyse dat die fokus val op die Een wat gebede antwoord (Exum 1983:38). God doen wonders wanneer mens tot Hom bid in nood. In Rigters 13:24 gee Hy vir ‘n kinderlose vrou ‘n kind. In Rigters 15:19 gee Hy vir Simson water op ’n wonderbaarlike wyse. In Rigters 16:30 antwoord Hy Simson se laaste versoek deur hom te laat sterf.
- God voer Sy wil end-uit uit dwarsdeur die verhaal deur die lewe van Simson.

### 3.5.2 Verwysing na die aksies van die Gees van Jahwe

In die Simsonsage word daar vier maal na die Gees verwys (Ri 13:25; 14:6; 14:19; 15:14). In Rigters 13:25 is dit duidelik dat die Gees die inisieerder is van Simson se lewe. Dit is die Gees is wat hom telkens aanhits of hom sterk maak om iets te doen met betrekking tot die Filistyne. In die vertelling oor hoe Simson graag die Filistynse vrou wou gehad het (Ri 14:1-4), is dit die Here wat Simson se vreemde optrede veroorsaak omdat Hy ’n geleentheid wou skep om die Filistyne te straf (14:4). In 14:6 maak die Gees Simson sterk sodat hy die leeu kaalhand uitmekaar kan skeur. In 14:19 het die Gees van die Here vir Simson sterk gemaak sodat hy 30 Filistynse mans kon gaan doodslaan. In 15:14 maak die Gees van die Here vir Simson sterk om die toue om sy arms te breek sodat hy ’n duisend Filistyne kon doodslaan met die eselkakebeen. Hieruit is dit dus duidelik dat die funksie van die Gees van die Here is om Simson telkens in konfrontasie met die Filistyne te bring. Daardeur wil die verteller eintlik sê dat God die een is wat die oorwinning oor die Filistyne beheer deur sy swakke dienskneg Simson. Dit blyk ook duidelik uit Simson se laaste gebed dat God hom nog een keer sterk moet maak om die vyande te vernietig (Ri 16:28).

### 3.5.3 Dagon, die god van die Filistyne

Daar word na Dagon, die god van die Filistyne, verwys in Rigters 16:23-24) (vgl. ook 1 Samuel 5:2-7; 1 Kronieke 10:10). Die god Dagon is van die Ou Testamentiese tyd af in Babilonië en Assirië vereer, terwyl opgrawings in Ras Sjarma bewys het dat Dagon ook in Finesië hoë aansien geniet het. Die Filistyne het hierdie half-mens-half-visgod as die god van die stede en die see aanbid (Millar 1980:508).

In Rigters 16:23-24 staan daar geskryf: “Die leiers van die Filistyne het bymekaar gekom om ‘n groot offer te bring vir hulle god Dagon en om fees te vier. Hulle het gesê: ‘Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee.’ Toe die Filistyne hom sien, het hulle hulle god geprys...” Hulle was egter verkeerd, want min het hulle besef dat dit Jahwe was wat Simson in hulle hande gegee het. Die volkerestryd is dus eintlik ’n godestryd. Die vernietiging van die Dagontempel het verseker dat die oorwinning aan Jahwe behoort, al is dit bereik deur die lyding van sy kneg (Webb 1983:165). Die bespotting wat die Filistyne van Simson wou maak, was ‘n direkte refleksie op Jahwe en dui op die stryd tussen Dagon en Jahwe.

Die funksie van Dagon in die Simsonsage dui veral op die spanning wat bestaan omdat die Filistyne oënskynlik die oorwinning oor die Israeliete behaal het en so Dagon oor Jahwe. God keer egter hierdie oowinning om deurdat Hy vir Simson die krag gee om die Dagontempel en baie Filistyne vernietig. Die ironie lê daarin dat God self die Filistyne gestuur het om oor die Israeliete te heers weens hulle sondes, maar dat die stryd eintlik daar lê dat Hy vir Israel wil wys wie Hy werklik is, daarom verhang hy die bordjies.

Simson se gebed oomblikke voor sy dood word nie eers deur die Filistyne gehoor nie. Al sou hy dit hardop gebid het, sluit dit aan by die res van die verhaal wat eintlik net oor persoonlike motiewe draai (Bakar 1978:256).

### 3.5.4 Die Heilige persoon

Robbins (1996:121) meen dat die heilige persoon een of meer mense kan wees wat in ‘n spesiale verhouding tot God of die bonatuurlike krag van God in die teks staan. Volgens die Simsonsage tree daar drie heilige persone op

#### 3.5.4.1 Manoag se vrou as ‘n heilige persoon

Die Engel van die Here het by twee geleenthede aan haar verskyn met ‘n besondere boodskap (Ri 13:3; 13:9). Deur haar verbintenis met die Engel blyk dit dat sy self aan die vereistes van nasirieërskap voldoen het. Die motief van die kinderloosheid van die vrou van Manoag plaas die klem op die wonderkrag van God wat self die redding van sy volk bewerkstellig. Kinderloosheid kan onder andere ook beskou word as ‘n beproewing (Gen 16:2; 30:2; 1 Samuel 1:5). Verder wend sy ook nie haar lot tot ander planne nie, maar aanvaar haar lot gelowig. Sy is egter opgewonde oor die goeie nuus

van die Engel dat sy reeds swanger is en ‘n seun in die lewe sal bring. Dit was ‘n groot eer vir ‘n vrou, sodat die familienaam voortgesit kan word. Manoag se vrou se geloof kan as ‘n intuïtiewe geloof tipeer word wat op kommunikasie met die Engel die wonderaspek van wat gebeur het aanvoel (Coetzee 1996:300-301). Manoag se skok en vreesbevangeheid nadat hy besef het hulle het die Here gesien (Ri 13: 21-23), kon met haar diepe geloofsoortuiging gerus gestel word. Manoag se vrou se gehoorsaamhoud hou baie nou hiermee verband. Die feit dat die opdrag van die Engel in verband met die vrou se gedrag tydens swangerskap drie keer herhaal word (Ri 13:4-5, 7, 13-14), lê groot klem op die aspek van gehoorsaamheid aan die opdrag.

Volgens Coetzee (1996:300) blyk die noue verbintenis tussen Manoag en sy vrou as ‘n getroude paar onder andere uit die feit dat Manoag se vrou twee keer nadat die Engel aan haar verskyn het direk na Manoag toe gaan om die verskyning aan hom mee te deel (Ri 13:6-7, 10). Sy is geregtig om die ervarings met haar man te deel, want dit is ook iets waarop hulle saam hoop, naamlik die swangerskap (Ri 13:10). Daar word verder in Rigters 13 en 14 vermeld dat sy deurgaans saam met haar man beweeg. Die huweliksband is aanvanklik ook vir Simson van belang, terwyl hy nog in sy ouerhuis woon (Ri 14:2-3) en hulle ’n sterk houvas op hom het. Die noue verbintenis tussen man en vrou loop uit op lewe, naamlik Simson. Daarteenoor is die verbintenis tussen Simson en die Filistynse vroue egter ‘n stelselmatige emansipasieproses wat lei na die dood van sy vrou, baie mense en uiteindelik sy eie dood. Hierdie kontras verbeeld die kontras tussen dit wat die Here van sy volk verwag en dit wat hulle doen deur met heidene te vermeng (Coetzee 1996:300-301).

#### 3.5.4.2 Manoag as ’n heilige persoon

Volgens Coetzee (1996:296) hou Manoag naam met “rus” verband, maar hy tree nie rustig op nie. Direk nadat sy vrou hom van haar ontmoeting met die Engel vertel het, het hy tot die Here gebid (Ri 13:8). Nadat sy vrou hom van die tweede verskyning van die Engel aan haar vertel het, gaan hy onmiddellik om met die Engel te gaan praat (Ri 13: 11). Manoag wil ook onmiddellik weet hoe die kind wat gebore gaan word hom moet gedra, wat natuurlik ’n impak sal hê op hulle as ouers se aandeel aan sy opvoeding (Ri 13:12). Ook wil hy dadelik vir die Engel ‘n bokkie gaar maak (Ri 13:15). Alhoewel die Engel die maaltyd van die hand wys, gaan Manoag voort en offer dit aan die Here (Ri 13:19). Toe Manoag en sy vrou die Engel in die offervlam sien opstyg, het hulle onmiddellik op die grond neergeval.

Manoag kan egter nie altyd as positief beskryf word nie. Dit kan gesien word by die tweede verskyning van die Engel waar die vrou egter prominensie ontvang deurdat Manoag aanvanklik doelbewus uitgesluit word, selfs nadat hy gebid het dat "die man van God" die tweede keer aan "ons" moet verskyn (Ri 13:8). Sy gebed word dus anders verhoor as wat sy bedoeling was. Sy gasvryheid word deur die Engel van die hand gewys omdat hy nie voldoende insig het in met wie hy te doen het.

Die motiewe van "weet" en "weet nie" (vgl Webb 1987:173-174) word in Hoofstuk 13 vanuit Manoag as karakter geïnisieer. Ook in die res van die verhaal waar Simson en sy ouers ter sprake is, speel hierdie motief 'n rol (Ri 14:4; 16:20) en beklemtoon die feit dat die Here in die lewens van mense werksaam is. Daar kan selfs op gelet word dat Manoag se vrou, wat in Hoofstuk 13 meer insig as hy het, in Rigters 14:4 gebrek aan insig in die Here se werk toon. Getrou aan die normale gebruik van gasvryheid (vlg Gn 18:1-8; 19:1-8; 24:28-32; Ri 6:19; 19:16-21) bied hy vir die Engel 'n ete aan. Die indruk word deur die skrywer geskep dat die uiterlike korrekte optrede vir Manoag baie belangrik is.

Die positiewe en negatiewe karaktereienskappe toon aan dat Manoag die voorbeeld van die "gevestigde orde" is, maar dat sy optrede nie altyd sinvol is nie al is sy bedoelings goed en so ook sy insig in wat gebeur het. Manoag se impulsiewe, dinamiese en soms oënskynlik minder sinvolle optrede kenmerk ook die lewe van Simson.

Die raaiselmotief in die lewe van Manoag, naamlik dat hy nie direk 'n antwoord op sy vraag oor die opvoeding van sy kind kry nie, speel 'n belangrike rol in die res van die verhaal en ook in Simson se lewe (Coetzee 1996:296-299).

#### 3.5.4.3 Simson as heilige persoon

Soos hierbo genoem, is die sogenaamde u-vormige lewe van Simson ook hier ter sprake. Sy lewe bestaan uit hoogtepunte, laagtepunte, en weer hoogtepunte. Die boodskap van die sage word ook geken aan talle negatiewe terme soos Simson wat as't ware minagtend optree met sy Godgegewe kragte en hierdeur 'n voorbeeld stel hoe sy gedrag nie behoort te wees nie (Exum 1983:30).

Die sage verwys drie maal na Simson as ’n nasireër: Rigters 13:5 en 7 en Rigters 14:13. Dit is belangrik om te sien dat die enigste nasireër-verpligtinge wat op die kind van toepassing is (Ri 13:5), is die verbod om sy hare te sny. Dit is ook al verpligting wat elders in die sage vermeld word. Rigters 14 en 15 maak geen eksplisiete vermelding van die nasireërskap nie. In Rigters 16:17 noem Simson sy ‘lewensgeheim’ die feit dat sy hare nog nooit afgesny is nie, “want ek is van my geboorte af aan God gewy.” Webb (1987:169) sê in hierdie verband: “[f]rom the moment when Yahweh’s Spirit begins to move Samson (13.25) up to the point when his hair is cut Yahweh seems as unconcerend with the ritual aspects of Samson’s Naziriteship as Samson himself.” Dit gebeur selfs dat Jahwe se Gees Simson aanmoedig om dinge te doen wat normaalweg teen die nasireërbelofte ingaan (14:3-4; 14:6; 15:14-16). God verlaat Simson tydelik nadat hy sy hare laat afsny het sodat die Filistyne hulle eie ondergang kon bewerkstellig deur Simson na Gasa en uiteindelik na die Dagontempel te neem. Daar sou Simson as afgesonderde mens vir God uiteindelik God se doel met hom finaal tot uitvoer bring.

Simson se direkte verbintenis met God word uitgebeeld deur die feit dat hy op sekere tye in sy lewe die Here aanroep in gebed. In Ri 15:18 bid hy die Here om sy dors te les nadat hy ’n duisend Filistyne met ’n eselkakebeen doodgemaak het, en in Ri 16:28, 30 bid hy Hom om krag om die pilare van die Dagontempel om te stoot en dat hy saam met die Filistyne moet sterf. Beide kere was hy in nood en toon sodoende tog wel sy afhanklikheid van God. Beide kere is daar egter ook iets van egosentrisme in sy gebede te bespeur. In die eerste geval bring Simson self dit onder God se aandag dat Hy die groot oorwinning vir hom (Simson) moontlik gemaak het, terwyl sy laaste gebed ’n wraakgebed teen die Filistyne wat hom sy oë ontneem het is. Sy gebed dat God hom saam met die Filistyne moet laat sterf, hou in dat God se uiteindelike doel met Simson se lewe voltrek word, naamlik om die Israeliete van die Filistyne te verlos. Verder is dit ook van belang om te sien dat God se bedoeling met Simson dwarsdeur sy lewe op ‘n baie menslike (en dikwels sondige) wyse heen werk na die laaste daad van redding van die volk. Al hierdie dinge dui daarop dat hy ‘n heilige persoon binne die konteks van die vertelling is.

Die Simsonsage wys op ‘n mens se eiewilligheid en hardkoppigheid, te midde van sy roeping wat lei tot katastrofiese gevolge. Simson het nie sy eie lewensmissie reg begryp nie, en tog het hy dit uitgevoer, al was dit deur sondige optredes heen. Weens sy nasireërskap (wat dui op die mens se toewyding aan God), was daar sekere verpligtinge

wat hy moes nakom. Hy het omtrent al hierdie verpligtinge op verskeie maniere verbreek en geignoreer. Voorbeelde van sy ongehoorsaamheid aan sy nasireërskap is om heuning uit die karkas van die dooie leeu te eet, 12 jong manne dood te slaan en by ‘n prostituut te slaap, ensovoorts. Vir hom persoonlik het dit katastrofiese gevolge gehad, wat die gevolge was van sy eie verkeerde dade. En tog het die Here dit alles gebruik om sy wil tot uitvoering te bring. Die geroepe mens faal weens sy sondige aard, maar God kan dit gebruik in sy diens.

Ons sit dus hier met ‘n onverklaarbare dilemma dat die Here ’n moedswillige, ongehoorsame mens gebruik om sy wil uit te voer. Daarmee wil die verteller eintlik die fokus op God plaas. Hy is die eintlike een agter die verlossing van Israel. Simson/Israel het gemeen hulle is sterk en onafhanklik en kan deur hier en daar kulturele en godsdienstige handelinge uit te oefen hulleself handhaaf. Dit het egter nie so gewerk nie. Die rigterverhale is maar die begin van ’n lang geskiedenis wat deur die Deuteronomistiese Geskiedwerk aan die volk voorgehou word om die volk daarop te wys hoedat hulle voortdurend van God afgedwaal het, wat die rede was waarom hulle uiteindelik in ballingskap moes gaan. Soos die koningsgeskiedenis wat volg op die rigterverhale, so is dit ook hier by die Simsonverhaal. Hier is ’n ‘heilige persoon’ wat sy heiligheid misbruik het. En tog vorm hy een van die baie skakels in die ketting van die geskiedenis en die verbond tussen God en sy volk. Deur die swakheid van sogenaamde heilige mense heen het God uiteindelik sy doel bereik. Maar Hy doen dit deur mense, wat sondige mense is, en wat intussen ook nog gestraf word omdat hulle so sondig is.

God se gawes kan volgens die verhaal ook misbruik word, wanneer dit nie tot sy eer aangewend word nie. Simson het die gawes gebruik deur die Filistyne telkens te verneder, maar hy het dit misbruik deur by ‘n rebellie teen God en sy Gebooie betrokke te raak, wat op ‘n minagting van God se etiese riglyne neergekom het.

### 3.5.5 Die geestelike wesens

Die heiligheidstekstuur handel volgens Robbins ook oor heilige wesens soos die Engel in Rigters 13 en die Gees van die Here wat op verskeie plekke in die sage vermeld word. Ook die gode van die Filistyne maak deel uit van die heiligheidstekstuur van die teks. Die heiligheidstekstuur dui verder ook op konflik tussen die goeie en die slegte in die teks.

#### 3.5.5.1 Die Engel as geestelike wese

Die Ou Testament en Nuwe Testament praat van hierdie geskape wesens as individue en persoonlike identiteite van die geesteswêreld. Engele is nie ‘n groot onderwerp in die Ou Testament nie, tog word daar melding gemaak van hulle optredes en bestaan. Die rol van engele in die Ou Testament was om as boodskappers of agente van God op te tree (Richard 1988:43).

Die Simsonsage begin met die optrede van die Engel van die Here wat aan Manoag se vrou verskyn het (Ri 13:3). Sy boodskap bemoedig haar as kinderlose met die woorde van vers 3: “Jy is nou kinderloos, maar jy sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring.” Hy dra ook die boodskap aan haar oor dat sy haarself goed moet oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets eet wat onrein is nie.

Die Here het ook Manoag se gebed verhoor en die Engel weer gestuur (Ri 13:9). Manoag het self met Hom in gesprek getree (Ri 13:11-20). Manoag het ook self gehoor wat die boodskap aan sy vrou was. Hy wou ook vir Hom ‘n ete berei. Die Engel het hom egter aangeraai om eerder aan die Here ‘n brandoffer te bring, waarna die Engel in die vlam by die altaar opgestyg het. Die Engel het nie weer aan hulle verskyn nie, tog het hulle met groot ontsag verder oor Hom gepraat (Ri 13:22-23). Manoag se persepsie was dat hulle God self gesien het (Ri 13:22). Nadat Manoag bang was dat hulle sou sterf, het sy vrou hom meegedeel dat die Engel lewe bring (Boling 1975:225). Die Engel maak twee voorspellings, naamlik dat die vrou geboorte sal gee aan ‘n seun, en dat Simson sal begin om die Israeliete te verlos uit die mag van die Filistyne. Simson se eerste oorwinning in Ri 15:14-20 beskryf hoe hy met ‘n donkie se kakebeen ’n duidend man verslaan en so begin die Engel se woord in vervulling tree (Webb 1987:163).

Dit is nodig om in die Simsonsage te onderskei tussen die werk van die Engel, naamlik as boodskapper van goeie tyding om Israel van die Filistynse onderdrukking te verlos, en die werk van die Gees van God wat telkens vir Simson inspireer om bomenslike dade te doen in die uitvoering van sy opdrag.

### 3.5.6 Godbeheerde geskiedenis

Robbins (1996:123) is van mening dat baie heilige tekste voorveronderstel dat goddelike kragte historiese prosesse en gebeure na spesifieke gevolge toe lei, dit wil sê dat daar goddelike kragte agter gebeure en historiese prosesse sit. Sulke gevolge kan

eskatologies, apokalipties en heilshistories van aard wees. In die Simsonvertelling is God se plan met sy mense 'n voortgaande proses om die Israeliete te verlos uit die mag van die Filistyne. Bekyk ons egter Rigters 13-16 in die breër konteks van die Rigterboek as geheel, maak dit ook deel uit van die hoofsaak waaroor dit in Rigters gaan, naamlik oor ware en korrekte godsdiens (Deist et al 1989:72-73). Die rigters het daarin gefaal om werklik godsdienstige leiers ook te wees, en vanaf Rigters 17, aan die einde van die rigtertydperk, word die toekomstige koningskap in Israel as verlossing voorgehou (17:6; 18:1; 19:1; 21:25). Net soos wat God rigters geroep het vir spesifieke reddingstake, so moes die koningskap ook van God af kom.

Dit is dus duidelik dat die Simsonverhaal asook die boek Rigters in sy geheel iets wil sê oor die negatiewe etos van die volk en dat 'n nuwe dispensasie die antwoord hierop is (vgl. Coetzee 2002:52-63). Rigters vorm deel van die Deuteronomistiese Geskiedwerk – Deuternomium, Josua, Rigters, Samuel en Konings. Hierdie groot geskiedwerk wat waarskynlik tydens die Babiloniese ballingskap gefinaliseer is, het 'n bepaalde boodskap vir sy tyd gehad. Met betrekking tot die huidige studie is die volgende aspekte van hierdie boodskap, wat deur Deist et al (1989:108-110) uitgelig word, van belang:

- God word as enigste God geteken wat jaloers is op Israel, sy eiendom. Hy het hulle verlos, daarom verwag Hy volkome gehoorsaamheid aan Hom;
- God straf die mens vir sy sonde, maar Hy is ook genadig indien die mens hom tot God wend;
- God is baie geduldig met sy verbondskinders wat aanhoudend sondig;
- God vergewe wanneer mense hulle skuld bely en hulle voor Hom verootmoedig;
- Die mens word opgeroep tot bekering van en berou oor sy/haar verkeerde dade;
- So 'n bekering hou direk verband met die regte kultus;
- Beide die rigters en koning van Israel was onvolkome en baie keer boos, daarom wil God 'n totaal nuwe begin met Israel maak ná die ballingskap;
- Daar is hoop vir die volk van God;
- Die heilsgeskiedenis wys dat God in beheer is en nie die afgode nie.

### 3.5.7 Menslike verlossing

Hierdie aspek van die heiligheidstekstuur handel oor dinge wat in mense se lewens gebeur waar God hulle lewens verander sodat hulle 'n beter lewe sal ly (Robbins 1996:125). Uit die Simsonverhaal is daar geen aanduiding daarvan met betrekking tot Simson as individu nie, behalwe waar God hom help in sy persoonlike nood (Ri 15:18-

19; 16:28-30). Sy lewe en dood het egter vir die volk Israel iets beteken binne die plan van God. Simson was vir twintig jaar ’n leiersfiguur in Israel (15:20; 16:31) en die Here se bedoeling met hom was om sy volk van die mag van die Filistyne te begin red (13:5). Die reddingsaspek handel dus in hierdie verhaal eerder oor verlossing van die volk as oor verlossing van individue. Simson tree dus instrumenteel op.

Hierdie verlossingsgebeure moet telkens gelees word teen die agtergrond van God met sy volk soos wat dit in Rigters 2:1 vermeld word. Die verlossingsgebeure hou ook verband met die verbondsbeloftes, naamlik dat Israel ’n groot nasie sal word en dat hulle in die land Kanaän sal gaan woon. Wat hier in die Rigterverhale gebeur is ’n stelselmatige verwesenliking van hierdie beloftes van God, veral wat die landsbelofte op hierdie stadium aanbetref. Hulle is nog besig om te vestig in die land. In Rigters 13-16 is dit telkens God wat die verlossing bring deur Simson. Hy doen dit deur ‘n moedswillige en sondige dienaar wat veral eties baie afwykend optree.

Telkens spoor die Gees vir Simson tot groot dade aan wat op die oog af vir ’n mens lyk of dit nie van God af kan kom nie. Deur ’n gebroke mens se lewe werk God dus om sy groter plan tot uitvoer te bring. Dis ook waarom die verteller telkens in sy vertelling die opmerking maak dat die Gees oor Simson kom. Die fokus is dus eintlik op God.

### 3.5.8 Menslike toewyding

In die Rigterverhale word dikwels vermeld dat die volk tot God bid om verlossing (Ri 3:9, 15; 4:3; 6:7; 10:10, 15-16). Dit is egter slegs in Rigters 10:10, 15-16 wat daar pertinent gesê word dat hulle berou gehad het en hulle bekeer het deur weg te breek van die afgode af om hulle opnuut aan die Here te verbind. In die Simsonverhaal word nie vermeld dat die volk weer tot die Here gebid het toe Hy hulle in die mag van die Filistyne oorgegee het nie.

Daar word ook nie genoem of daarop gesinspeel dat hulle van voorneme was om hulle van hul sondes te bekeer, soos in Rigters 10:15-16 nie. Selfs nie die hoofkarakter in die Simsonverhaal, naamlik Simson self, het hom daartoe verbind om sy nasireërskap voortreflik uit te leef nie. Die Here het wel sy doel met Simson bereik, maar Simson self het dit nie so beleef nie. Vir hom het dit duidelik om homself gegaan (Ri 14:2-3, 18-19; 15:3, 7, 11-12, 18; 16:1-3, 4, 20, 28). By uitstek beeld Simson dus die houding van die volk uit, naamlik dat hulle hulle nie aan die Here wil verbind of toewy nie, behalwe

wanneer hulle in nood is. So ’n lewe loop op selfvernietiging uit (Ri 16:30). Simson is as persoon hierin nie net ’n voorbeeld van wat op daardie stadium in die geskiedenis van die volk Israel aangegaan het nie, maar dien ook as universele voorbeeld wat vir vandag geld.

In die Simsonverhaal was dit net Simson se ouers wat hulle self met erns aan God en hul opvoedingstaak toegewy het. Dit toon vir ons dat daar tog mense in daardie tyd was wat erns gemaak het met hulle verhouding met God, al was dit ’n tyd toe daar nog nie ’n koning in Israel was nie en ’n eenvormige kultus nog ontbreek het en ’n tyd toe elkeen gedoen het wat goed was in sy/haar eie oë. Maar in die geheel gesien het dit al slegter gegaan met die volk, soos wat Rigters 17-21 uitbeeld. Die koningstydperk wat in 1 Samuel begin, was veronderstel om ’n kentering te bring.

### 3.5.9 Etiek

Dit is belangrik om daarop te let dat ons hier te doen het met ‘n baie ou vraagstuk wat ook vandag aktueel is, naamlik, wat is die verband tussen mense se geloof en die waardestelsels wat aan hulle voorgehou word binne die sosiale gemeenskap, die politiek, die ekonomie en die godsdiens. Is daar ’n verskil tussen die gelowige gemeenskap en die mens in die breër wêreld waarin hulle geleef het en vandag ook in leef (Gutierez 1981:45)? Vervolgens word die etiese lewe van Simson in hierdie lig bestudeer.

#### 3.5.9.1 Simson se etiese lewe

Simson se etiese lewe hou baie sterk verband met die waardes van eer en skande, soos hierbo bespreek in 3.4.2.1. Simson se onetiese optrede begin toe hy ‘n Filistynse meisie begeer het. Sy onetiese optrede lê eintlik in die feit dat hy buite sy stamgebruike om ’n Filistynse meisie as vrou wou neem. Dis hoekom sy ouers ook daarteen reageer (Ri 14:3).

Simson is met ‘n groot verwagting en baie eer gebore voortspruitend uit ’n goddelike belofte. Dit was ook vir sy ma ‘n eer, veral omdat sy kinderloos was en ‘n Engel die boodskap aan haar gebring het. Sy moes haarself rein hou. Malina (1993:33) beskryf dit as toegekende eer. Hierdie reputasie van eer waarmee Simson gebore is vanuit ’n godsbelofte, sou goed bekend gewees het in sy familie en vriendekring asook in die gemeenskap waarin hy opgegroei het.

Die huwelik met 'n Filistynse vrou sou beide ouerpare ten diepste raak, veral ook omdat hulle twee volke wat vyandig teenoor mekaar is verteenwoordig en ook verskillende godsdienste gehad het. Sy ouers was duidelik geskok (Ri 14:3). Hulle wil eerder hê hy moet 'n vrou uit sy eie familie (endogame huwelik) of uit die res van hulle volksgenote kry as uit 'n heidense nasie. Primêr gaan dit oor sy verhouding met God, want met 'n eksogame huwelik met 'n heidense vrou beweeg hy buite die verbondskring.

Vir sy kleiner familieverband is dit nie net 'n verleentheid nie, maar dit is teen alle tradisies in. Hy is eintlik besig om sy familie te onteer deur met 'n Filistyn te trou. Daar moet rekening mee gehou word dat dit 'n stammegemeenskap was en nie 'n individu-georiënteerde sosiale struktuur soos wat ons vandag as Westerlinge beleef nie. Dis ook waarom die Simsonvertelling begin met die voorstelling van Manoag as 'n man uit Sora uit die stam van Dan (Ri 13:2). Endogame huwelike was die norm, maar eksogame huwelike (buite die stam) het wel plaasgevind, maar dan binne volksverband. Eksogame huwelike was tipies van politieke en ekonomiese aggressiewe en uitbreidende samelewings (Matthews & Benjamin 1993:15).

Simson plaas dus met sy eksogame huwelik buite volksverband sy eie familie onder groot ekonomiese druk, aangesien hy nou 'n bruidskat buite sy familie moet gee. In 'n samelewing van 'n tekort aan goedere raak dit 'n groot probleem, en kan selfs oorlewingsprobleme impliseer. Maar Simson se huwelik het ook politieke gevolge vir sy volksgenote ingehou. Gewoonlik was dit konings wat met vroue uit ander volke getrou het vir politieke redes. Uit die Simsonverhaal blyk dat dit ook onder die gewone mense begin gebeur het nadat Israel in Kanaän gevestig het. Sulke huwelike het egter nie net die bloed van Israel vertroebel nie, maar het ook godsdienstige gevaar van verleiding tot ander gode ingehou (vgl 1 Ko 11:4), en was dus deur die wet verbied (Eks 34:15-16; Deut 7:3-4) (de Vaux 1968:31). Dit is dus te verstane dat Simson se ouers bekommerd hieroor was, aangesien dit hulle familie geraak het. Simson is egter baie gedetermineerd en selfgesentreerd in hierdie opsig.

Op seksuele gebied reflekteer die teks ook etiese probleme. Hier is veral Simson se kontak met die prostituut (Ri 16:1-3) ter sprake. Hierbo (3.7.2.1) is reeds gesê dat die eer van 'n man veronderstel onder andere die seksuele reinheid van sy moeder, vrou, dogters en suster, maar nie noodwendig sy eie seksuele reinheid nie (Malina 1993:50).

Op hierdie stadium in die geskiedenis van Israel was kontak met prostitute nie verbied nie, d.w.s. Simson self tree nie oneties op vanuit die perspektief van die patriargale samelewing nie. Dit blyk ook duidelik uit die voorval waar Juda gedink het sy skoondogter Tamar is ’n prostituut en hy met haar seksuele gemeenskap gehad het langs die pad. Na die voorval wou hy haar laat doodmaak omdat sy haar soos ’n prostituut gedra het, maar sy eie misdaad lê nie in die feit dat hy met ’n ‘prostituut’ gemeenskap gehad het nie, maar in die feit dat hy nie sy seun Sela vir haar as man gegee het nie (Gen 38:14-26). In die Simsonverhaal is die prostituut self dus oneties in haar optrede, maar Simson nie. Beoordeel ons egter Simson vanuit ’n latere perspektief, dan sien ons dat prostitusie ons liggame wat die tempel van God se Gees is verontreinig (1 Kor 6:18-20). Diegene wat hulle nie van sulke praktyke bekeer nie, sal van die hemel uitgesluit word (Openb. 21:8; 22:15).

Oor die baie moorde wat Simson gepleeg het sou mens op dieselfde wyse kon redeneer. Binne die konteks van Simson se tyd en sy opdrag was dit eties nie ’n probleem nie. Hy word gladnie in die sage daaroor aangekla nie. Miskien moet dit egter ook gelees word teen die agtergrond dat daar nog nie ’n koning was wat regeer het nie, en dat elkeen maar gedoen het wat hy/sy goed gedink het. Die hele Rigterboek is vol van moordverhale. Hierin lê wel moontlik ’n aanklag van vergrype, veral ter wille van eie gewin vanuit Simson se oogpunt. Gesien vanuit die doel van God met Simson, vorm dit egter deel van God se plan met hom.

### 3.5.10 Gevolgtrekking

Twee woorde: *gebruik* en *misbruik*, gee betekenis aan die verhaal. God gebruik gewone mense vir buitengewone dade. Die eer vir Simson se prestasies kom God toe. Buitengewone optrede kom van God en is bedoel om ‘n sekere doel te bereik. Daarom kan Simson nie slegs volgens eie oordeel die gawes wat hy ontvang het, gebruik nie. Die nouer verband tussen die gawe en die gewer moet altyd raakgesien word. Simson se hare is dus eerder die teken van sy verhouding met God as wat die krag in sy hare lê.

Wanneer drange en begeertes voorkeur geniet, kan die gawes ook misbruik word. Toewyding vervaag en die gawes word nie meer as geleenthede bekou nie. Wanneer toewyding egter met verloop van tyd verdwyn, neem God dit nogstans nie sommer net weg nie, maar gee hy die mens steeds die een kans na die ander. Toewyding kan egter op die ou end heeltemal verdwyn, dan verdwyn die gawe ook. Die gevolg is nie net die

gawe wat weggeneem is nie, maar ‘n misbruikte roeping en gebroke verhouding met God.

Die sage wys dat die mens ook in breër verband staan, naamlik in gesinsverband en in volksverband. Hierdie samelewingsverbande is vir elke mens belangrik en eties bepalend. Die wegbreek uit hierdie verbande kan sterk negatiewe etiese problematiek inhou vir die persone betrokke.

Die verhaal wil ook vertel wat gebeur as daar nie ‘n koning is wat orde kan handhaaf nie. Dit kan ook ‘n waarskuwing teen ‘n koning wees. Mense bly feilbaar al is hulle deur God geroep. Juis daarom is ‘n noue verhouding met God onontbeerlik (Vosloo 1989:55).

Die tyd van die Simsonverhaal is deurspek met onreg en ongehoorsaamheid. Die leiers wat na vore kom is ook nou nie juis die voorbeeldigste nie. Simson was ‘n man wat nie van vroue kon wegbly nie. Tog stuur die Here sy Gees na Simson en gebruik hom om sy volk te verlos, al is die leier net so sondig soos die volk self. Simson wou nie met die Filistyne veg nie, hy wou met hulle ondertrou (Webb 1987:163).

Die boodskap van die sage kan verder negatief beskou word aangesien Simson ‘n verkwister was van die Goddelike gawes. Hierdeur het hy dus die voorbeeld gestel van hoe ‘n charismaat soos hy juis nie behoort op te getree het nie. Simson se seksuele eskapades en persoonlike vendettas voldoen nie aan sy nasireërskap nie. Die sage is ‘n les oor die gevolge van ongeloof nie net van ’n individu nie, maar ook van ’n volk wat volhard in sonde. Webb skryf die volgende oor Simson se lewe:

> The dignity which Samson acquires at the end of the narrative derives in part from the fact that he, too, does not demand explanations, but evinces something of that same calm acceptance of his place in the divine scheme of things that his mother evinced at the beginning. Samson, we feel, knows God in his death better than he knew him in his life.
>
> Webb (1987:174)

# HOOFSTUK 4

## MIV/VIGS AS MEDIESE EN SOSIALE PROBLEEM

### 4.1 INLEIDING

Die onetiese gedrag van Simson (Ri 14:9; 14:12; 14:17; 14:19; 14:3), naamlik ongehoorsaamheid aan sy roeping, moord, selfsug en onbeteuelde seks sluit aan by die etiese problematiek van ons dag, ook in Middelburg, Mpumalanga. Volgens die Christelike siening is MIV/Vigs onder andere die resultaat van seksuele gedragspatrone wat nie met die etiese norme van die Bybel met betrekking tot seks ooreenstem nie. Selfs onskuldige besmettings van mense wat hulle nie aan seksuele misdrywe skuldig maak nie, hetsy deur biologiese oorerwing of deur oordraging van die siekte deur bloed, hou uiteindelik verband met aanvanklike onetiese optrede van mense wat draers is van die siekte.

Seks is deur die eeue heen gekoppel aan ‘n kwelvraag. Op watter tydstip van die lewe kan die mens aan sy/haar ontwakende geslagdrang uiting gee? Kan ’n mens maar ongebereideld uitdrukking gee aan sy/haar seksuele verlangens en behoeftes? Of moet ’n mens dit tem deur dit onder kontrole van bepaalde waardes en norme te stel. In vrae soos “wanneer mag ek?”, en “wat mag ek?” speel reeds die ‘drif’ van die mens ’n rol om in die reine te probeer kom oor sy geslagtelikheid (Esterhuyze 1980:1).

Die aard en wese van die mens kan ons op geen enkele wyse as geslagloos voorstel nie. Geslagtelikheid kan nie net gesien word as iets naas menslikheid nie, dit is deel van die mens se bestaan. Die mens is nie eers mens om daarna te oorweeg of hy/sy seksualiteit ernstig of nie ernstig wil opneem nie.

Volgens Esterhuyze (1980:1-2) word vertel van die Griekse wysgeer, Pythagoras, wat die gevaar van sedelike verval so sterk by sy leerlinge ingeprent het, dat totale onthouding ‘n baie belangrike kode in hulle geledere ingeneem het. Hulle was so uitstekend afgerig dat dit by ‘n geleentheid sommige se dood veroorsaak het. Tien van Pythagoras se volgelinge is by geleentheid aangeval en terwyl hulle deur ‘n boontjieland kon ontsnap, het hulle verkies om liewer te sterf, want boontjies, so het hulle geglo, staan in noue verband met die setel van die onsuiwere begeertes. Hulle keuse was om

maar eerder te sterf as om die onsuiwere begeertes te stimuleer deur ‘n boontjieland te betree (Esterhuyze 1980:1-2). Natuurlik sal dit deur baie min mense betwis word dat die seksualiteit in ons dag inderdaad in vele opsigte en op verskillende vlakke uitermate problematies geword het.

Esterhuyze verwys na ‘n tyd wat seks gesien is as ‘n produksiefaktor en dat die genieting daarvan sou lei tot ‘n skuldmoraal (Esterhuyze 1980: 14-32). In hedendaagse tye het ‘n nuwe dag vir die mens en sy seksuele behoeftes aangebreek. Vrees vir onder andere swangerskap is deur die wetenskap uit die weg geruim. Dit het seks en die huwelik as ‘n koppeling oorbodig gemaak. Mediese middele soos inspuitings, pille, skuim en kondome het die vrees afgeskud en die weg gebaan vir vrye seksuele genietinge. Seks kan nou bedryf word volgens die oordeel en gewete van die mens.

Aangesien seksuele gedrag ook nie iets abnormaal is nie, iets waaroor die mens skaam en skuldig hoef te wees nie, het dit gelei na ‘n nuwe moraal. Seks word nou met die meeste verbruikersartikels, sport en plesier geassosieer. Seks as behoefte word nou niks anders hanteer as die behoefte na kos en klere nie. Net soos wat ‘n mens vry moet wees om honger en dors enige tyd te stil, so moet ‘n mens vry wees om seksuele behoeftes na goeddunke te bevredig. Dit blyk dat dit nou niks anders as ‘n gesonde vorm van reaksie geword nie. Die gevolge van so ‘n standpunt kan nogal dramaties en verrykend wees (Esterhuyze 1980: 32-35).

Met dié inligting as agtergrond gaan ek kortliks die HIV/Vigsprobleem bespreek.

## 4.2 MIV/VIGS AS MEDIESE PROBLEEM

Die sentrale noodkreet oor die ganse aarde is dat hierdie wêreldwye epidemie vererger word omdat die massas mense steeds oningelig is oor die oorsake en verspreiding van die siekte (Lachman 1995:1). ’n Gebrek aan inligting oor die siekte kan veral Derdewêreldlande se gemiddelde lewensverwagting teen 2010 reeds so laag as 31,5 jaar skat met MIV/Vigs as die hoofoorsaak van sterftes (Baggaley 1999:308).

Elke land in die wêreld moet weet dat MIV/Vigs ’n onlosmaaklike deel van die lewe is en alhoewel die mediese wetenskap die siekte en oorsprong vinnig kon identifiseer, meen moderne medici dat inligting aangaande die oorsprong en verspreiding so stadig

bekend raak, dat dit op 'n internasionale ramp afstuur (Johnson, in Meyer, Moore & Viljoen 2000:1523).

Met die samevatting van sy rede by die Negende Internasionale Konferensie oor MIV/Vigs in Berlyn op 7 Junie 1993, sê Dr James Curran: "Ek is meer beïndruk met die vordering van die virus as met die vordering van die wetenskap" (Lachman 1995:1).

### 4.2.1 Enkele statistieke

In die geskiedenis is daar nooit so 'n epidemie in Suid Afrika aangeteken wat met MIV/Vigs kan vergelyk nie (Dorrington et al 2002:1). Die hoofrede bly die agteruitgaan van morele standaarde (Dorrington et al 2002:2). Die volgende statistieke is insiggewend.

#### 4.2.2.1 Die Assa-model

Die Assa-model gaan van die veronderstelling uit dat 6,5 miljoen mense in Suid Afrika leef met MIV/Vigs. Van hierdie getal is meer as 6,1 miljoen (95,1%) in die ouderdomsgroep 18-64.

| People living with HIV/AIDS | EC | FS | GT | KZ | LM* | MP | NC | NW | WC | SA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Total HIV infections | 805 879 | 487 772 | 1 449 899 | 1 745 490 | 600 713 | 518 156 | 78 426 | 582 089 | 192 946 | 6 461 372 |
| Adults (18-64) | 758 670 | 467 542 | 1 404 473 | 1 639 263 | 562 178 | 490 228 | 75 228 | 556 640 | 187 073 | 6 141 578 |
| Adult men (18-64) | 316 231 | 244 344 | 782 996 | 775 787 | 251 296 | 241 951 | 35 883 | 287 988 | 78 604 | 3 016 080 |
| Adult women (18-64) | 442 339 | 223 197 | 621 477 | 863 475 | 310 882 | 248 277 | 39 729 | 268 652 | 107 469 | 3 125 498 |
| Child-braring age women (15-49) | 455 965 | 227 703 | 627 254 | 888 120 | 322 930 | 254 155 | 40 179 | 274 970 | 108 217 | 3 199 493 |
| Youth (15-24) | 197 875 | 84 772 | 163 283 | 371 676 | 151 959 | 99 211 | 12 779 | 104 439 | 24 754 | 1 210 749 |
| Male Youth (15-24) | 38 213 | 17 802 | 35 814 | 85 742 | 34 428 | 21 835 | 2 556 | 22 536 | 4 144 | 263 069 |
| Female Youth (15-24) | 159 661 | 66 970 | 124 470 | 285 934 | 117 532 | 77 376 | 10 224 | 81 903 | 20 610 | 947 680 |
| Children (0-14) | 29 018 | 12 776 | 31 488 | 68 208 | 23 204 | 18 379 | 1 904 | 15 830 | 4 327 | 205 134 |
| *The model does not fit this province very well and as a result probably overstates the implact of the empidemic | | | | | | | | | | |

(Dorrington et al 2002:4)

#### 4.2.2.2 Sterftesyfers veroorsaak deur Vigs

Sonder terapie is MIV/Vigs fataal. In 2002 was dit reeds verantwoordelik vir 40% van alle sterftes

| Deaths | EC | FS | GT | KZ | LM* | MP | NC | NW | WC | SA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Non-AIDS deaths over the year | 64 875 | 25 320 | 72 936 | 76 993 | 41 008 | 23 996 | 8 681 | 32 227 | 39 004 | 396 538 |
| AIDS deaths over the year | 27 125 | 19 173 | 56 414 | 82 373 | 21 306 | 24 483 | 2 397 | 22 127 | 5 904 | 262 337 |
| Accumulated AIDS deaths mid year | 67 715 | 49 766 | 132 249 | 231 265 | 55 190 | 71 424 | 5 465 | 56 407 | 14 166 | 688 493 |

| *The model does not fit this province very well and as a result probably overstates the impact of the epidemic |
|---|

(Dorrington et al 2002:6)

### 4.2.2.3 Voorkomingstrategie


| Prevention | EC | FS | GT | KZ | LM* | MP | NC | NW | WC | SA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Number of condoms distributed by Deaprtment of Health (Mil. P.a) | 26 | 24 | 84 | 30 | 31 | 20 | 4 | 28 | 20 | 267 |
| Comdoms per woman 15-49(p.a) | 14 | 30 | 33 | 12 | 22 | 24 | 15 | 27 | 16 | 21 |
| Condom usage by males 15-49 with no regular sex partner | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Condom usage by females 15-49 with non regular sex partners (98) | 6.1 | 10.9 | 10.4 | 6.7 | 6.4 | 9.5 | 5.0 | 9.0 | 8.1 | 8.2 |
| %men age 15-49 with STI symptoms in last 3 months (98) | 6.2 | 16.0 | 5.8 | 20.2 | 12.3 | 21.0 | 7.8 | 9.6 | 6.2 | 12.7 |
| Number of pregnant woman with access to MTCP (2001) | 7 824 | 4 548 | 7 164 | 20 664 | 4 176 | 648 | 1 392 | 1 872 | 7 596 | 55 884 |
| Access to MTCP as % of pregnant women | 4% | 7% | 4% | 8% | 3% | 1% | 6% | 25 | 8% | 5% |
| Number of public facilities offering VCT (2002) | 6 | 69 | 10 | 26 | 171 | 26 | 30 | 66 | 70 | 474 |
| VCT clinics per 100 000 population | 0.08 | 2.37 | 0.11 | 0.27 | 3.14 | 0.83 | 3.02 | 1.71 | 1.54 | 1.02 |

(Dorrington et al 2002:4)

Tot op datum is die Regering se strategie gemik op voorkoming van Vigs.

### 4.2.2.4 MIV/Vigs besmette mense en voorsiene sterftes in Mpumalanga


Op die volgende bladsy verskyn ’n grafiese voorstelling.




(Dorrington et al 2002:4)

#### 4.2.2.5 Sterftesyfers vir kinders en volwassenes in Mpumalanga.


Die grafiek toon die hoë sterftesyfers in Mpumalanga, die provinsie waarin Middelburg geleë is, aan.




(Dorrington et al 2002:4)

### 4.2.2.6 Weeskinders onder 15 jaar in Mpumalanga.

| YEAR | TOTAL ORPHANS | TOTAL AIDS ORPHANS | TOTAL NON AIDS ORPHANS |
|---|---|---|---|
| 1991 | 27 022 | 29 | 28 90-3 |
| 1992 | 27 500 | 73 | 27 427 |
| 1993 | 27 854 | 172 | 27 612 |
| 1994 | 28 505 | 375 | 28 130 |
| 1995 | 28 122 | 788 | 28 358 |
| 1996 | 28 943 | 1 473 | 28 470 |
| 1997 | 31 127 | 2 880 | 28 448 |
| 1998 | 32 801 | 4 623 | 28 278 |
| 1999 | 35 543 | 7 588 | 27 957 |
| 2000 | 38 358 | 11 888 | 27 488 |
| 2001 | 44 563 | 17 732 | 28 831 |
| 2002 | 51 358 | 26 350 | 25 976 |
| 2003 | 59 878 | 34 902 | 24 076 |
| 2004 | 70 133 | 46 231 | 23 902 |
| 2005 | 81 913 | 59 038 | 22 818 |
| 2006 | 94 742 | 72 995 | 21 747 |
| 2007 | 107 760 | 87 114 | 20 646 |
| 2008 | 120 361 | 100 768 | 19 688 |
| 2009 | 131 962 | 118 816 | 18 685 |
| 2010 | 141 816 | 124 073 | 17 748 |





Dorrington et al 2002:4)

#### 4.2.2.7 Statistiek van voorspelbare sterftes.

Die statistiek en bevolkingspiramide vir mans en vrouens gedurende die tydperk tussen 2000 en 2010 in Mpumalanga omvat die totale populasie van onvoorspelbare en voorspelbare siektes.

| | 2000 | | 2010 | |
|---|---|---|---|---|
| Age | Male | Female | Male | Female |
| 0-4 | 195 744 | 194 343 | 180 211 | 177 518 |
| 5-9 | 171 753 | 175 666 | 180 966 | 179 318 |
| 10-14 | 166 050 | 167 v995 | 185 004 | 185 723 |
| 15-19 | 157 810 | 156 896 | 168 001 | 173 244 |
| 20-24 | 147 417 | 144 949 | 162 743 | 162 432 |
| 25-29 | 132 095 | 138 508 | 150 248 | 136 749 |
| 30-34 | 110 066 | 119 534 | 124 441 | 106 764 |
| 35-39 | 101 239 | 103 099 | 92 456 | 91 835 |
| 40-44 | 90 021 | 87 768 | 69 006 | 79 005 |
| 45-49 | 73 987 | 72 554 | 62 346 | 72 250 |
| 50-54 | 53 646 | 52 949 | 57 029 | 67 331 |
| 55-59 | 39 7890 | 41 434 | 47 560 | 59 799 |
| 60-64 | 28 303 | 31` 656 | 34 795 | 44 746 |
| 65-69 | 17 478 | 21 462 | 25 372 | 33 736 |
| 70-74 | 12 742 | 16 428 | 16 536 | 23 398 |
| 75-79 | 7 105 | 9 571 | 8 495 | 13 455 |
| 80-84 | 3 832 | 6 211 | 4 515 | 7 957 |
| >=85 | 1 686 | 3 189 | 2 105 | 4 527 |

(Dorrington et al 2002:4)




(Dorrington et al 2002:4)

Bogenoemde tabelle toon die skokkende toestand wat deur MIV/Vigs veroorsaak word. Alhoewel daar baie faktore is wat die hoë besmetting van MIV/Vigs-pasiënte veroorsaak, spreek hierdie statistieke ook boekdele oor die lae moraliteit waarvolgens mense leef.

Die provinsiale MIV/Vigs-program vir 2005 het gefokus op die voorkomings-inisiatief, sowel as op die ontwikkeling van sorg- en ondersteuningsprogramme. Gedurende 2005 is ‘n MIV/Vigs-seminaar in Middelburg se plaaslike hospitaal aangebied deur die Departement van Gesondheid, waar hierdie inisiatiewe bespreek is.

## 4.3 VIGS AS SOSIALE PROBLEEM

Baie mense is van mening dat onetiese optrede net te doen het met sekere aksies van ‘n individu. Dit sou dan bots met hulle godsdienstige of sosiale oortuigings en die skuldige word as ‘n oortreder beskou. Oortredinge soos rook, drank, pornografie, steel en owerspel word dan aan die oortreders gekoppel. Volgens Villa-Vicencio (1994:2) is dit te oppervlakkig om so na onetiese optredes te verwys en ‘n persoon as die skuldige daaraan te koppel. Hy meld dat aspekte soos die persoon se psigologiese probleme en die uitwerking daarvan, byvoorbeeld owerspel, wye sosiale impak het op die gesin, familie, gemeente, skool, werk en gemeenskap.

Wanneer daar na Amos 5:22-24 gekyk word, sien ons dat die profeet byvoorbeeld persoonlike en sosiale probleme as dieselfde aangeleentheid beskou en weeg dit dan op teen die ware godsdiens (Villa-Vicencio 1994:2): “Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie. Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos ‘n standhoudende stroom.”

Om bogenoemde redes meen Villa-Vicencio (1994:2) dat dit nie maklik is om ‘n definisie vir etiek te gee nie, want een persoon se oortreding raak uiteindelik ‘n hele gemeenskap. Teologiese etiek kan wel gedefinieer word, maar dan word dit veronderstellings en dogmas wat dus buite die gebied van die Ou Testamentiese etiek sou val.

## 4.4 GEVOLGTREKKING

In die lig van die voorafgaande vind ons die volgende in die Middelburg-situasie:

- Daar is ’n verskeidenheid van mediese sieninge oor die mediese etiek wat gevolg moet word;
- Daar is ’n verskeidenheid godsdienstig-etiese sienings wat in die pad van die medies-etiese beskouings staan.
- Daar is verskeie teologiese sieninge onder die onderskeie kerke en volgens elkeen se dogma val die klem in etiek op iets anders.

By Professional Family Care in Middelburg, Mpumalanga, kry ons dit reg om hierdie verskillende sienings bymekaar uit te bring. Dit gaan hier spesifiek oor die ‘herontdekking’ van die sosiale karakter van etiek binne ons gemeenskap wat uit ’n verskeidenheid van godsdiensbeskouings bestaan.

Een van die mooi dinge rondom die herontdekking van die sosiale karakter van etiek, is dat daar opnuut gefokus word op die lewens van mense en relevante morele teorieë, eerder as op die agtergrond (Villa-Vicencio 1994:2). Dit is waarom hierdie studie so relevant is binne die situasie van die gemeenskap van Middelburg waar daar onder andere vanuit die Bybel werklik rigting gegee kan word oor die betrokke problematiek.

As gevolg van die skokkende feite rondom MIV/Vigs wêreldwyd, maar ook in Middelburg, Mpumalanga, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat gesprekvoering tussen leiers van verskillende godsdienste tot ’n nuwe, en vir ons situasie relevante, seksuele etiek kan lei. Hieruit kan nuwe morele standaarde op seksuele gebied vir ons omgewing gebore word.

Die volgende hoofstuk handel oor die noodsaaklikheid van dialoog tussen verskillende godsdienste, asook godsdiens as ’n belangrike manier waarop waardes oorgedra word. Argumente word hier gebaseer op die ekosistemiese benadering tot godsdiens.

# HOOFSTUK 5

## ’N EKOSISTEMIESE BENADERING TOT GODSDIENS EN ETIEK

### 5.1 INLEIDING

Dit is belangrik om te meld dat Professional Family Care in Middelburg as ’n groep amptelik besluit het om die ekosistemiese model van Meyer, Moore & Viljoen (2000) te gebruik as ‘n raamwerk vir die opleidingsmodel vir die nuwe moraal, insluitende die godsdienstige en etiese aspekte.

Godsdienshiërargie, soos wat dit in die apartheidsjare beoefen was, het die afgelope dekade dramaties verander. Vir Christene was hulle godsdiens ingeweef in hulle alledaagse lewe en ander godsdienste is grootliks gemarginaliseer. Politieke, kulturele, regs, sport en akademiese aangeleenthede is dikwels met Skriflesing en gebed geopen. Kort ná die 1994 verkiesing en die verwisseling van regering in Suid-Afrika, het Meiring oor die godsdiensheerskappy van die Christendom in ons land die volgende gedagtes geuiter:

> In die toekoms sal daar nie net, soos in die verlede wel die geval was, aan Christene die geleentheid gegee word om hul geloof oor die sender van die radio en televisie te beoefen nie, maar ook aan die aanhangers van die ander groot godsdienste in Suid-Afrika. Sewentig persent van die beskikbare tyd sal aan Christelike uitsendings bestee word, terwyl die Moslems en Hindoes in die land elk vyf persent van die uitsendings sal waarneem. Aanhangers van die tradisionele godsdiens van Afrika sal eweneens vyf persent van die uitsendings waarneem. Jode kry drie persent. Die oorblywende 12 persent sal aan interreligieuse programme gewy word.
>
> Meiring (1995: Inleiding)

Meteens was Suid-Afrika nie noodwendig meer net ’n Christenland nie. Hierdie situasie het ook die eens konserwatiewe Middelburg uit ’n godsdienstige oogpunt baie beïnvloed. Samewerking tussen verskillende godsdienste het weens gemeenskaplike probleme begin posvat. Dit het gou duidelik geword dat dit nie net die Christelike etiek is wat gaan help om die wa deur die drif te trek nie, maar dat daar saam met ander godsdienste gewerk moet word om die lae morele leefwyse van ons bevolking en veral

van die mense in Middelburg se omgewing aan te spreek. Daarom is daar begin soek na raakpunte tussen die verskillende godsdienste in die dorp. Uit hierdie dialoogvoering is daar toe gesamentlik besluit om Meyer, Moore & Viljoen se ekosistemiese model te gebruik met betrekking tot godsdienstige samewerking. Die motivering vir hierdie samewerking het soos volg ontstaan.

Op sommige gebiede blyk dit dat die verskillende groepe mense van Middelburg goed oor die weg kom. Hulle werk saam, doen by dieselfde plekke inkopies, gaan na dieselfde plekke vir ontspanning en stem selfs vir dieselfde politieke partye. Sodra die godsdienstige sy ter sprake kom, is die verskille egter so groot dat dialoog tussen leiers van die verskillende godsdienste bykans onmoontlik is.

Die eerste uitdaging was dus net om mekaar as individue te probeer leer ken en vertrou. Dit is gedoen deur net informeel sake van die dag te bespreek. Een oggend elke 2 maande vir meer as drie jaar het ‘n groep op dié wyse ontmoet en begrip vir mekaar se doen en late gekry. Godsdienstige en dogmatiese onderwerpe was taboes. Mettertyd is vertroue gebaseer op en gedagtes geruil rondom die gesamentlike probleem, naamlik MIV/Vigs. Morele en etiese sake was verbasend baie naby mekaar aan dieselfde waardestelsel gekoppel – almal is gekant teen seksuele losbandigheid. Dit was duidelik dat ‘n nuwe etiese moraal gekweek moet word. Daar is ook begin praat van ’n nuwe seksuele moraal. Professional Family Care het die instansie geword wat neutraal staan en brûe bou deur berading en opleiding aan die onderskeie gemeenskappe.

Vervolgens word kortliks aan die ekosistemiese model waarop Professional Family Care besluit het vir opleiding en berading, aandag gegee.

## 5.2 AGTERGROND VAN DIE EKOSISTEMIESE BENADERING

Om die opleidingswaarde van die benadering doeltreffend te verstaan, is dit belangrik om te kyk na die agtergrond waarteen die benadering staan. In wat hier volg, sluit ek baie nou aan by Meyer, Moore en Viljoen se gedagtegang.

Die ekosistemiese benadering is ‘n intergrasie van bepaalde studieterreine soos die sisteemteorie, ekologie en kubernetika en verteenwoordig nie ‘n bepaalde godsdiensteorie nie (Meyer, Moore & Viljoen 2000:583). Ekologie kan byvoorbeeld gesien word as die fundamentele aanname dat alle dinge in die natuur op ‘n komplekse

maar sistemiese wyse met mekaar in verband staan. Wanneer daar byvoorbeeld aan ‘n woud gedink word en hoe organismes in ‘n woud saamleef, sien ons dat varings in die skaduwee van groot bome groei, terwyl verrotte blare en lewende organismes in die grond sal saamwerk ten einde die grond vrugbaar te maak vir verdere groei. Indringers soos parasiete kan aan die ander kant die hele sisteem benadeel en aanpassings binne die sisteem noodsaak. Dit sal nie veel sin maak om bepaalde elemente in die woud afsonderlik te bestudeer nie. Die wisselwerking tussen al die elemente wat aan die groter subsisteme lewe gee, moet egter bestudeer en verstaan word (Meyer, Moore & Viljoen 2000:583).

Op godsdienstig-etiese gebied kan soortgelyke prosesse van integrale sistemiese samewerking tussen godsdienste plaasvind met die doel om ’n verskil te maak in die lewens van mense.

### 5.2.1 Die mens as verteenwoordiger van die ekosistemiese benadering

Volgens dié benadering word die mens ‘n sisteem binne die hiërargie van groter sisteme, soos byvoorbeeld die gesin en die gemeenskap. Betekenis word toegeken aan alles waarmee die mens in aanraking kom en hierdie betekenis word as “werklikheid” deur die betrokke persoon ervaar. Erkenning word aan verskillende werklikhede gegee wat naas mekaar kan bestaan. Die werklikhede verteenwoordig die persoon: wat vir een persoon werklik is, is nie noodwendig vir ‘n ander persoon werklik nie. Ons kry dus werklikhede wat naas mekaar staan en aan mekaar erkenning gee. Dit word ‘n netwerk van betekenisse en weerspieël die persoon se behoeftes, wense, waardes, idees en dinge wat hy/sy glo (Meyer, Moore & Viljoen 2000:585).

Volgens Meyer Moore & Viljoen, (2000:588-590) word menslike sisteme as outonoom gesien want hulle het betekenisstrukture wat hulle eie aksies bepaal. Die een sisteem kan wel die volgende sisteem beinvloed, maar dit kan slegs geskied op die basis wat die eerste dit toelaat.

### 5.2.2 Die struktuur van persoonlikheid

#### 5.2.2.1 Menslike ekosisteme

Die algemene sisteemteorie het tot gevolg dat daar in die sielkunde nie langer net op kleiner elemente van gedrag gefokus is nie, maar dat menslike funksionering in terme van groter gehele of sisteme gesien is. Verder val die klem op die inwerking van

interafhanklike sisteme op mekaar het (Meyer, Moore & Viljoen 2000:591). Dieselfde beginsel geld egter vir die verskeie godsdienste en vir subgroepe binne die godsdienste, byvoorbeeld die verskillende denominasies binne die Christelike kerk. Met ander woorde, ten spyte van die individuele godsdiensverskille (waardes en oortuigings) kan dit tog moontlik wees om die verskillende godsdienste in die ekosisteembebenadering saam te voeg om 'n geheel te vorm. Uit die aard van die redenasie gaan dit hier oor dialoog en samewerking om gesamentlike doelstellings in die samelewing te bereik en nie oor samesmelting nie.

#### 5.2.2.2 Godsdiens

Volgens Meyer, Moore & Viljoen (2000:608) gee die ekosistemiese benadering nie aan een spesifieke spirituele dimensie aandag nie. Voorsiening word gemaak vir die insluiting van alle subsisteme en daar bestaan dus geen rede waarom die spirituele dimensies nie as subsisteme binne die groter geheel gesien kan word nie. In die breër verband speel godsdiensbeoefening 'n rol in die gemeenskap, en sal egter ook binne die benadering van belang wees.

Klem behoort geplaas te word op die besondere betekenis wat aan bepaalde religieuse filosofieë of oortuiginge en ooreenstemmende gelowe en rituele toegeken word binne die ekosistemiese benadering. Om idees rondom die religie te ondersoek en kennis te neem van die konsensus wat groepe oor bepaalde idees bereik het, is belangrik. Daar moet ook gelet word op die betekenisse wat elke persoon self aan die idees toeken het.

Volgens Meyer Moore & Viljoen (2000:608) is die ekosistemiese benadering 'n voorstander van verskillende realiteite, en dit veronderstel die erkenning van verskillende godsdiensfilosofieë wat naas mekaar kan bestaan. Dit is belangrik dat die beginsel van optimale funksionering binne die ekosistemiese benadering wat onderliggend aan hierdie sisteem is, vereis dat 'n spesifieke deel van die sisteem sigself nie ten koste van ander dele behoort te maksimaliseer nie. Dit stem dus ooreenstem met die gedagte van naasteliefde wat in die meeste godsdiensideologieë bepleit word.

### 5.2.3 GEVOLGTREKKING

In die lig van die besondere diversiteit van die Suid Afrikaanse gemeenskap, het die ekosistemiese benadering reeds 'n besondere invloed op die sielkunde en verwante professies in Suid Afrika uitgeoefen. Weens die politieke, sosiale en godsdienstige

verwikkelinge in ons land, kan daar met behulp van hierdie benadering op die groter gehele gefokus word. Grense tussen subsisteme kan dus deur middel van gesprek oorgesteek word (Meyer Moore & Viljoen 2000:614-615).

In die hoofstuk wat hierop volg, word die godsdienstig-etiese perspektiewe van die verskillende godsdienste betrokke in Middelburg, Mpumalanga, onder die loep geneem met die doel om raakpunte te identifiseer.

# HOOFSTUK 6

## GODSDIENSTIG-ETIESE PERSPEKTIEWE VAN VERSKILLENDE GODSDIENSTE

### 6.1 INLEIDING

Ten einde ’n geheelbeeld te kry van die godsdienstig-etiese perspektiewe van die verskillende godsdienste wat in Middelburg, Mpumalanga verteenwoordig word, asook om gemeenskaplike punte van dialoog vas te stel, word die verskillende godsdienste se uitgangspunte vervolgens bespreek. Ek het tydens die ondersoek gesprekke gevoer met godsdiensleiers van die verskillende godsdienste wat in Middelburg betrokke is, om so meer direk van hulle te verneem wat hulle siening oor seksuele etiek en oor MIV/Vigs is. Ná elke behandeling van die onderskeie godsdienste, gee ek kortliks die inhoud van hierdie gesprekke deur.

### 6.2 ’N VERGELYKING TUSSEN OOSTERSE EN WESTERSE PERSPEKTIEWE

Verskille tussen die Westerse en Oosterse godsdienste word in die epistemologiese en ontologiese vertrekpunte gevind. Die Westerse benadering is sterk gebonde aan ‘n filosofiese en wetenskaplike tradisie met ’n tipiese modernistiese, positiwistiese mensbeeld en empiriese paradigma. Die meeste hoofstroomgodsdienste is van Westerse afkoms en kan dus as wetenskaplik en analities-reduksionisties getipeer word. Menslike gedrag word ontleed, voorspel en beheer (Meyer, Moore & Viljoen 2000: 367).

Die lewens- en wêreldbeskouing waarin die Oosterse godsdienste geanker is, word goed deur Atwood & Maltin saamgevat.

> The highest aim is to become aware of the unity and mutual interrelation of all things, to transcend the notion of an isolated individual self, and to identify themselves with the ultimate reality.... The cosmos is seen as one inseperarable reality – forever in motion, alive, organic, spiritual and material at the same time. The two basic themes of this conception are the unity and interrelation of all phenomena and the intrinsically dynamic nature of the universe.

Atwood & Maltin (1991:369)

Die Oosterse godsdienstige perspektiewe is afkomstig vanuit 'n streng religieuse en metafisiese basis. Subjektiewe waarnemening en direkte ervaring word gestel as paradigma. Die benadering word dus as intuïtief intergrerend getipeer (Meyer, Moore & Viljoen 2000:619). Anders as die doel van die Westerse benadering om gedrag te ontleed en te voorspel, is die doel van die Oosterse benadering om kennis van die siel te verkry en sodoende die siel deur selfverwerkliking te bevry. Dit beteken dus dat waar Westerse godsdienste om die individu sentreer, die Oosterse godsdienste meer in die mens se harmonieuse eenheid met die medemens, die samelewing, die natuur en die kosmos geinteresseerd is.

Roland (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:619) is van mening dat individuele selfgesentreerdheid van die Westerling nie prominent in die Ooste voorkom nie. In die Ooste handel dit eerder oor 'n gekontekstualiseerde self, met die klem op 'n familie-self. Diadiese verhoudings wat gekenmerk word deur 'n eie geestelike self wat vergestalt word in transendente verhoudinge is tipies van Oosterlinge. Binne hierdie kollektiewe verhoudings behou die individu sy/haar self-aktualisering as transendering van die self. Dit staan in kontras met die Westerlinge wat streef na uitbouing van die self as self-aktualisering. In die Westerse godsdiens word die self "ek" of ego sentraal gestel, en die opvatting is dat dit ten alle koste behou, uitgebou of geaktualiseer moet word, terwyl die mens volgens die Oosterse perspektief alleen sy of haar eindbestemming kan bereik deur die transendering (Hindoeïsme) of self-afswering (Boeddhisme) van die self, "ek" of ego (Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:620).

Ten spyte van die verskille wat daar tussen 'n Westerse en Oosterse mensbeeld bestaan, bepleit Ho (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:70) dat die erkenning van die verskille nie moet lei tot 'n uitsluiting van die een perspektief ten koste van die ander nie. Volgens Ho moet dit eerder as aanvullende gesigspunte gesien word, omdat "neither, when taken alone, is capable of yielding a complete account of the total complexity of psychological phenomena."

Daar moet egter onthou word dat die begrip Westerse godsdiens 'n verskeidenheid uiteenlopende beskouings betrek. Dieselfde geld vir die Oosterse godsdiens wat 'n

sambreelbegrip is wat verskillende religieus-filosofiese beskouinge betrek en waar in die Hindoeïsme en Boeddhisme nog fynere onderskeide getref moet word.

Daar word vervolgens na Vedanta as verteenwoordiging van 'n Hindoeperspektief gekyk.

## 6.3 DIE HINDOE-PERSPEKTIEF: VEDANTA

### 6.3.1 Agtergrond

Die Vediese geskrifte van die Hindoes het tussen ongeveer 2000-500 v.C. ontstaan (Krüger, Lubbe & Steyn 1996:62-69). Die Oepanishads vorm deel van hierdie versameling geskrifte. Vedanta is die filosofie wat hiermee saamhang. Aan die begin van die Christelike era is die Oepanishad-tekste deur Brhadaranyaka volgens die Vedantiese tradisie bestudeer, geïnterpreteer en gesistematiseer. Een van die invloedrykste interpretasies van die Oepanishad-tekste en die Bhagavad-Gita (laasgenoemde kom uit die Epiese Era tussen ongeveer 500 v.C. en 300 n.C.) is deur Sankara (788-820 n.C.) gemaak. Sankara se werk in die Oosterse filosofie kan logies en invloedryk vergelyk word met die werke van die Westerse filosoof Aristotelis (Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:620).

### 6.3.2 Die mens- en wêreldbeskouing onderliggend aan dié benadering

#### 6.3.2.1 Die verhouding tussen die mens en Brahman

Die mens- en wêreldbeskouing kan in Sankara se "nie-dualistiese" beskouing nie van mekaar geskei word nie. Dié beskouing postuleer primêr die bestaan van 'n enkele fundamentele realiteit, Brahman, wat alomteenwoordig, vormloos, sonder eienskappe en basies onbeskryfbaar is. Hierdie realiteit omvou, deurdring en transendeer die wêreld wat die mens deur middel van sintuiglike ervaring ken en beleef, en wat die mens soms verkeerdelik as die enigste en ware realiteit aanvaar (Paranjpe; Ross-Reat; Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:622). Die enkelvoudige, vormlose Brahman is wesentlik dieselfde as die ware individuele self en laasgenoemde vorm ook deel van 'n deel-eenheid met Brahman (Meyer, Moore & Viljoen 2000:633).

Hoewel Brahman as onbeskryfbaar tipeer word, word daar wel drie eienskappe daaraan toegeken, naamlik *Wese, Bewussyn en Geluksaligheid.* Omdat daar wesentlik geen verskil tussen die ware self en Brahman is nie, is die wesentlike eienskappe van die individuele persoon ook Wese en Bewussyn wat op Geluksaligheid afgestem is. Mense

ervaar nie normaalweg in hul daaglikse lewe geluksaligheid nie, maar pyn en lyding, en dit laat hulle vasgevang voel in ‘n beperkte en verkeerdelike waarneming van hulleself in die wêreld waarin hulle leef. Dit is te wyte daaraan dat hulle vasgevang is in die beperkte en foutiewe waarneming van hulleself in die fenomeenwêreld. Sodra hulle die ware self en die wesentlike realiteit vanuit ‘n hoër bewussyntoestand ervaar, word werklike geluksaligheid eers deel van hulle.

Om selfverwesenliking te bereik, moet die Hindoe die volgende deugde aankweek (Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:625):

- Die bewussyn moet beheer word sodat dit in ‘n enkele objek tot rus kan kom sodat niks anders meer in die bewussyn is nie;
- Die sintuie moet aan objekte van plesier onttrek word;
- Daar moet voorkom word wat die bewussyn deur eksterne objekte beheer word;
- Verdraagsaamheid en uithouvermoë moet aangeleer word sodat teenspoed ervaar word sonder om bevange of angstig te raak;
- Deurdagte geloof in die onderrig van die Vedantiese geskrifte en die onderwyser (guru) moet geopenbaar word;
- Volle rus van die bewussyn moet in die vormlose Brahman gevind word, sonder om deur persoonlike begeertes verlei te word;
- Intense begeerte om van egoïsme en onkunde verlos te word.

Die Vedantiese metode tot self-verwerkliking is dus grootliks ‘n selfhelp program om hoër vlakke van vervulling te bereik (Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:627).

#### 6.3.2.2 Die wet van karma

Volgens die Vedanta is lewelose materie (soos die aarde, rotse of water) sowel as lewende materie (plante, diere en die mens) voortdurend aan verandering onderworpe. Die wet van karma is in beheer van hierdie veranderinge. Hierdie wet bepaal dat niks toevallig gebeur nie, maar dat elke aksie, dus ook lewe, deur noodwendige gevolge bepaal word. Hier is nie sprake van ’n goddelike ingrepe in gebeurtenisse en gedrag nie. Die wet van karma is dat elke persoon die onvermydelike gevolge van sy of haar goeie en slegte dade moet dra. Daar is dus geen sondebesef nie, maar ’n dogma van oorsaak en gevolg sonder dat daar noodwendig ’n godheid betrokke is.

Daar word drie kwaliteite onderskei (Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:628), naamlik massa (tamas), beweging en energie (rajas), en sattva (verligting of opheldering). Hierdie drie kwalliteite is altyd in elke wese teenwoordig en kan ’n mens tydelik domineer. Die kwaliteite bepaal dus ‘n persoon se gedrag. Die ware self is egter bo hierdie kwaliteite verhewe en deur die proses van self-verwerkliking is ‘n persoon in staat om hierdie kwaliteite te transendeer (Roland in Meyer, Moore & Viljoen 2000:628). Volgens Paranjpe en Kuppuswamy (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:628) verdeel die *Bhagavad-Gita* individue in drie persoonlikheidstipes op grond van die kwaliteit wat domineer:

- ‘n Persoon wat deur *tamas* gedomineer word, word beskryf as vulgêr ongebalanseerd, hardkoppig, bedrieglik, kwaadwillig, traag, neerslagtig en vaal. Hierdie soort mens word tipeer as onverskillig, een wat nie verstaan nie, lui en lusteloos.
- ‘n Persoon wat deur *rajas* gedomineer word, is gierig, aggressief, passievol, emosioneel, baie labiel en wissel maklik tussen vreugde en verdriet (Meyer, Moore & Viljoen 2000:204). Sulke mense is onrustig, wellustig en gulsig.
- ‘n Persoon wat deur *sattva* gedomineer word, is nie-egoïsties, onbetrokke by die alledaagse, onaangeraak deur sukses of mislukking en vol geesdrif en voornemens. Dit is ’n intelligente persoon met ’n duidelike visie.

#### 6.3.2.3 Optimale Funksionering

Optimale funksionering is die self-verwerklikte persoon wat sy of haar ware self of Atman beleef. ‘n Optimaal funksionerende persoon vermy volgens die Vedanta alle lyding wat gepaard gaan met die strewe na rykdom, mag en roem, en so ‘n persoon is in ‘n toestand van vrede, harmonie en berusting omdat hy of sy die ware self beleef (Meyer, Moore & Viljoen 2000:629).

### 6.3.3 Evaluering van die benadering

Paranjpe (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:631) is van mening dat Vedanta ‘n antieke Oosterse denksisteem is, dat dit ‘n konseptuele model van menslike funksionering daarstel wat niks meer omvattend of beperk is as die meeste moderne persoonlikheidsteorieë nie. Dit is ‘n praktiese metode om die algehele toestand van menswees te verbeter deur die uitsluitlike klem op die verlossing van menslike lyding deur self-verwerkliking.

Hierdie benadering is beperk, aangesien dit geen aandag skenk aan die menslike funksionering in die allerdaaglikse lewe nie. In vergelyking met die meeste godsdiensperspektiewe is die self-verwerkliking egter nie vir alle mense (gelowe) haalbaar nie, dus word die bogenoemde beskouings soms as te realisties gekritiseer. Hierdie beskouing plaas dus nie net klem op die selfverwerkliking nie, maar ook op self verantwoordelikheid, soos wat dit in die meeste godsdienste verkondig word (Meyer, Moore & Viljoen 2000:631).

### 6.3.4 Seksuele etiek van Hindoeïsme

#### 6.3.4.1 Gandhi se beskouings

Ons gaan eers na die werk van Gandhi, 'n groot geestelike in Hindoe-kringe, kyk. Seshagiri Roa (1995:1) meld dat wanneer Gandhi oor seksuele moraliteit skryf, is hy besorg oor seksuele verhoudinge binne die huwelik. Morele resultate kan slegs geproduseer word deur morele weerhouding. Hy is van mening dat bandelose bevrediging nie die wet van die lewe is nie, maar dat weerhouding of selfbeheersing die wettige faktor moet wees. Die heiligheid van die huweliksbelofte kan slegs bewaar word by onthouding. Gandhi voel dat die energie wat verlore raak by geslagsgemeenskap gebruik kon word om 'n man en vrou sterk te hou in liggaam, siel en gees. Die energie wat vermors word tydens gemeenskap is tydelike plesier, daarom stel hy voor dat die engergie wat gebruik word om moreel en geestelik verryk te word baie meer voordelig is. 'n Gesonde aktiewe lewenstyl moet gekweek word, goeie gesonde oefening, die regte dieet met baie vrugte, 'n rein gewete en 'n koue stort sal negatiewe perverse gedrag stuit.

Hy het verdere advies vir diegene wat nie kinders wil hê nie. Hy vra dat die sulkes na die laer vorme van lewe soos in die diereryk moet kyk. Diere het gemeenskap net om 'n nageslag te verwek, andersins bestaan daar geen behoefte na gemeenskap. Mense is geseën met 'n konstante seksuele dryfkrag maar ook met die vermoë om vir hulself te dink en selfbeheersing toe te pas. Hy noem dus dat seks sonder begeerte vir aanteling onnatuurlik is.

#### 6.3.4.2 Gandhi se benadering bekyk vanuit 'n Hindoe-perspektief

Daar word nie baie gesê oor die seksuele gemeenskap in die huwelik gevind in die Hindoe-geskrifte nie. Gandhi se aannames is rigied en nie natuurlik vir die houding teenoor seks in Hindoeïsme nie. Inteendeel, dit is 'n feit dat die huwelik 'n

fundamentele deel is van Hindoeïsme. Gandhi self is getroud toe hy maar 13 jaar oud was.

Die huwelik word hoog aangeskryf en is ‘n sakrament. Dit word van elke Hindoe verwag om te trou en ‘n gesin te onderhou. Die doel van die huwelik is nie slegs ouerskap nie, maar ook plesier. Hindoes deel nie die gedagte dat seks sonde teen God is nie. Gandhi se uitgangspunte word waarskynlik in verband met sy eie vroeëre lewe gebring. Enige bespreking van Hindoeïsme, ook hulle etiek, is moeilik as gevolg van die enorme verskeidenheid en hoeveelheid binne die tradisie. Hindoeleiers het nie ‘n enkele teks wat outoritêr is nie (Kana Mitra 1982:77).

#### 6.3.4.3 Die Hindoe vrou

Die huwelik is waarskynik die belangrikste gebeurtenis in die lewe van die vrou. Die vader se huis is net ‘n tydeike woning vir die dogter, want na haar huwelik gaan sy by haar skoonouers woon (Kana Mitra 1982:588). Volgens die *Journal of Ecumenical Studies* 1980:8) het ‘n Hindoe vrou as moeder die hoogste status in die gemeenskap. In Hindoeïsme, soos baie ander tradisies, is die simbool van die moeder soos die aarde. Die aarde is geduldig, verdraagsaam en vrugbaar. ‘n Ander baie belangrike simbool is die koei wat melk gee en ook vrugbaar en geduldig is. Hindoe vroue ontvang ‘n seën, nl. “wees moeder van ‘n seun.” Hoewel die grootouers half grappenderwys teleurstelling sal betoon as ‘n dogter gebore word, word dogtertjies met baie liefde grootgemaak, omdat hulle nie te lank by die ouers sal bly nie. Na die huwelik op ‘n vroeë ouderdom gaan sy immers by haar skoonouers bly (*Journal of Ecumenical Studies* 1980:11). Om ‘n vrou te wees blyk ’n ideaal te wees in Hindoeïsme. Die ganse hierargiese sosiale struktuur van Hindoeïsme word gebasseer op erkenning van verskillende kenmerke van die mens. Dit is waar dat vroue biologies en psigologies voorberei word om vrou en moeder te wees, maar die rol van die moderne vrou om ook ‘n eie beroep te hê moenie onder die Hindoes onderskat word nie (*Journal of Ecumenical Studies* 1980:14).

#### 6.3.4.4 ’n Kort onderhoud met ’n Hindoe-priester

Uit ’n persoonlike gesprek met ’n Hindoe-priester het die volgende geblyk:

**Vraag:**

Binne julle godsdiens gemeenskap, is daar seksuele probleme wat julle kan identifiseer?

**Antwoord:**

Ja by afvallige Hindoes bestaan daar seks buite die huwelik.

**Vraag:**

Wat is julle siening oor die huwelik en seks, en seks buite die huwelik?

**Antwoord:**
Daar is geen seks buite- of voor die huwelik nie. Dit is ook die rede hoekom die Hindoes op ‘n baie vroeë ouderdom trou. Die huwelik word gewoonlik gereël deur die ouers in hulle tienerjare.
**Vraag:**
Hoe sien julle die probleem van MIV/Vigs? Sien julle dit as straf van God of as iets wat gebeur as gevolg van die mens se eie toedoen?
**Antwoord:**
Dit word nie gesien as straf van God nie, maar as self opgelegte straf.
**Vraag:**
Hoe voel julle oor seks en godsdiens en seks en kultuur?
**Antwoord:**
Toegewyde Hindoes het nie ‘n kultuurlewe wat losstaan van hulle godsdiens nie.
**Vraag:**
Wat sien julle as oplossing vanuit julle eie godsdiens vir hierdie probleem?
**Antwoord**:
Die oplossing moet medies gevind word.

### 6.3.5 Gevolgtrekkings

Die Oosterse godsdienstige perspektiewe is gebaseer op ’n streng religieuse en metafisiese basis. Subjektiewe waarnemening en direkte ervaring is die paradigma waarbinne dit funksioneer, terwyl die Westerse benadering eerder gedrag ontleed en voorspel. Die doel van die Oosterse benadering is om kennis van die siel te verkry en sodoende die siel deur selfverwerkliking te bevry. Die Oosterse godsdienste sentreer om die mens se harmonieuse eenheid met die medemens, die samelewing, die natuur en die kosmos.

Brahman, die onpersoonlike Absolute of Wêreld Siel word as beide immanent en transendent beskou, en word getipeer as *Wese, Bewussyn en Geluksaligheid.* Omdat daar wesentlik geen verskil tussen die ware self en Brahman is nie, is die wesentlike eienskappe van die individuele persoon ook Wese en Bewussyn wat op Geluksaligheid afgestem is. Omdat mense normaalweg nie in hul daaglikse lewe geluksaligheid ervaar nie, maar pyn en lyding, poog hulle om van hul foutiewe waarneming te ontkom om selfverwesenliking in hul eenheid met Brahman te bereik. Sodra hulle die ware self en die wesentlike realiteit vanuit ‘n hoër bewussyntoestand ervaar, word werklike geluksaligheid eers deel van hulle.

Die wet van karma is in beheer van alle veranderinge. Hierdie wet bepaal dat niks toevallig gebeur nie, maar dat elke aksie, dus ook lewe, deur noodwendige gevolge bepaal word. Hier is nie sprake van ’n goddelike ingrepe in gebeurtenisse en gedrag nie.

Die huwelik word hoog aangeskryf en is ‘n sakrament. Hindoes deel nie die gedagte dat seks sonde teen God is nie. Indien seks op ’n verkeerde manier gebruik word, is dit ‘sonde’ teen die mens wat die seksobjek is. Daarom moet seks buite die huwelik vermy word, en daarvoor bestaan kulturele etiese gebruike om mense te help om ook in hierdie opsig die ware self te verwesenlik binne die sfeer van Brahman.

## 6.4 DIE SIENING VAN ISLAM

Islam se heilige skrif, die Koran, voer hierdie godsdiens terug in die geskiedenis tot in die Ou Testamentiese tyd van Abraham, die vader van die gelowiges. ’n Moslem word gesien as die persoon wat homself aan God oorgee. Naudé (1996:161) meld dat Islam nie onderskei tussen sekulêr en sakraal nie, eenvoudig omdat die ganse lewe van die mens in die diens van God staan.

### 6.4.1 ’n Belydenisskrif

In die tiende eeu n.C. verskaf Abū, die grondlegger van een van die vier groot regskole in die Islam, ’n belydenisskrif (Naudé 1996:167-170). Enkele belangrike aspekte rakende die Moslemgeloof word hieruit toegelig.

(i) God het die mens “neutraal” geskape. Sommige het gelowig geword, ander ongelowig. Geloof en ongeloof is dade van die mens self. Wannee ’n ongelowig gelowig word, het God hom lief.

(ii) Alle dade van gehoorsaamheid is verpligtend op God se bevel en deur sy liefde en sy behae en sy kennis en sy wil en sy besluit en sy predestiansie. Alle dade van ongehoorsaamheid gebeur deur sy besluit en sy predestinasie en sy wil – nie deur sy liefde en nie deur sy behae nie, en nie op sy bevel nie.

(iii) Ons verklaar geen Moslem tot ongelowige op grond van enige sonde nie – selfs al is dit ’n groot sonde – as hy dit nie as toelaatbaar verklaar nie. Hy kan moontlik as gelowige sondig sonder dat hy ’n ongelowige is.

(iv) As ’n Moslem sondig, maar nie deur afvalligheid of slegte sedes tot ongeloof verval nie, kan sy slegte dade hom kwaad aandoen en hy sal deur die vuur gaan maar nie vir altyd daarin bly nie. As hy in ongeloof verval, moet God oor sy lot besluit. Hy kan hom straf of hom vergewe.

(v) Die weeg van die werke in die weegskaal op die dag van opstanding is ’n feit. Die wedervergelding van gedingvoerders met goeie werke op die dag van die opstanding is ’n feit. As hulle nie goeie werke het nie, word die slegte dade op hulle gewerp. Die mooi-ogige jongvroue sal nooit sterf nie.

(v) God lei reg wie Hy wil uit sy genade en Hy laat dwaal wie Hy wil uit sy geregtigheid.

(vi) Dit is nie veroorloof om te sê die Satan beroof die gelowige van sy geloof deur middel van onderwerping of geweld nie. Maar ons sê dat iemand sy geloof prysgee, en daarop beroof die Satan hom daarvan.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die Moslem verantwoordelik is vir sy eie dade, goed of kwaad. En tog is dit God wat hom/haar toelaat om goed of kwaad te doen.

### 6.4.2 Etiese rituele van die Moslem

#### 6.4.2.1 *Shahāda,* of getuienis

As jy die volgende woorde uitspreek en dit aanvaar, dan is jy 'n ware Moslem: "Daar is geen god behalwe God nie, en Mohammed is die boodskapper van God." Hierdie woorde vorm die basis van die Moslem se lewe en optrede.

#### 6.4.2.2 Salat of rituele gebed

Vrydagmiddag gebede word in die hoof Moskee gehou, is verpligtend vir alle volwasse mans en gaan gepaard met 'n preek. Die gebed moet nie verwar word met die Christen se spontane gebed, wat uit sy hart kom nie. Vyf keer per dag verrig die getroue Moslem die rituele gebed deur in die rigting van Mekka te kyk en 'n voorgeskrewe gebed in Arabies op te sê met gepaardgaande liggaamshoudings. Dit moet verkieslik in die Moskee verrig word, maar as dit nie anders kan nie, kan dit op 'n ander plek geskied. Hierdie tipe gebed is 'n ritueel wat gewoonlik deur 'n rituele was voorafgegaan word – die gebed word gesien as 'n direkte skakeling met God en geskied in die rigting van Mekka.

#### 6.4.2.3 *Zakāt* of die gee van aalmoese

'n Verpligte heffing word op eiendom, kapitaal vee, graan, vrugte en handelsware geplaas. Dit vergelyk baie met die bybelse gee van tiendes. Hierdie belangrike etiese saak word in die Koran dikwels verbind met gebed. Opbrengste word gebruik vir die versorging van armes, vir die bou van Moskees, of vir ander verdienstelike sake. In Islamitiese state word dit ook gebruik om staatsuitgawes te bestry. In die algemeen word die gee van aalmoese tussen 2.55-10% van alle bates bereken. Buiten die Zakat is daar nog vrywillige bydraes wat die Moslem kan gee vir die saak van God (Naudé 1996:174).

#### 6.4.2.4 *Saum* of Vas

Die vasmaand word Ramadan genoem. Van lig tot donker onthou die Moslem hom van voedsel, vloeistof en seks. Dit is in dié maand wat hulle glo dat die Koran aan die Profeet Mohammed geopenbaar is. Dit is vir die Moslems ‘n baie belangringe tyd om hulle af te sonder van die aardse kommer oor die liggaam, en hulle toe te spits op die geestelike waarde in hulle lewe (Naudé 1996:174).

#### 6.4.2.5 Hadjidj of pelgrimstog

Elke Moslem moet ten minste een keer in sy lewe ‘n besoek aan die Kaäba in Mekka te bring indien hy/sy dit kan bekostig. Naudé (1996:174) meld dat die pelgrim ‘n naatlose kleed dra, beweeg sewe keer om die kaäba, soen die swart klip wat in die een hoek van die gebou is en loop heen en weer tussen die heuwels van Marwa soos Hagar gedoen het toe sy na water vir haar kind gesoek het (Gen 1:9-20). Dwarsdeur die Islamitiese wêreld word ‘n kameel of skaap geoffer op die tiended ag van die pelgrimsmaand. Die offerfees word gehou ter nagedagtenis van Abraham se offer van sy seun (Gen 22; Koran 37:100-11) wat deur die tussenkoms van God gered is. Die vleis word aan behoeftiges gegee, en ongeveer een derde word self verbruik. ‘n Besondere gevoel van gemeenskaplikheid word deur die Moslems ervaar, want mense van oor die hele wêreld is dieselfde geklee, deel dieselfde seremonies, en gebruik dieselfde taal. Moslems wat die pelgrimstog meegemaak het, gebruik graag die eretitel *Hadjdji*.

### 6.4.3 Die rol van die huwelik en die familie in die Islamietiese gemeenskap

Die huwelik is vir die Moslem meer ’n kontrak as ’n sakrament (Krüger, Lubbe & Steyn 1996:246). Die basiese eenheid van die familie in Islam is die verhouding tussen man en vrou wat verbind is deur die huwelik. As getroude paar speel hulle basies die rol om kinders te verwek, en hulle onderrig hulle kinders wat later verantwoordelikheid moet neem in die gemeenskap. Die huwelik word dus baie hoog aangeslaan in Islam. Deur die huwelik word ’n normatiewe, heilige gemeenskap gevorm wat verwag dat die mense hulle seksuele behoeftes binne wettige konteks sal hou. Enige vorm van ‘n addisionele huweliksverhouding word verbied en veroordel as onnatuurlik, immoreel en onwettig en is strafbaar met die reg. Dit is die rede hoekom die huwelik in Islam aangevra word vir mans en vroue. Indien ’n Moslem nie kan bekostig om te trou nie, moet hulle hulself weerhou van wat onwettig is totdat God hulle finansieel in staat stel om te trou. Die

huwelik is bedoel om ’n langtermyn verbintenis te wees en vroue speel ‘n belanrike rol in die opvoeding en lering van die kind. Die Profeet het gesê ‘n vrou mag net vir vier redes trou: vir haar besittings, haar status, haar skoonheid en haar geloof. Die huwelik in Islam is meer ‘n geestelike verbintenis as ‘n fisiese verhouding.

Die primêre taak van die man is om te sorg vir die vrou se materiële lewe. As dit nie gebeur nie, kan sy beswaarlik in vrede met die man lewe. Net soos vrouens dit geniet om getrou en onderdanig te wees aan hulle mans, so word die mans beveel om hulle vroue met liefde en gelykheid te hanteer; hulle moet liefde bewys selfs wanneer daar kwade gevoelens en ongelukkigheid is. Die mans is verder v erplig om die foute en tekortkominge van die vroue oor te sien. Onder sekere omstandighede gee die heilige Koran toestemming tot poligamie (maar beveel dit nie aan nie). Die man het dus die reg tot meer as een vrou, maar nie meer as vier nie Hy word egter deur die wet verbied om almal gelyk te hanteer.

Aangesien die huwelik die enigste morele en wettige weg is om natuurlike seksuele behoeftes te bevredig, het die vrou die reg daartoe, en is sy afhanklik van haar man (Imitias Ahmad 1995:45).

### 6.4.4 Die Etiek van die Moslem

Die Moslems se etiese kode is baie lofwaardig. Dit beklemtoon ook sekere aspekte soos broederskap wat nie versteur word deur grense soos kleur, ras, land, taal of stand nie. Daar is ‘n baie goeie balans. Islam is teen vrye liefde, maar ook teen die onskeibare band wat tussen man en vrou bestaan wat soms die lewe ‘n regte hel kan maak. Islam is volgens die Koran 53:39 die vriend van die armes en leer die mens ook om hard te werk vir dit wat hy wil bereik. Soos die Christene worstel die Moslems ook met lewensomstandighede soos sterwe, trou, verlange, hoop, vrese, strewe geloof en twyfel en probeer ook antwoorde daarvoor soek.

Ten opsigte van die kuisheid van vroue handhaaf die Moslems streng waardes wat vergestalt word in hulle kleredrag. Die hele liggaam word bedek deur klere sodat die vorm van die liggaam nie sigbaar is nie. Hierdie onderskeidende kleredrag is ook deel van die getuienis om ‘n Moslem te wees.

### 6.4.5 ’n Kort onderhoud met ’n Moslem *imam*

**Vraag:**
Sou u betrokke wou raak by gesprekke oor en hulp aan MIV/Vigs pasiënte?
**Antwoord:**
Ja deur MAP (Muslems Aids Program). Die kontak persoon is O Imtiaz Bhikoo.
**Vraag:**
Is daar seksuele probleme wat julle binne julle godsdiensgemeenskappe kan identifiseer?
**Antwoord:**
Geen seks buite die huwelik of geen voorhuwelikse seks is toelaatbaar nie. Alle mense weet nie van vrye geslagtelike omgang nie. Die feit dat mans en vrouens apart aanbid in die Moskee, asook die bedekking van die liggaam van die vrou en geen oogkontak deur die vrou nie, help om vrye omgang te bekamp. In Moslemlande word steniging en pakslae toegepas indien oortree word, maar nie in hierdie land nie . Hier in Suid-Afrika word dit deur nougesette sosiale optrede bekamp.
**Vraag:**
Hoe sien julle die probleem van MIV/Vigs? Sien julle dit as straf van God of as iets wat gebeur as gevolg van die mens se eie toedoen?
**Antwoord:**
Dit word gesien as staf van God. Dieselfde geld ook van ander seksuele siektes.
**Vraag:**
Hoe voel julle oor seks en godsdiens en seks en kultuur?
**Antwoord:**
Ons sien seks as 'n godsdienstige saak en daarom word daar godsdienstig daarmee omgegaan. Kultuur en seks het te doen met strafmaatreels vir oortreders.
**Vraag:**
Wat sien julle as oplossing vanuit julle eie godsdiens vir hierdie probleem?
**Antwoord:**
Seks mag slegs binne die huwelik plaasvind. Ons glo nie in 'veilige seks' nie. Alles buite die Koran is sonde.

### 6.4.6 Gevolgtrekkings

Islam onderskei nie tussen sekulêr en sakraal nie, eenvoudig omdat die ganse lewe van die mens in die diens van God staan. Die huwelik is vir die Moslem meer 'n kontrak as 'n sakrament, en dit is die basiese eenheid van die familie in Islam. Die huwelik word dus baie hoog aangeslaan in Islam. Enige vorm van 'n addisionele huweliksverhouding of buite-egtelike seks word verbied en veroordel as onnatuurlik, immoreel en onwettig en is strafbaar met die reg. Die huwelik in Islam is meer 'n geestelike verbintenis as 'n fisiese verhouding. Onder sekere omstandighede gee die Koran toestemming tot poligamie, maar beveel dit nie aan nie. Die huwelik is die enigste morele en wettige weg om natuurlike seksuele behoeftes te bevredig. Islam is teen vrye liefde, maar ook teen 'n huweliksverhouding waarbinne twee mense mekaar en hul gesin verteer weens onmin. Die kuisheid van die vrou is baie belangrik sodat mans nie verlei kan word om seks buite die huwelik te begeer nie.

## 6.5 DIE SIENING VAN DIE JOODSE GELOOF

### 6.5.1 Wat glo die Jode?

Die bekende Rabbi Hillel (eerste eeu v.C.) het Judaïsme so opgesom: "Wat vir jou sleg is moet jy nie aan 'n ander doen nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Dit is die hele Torah – alles wat daar meer is, is slegs kommentaar. Toe gaan nou en bestudeer die wet" (Meiring 1995:111).

Die profete bekemtoon dieselfde gedrag van mense teenoor mekaar. Rykdom word nie veroordeel nie, maar mense moet in nood bymekaar staan. Geen Jood mag ook 'n ander se lewensbestaan bedreig nie. Met vuur en dapperheid het die profete van ouds geprotesteer teen sosiale, politieke en ekonomiese uitbuiting en daarmee 'n tradisie gevestig wat vandag nog geld (Meiring 1995:110).

### 6.5.2 Joodse etiek

'n Mens sou nie die Torah of die uitsprake van die profete lees sonder om onder die indruk van die sterk etiese karakter van Judaïsme te kom nie. God se volk moes deur die eeue heen heilig geleef en goeie gedrag teenoor ander openbaar het. Die Joodse Bybel leer dat alle mense kinders van God is. Omdat mense na die beeld van God geskape is moet hulle soos God teenoor mekaar optree. Daar word baie groot klem gelê op die regte van armes, eensames, die weduwees en wese.

### 6.5.3 Die mens goed en sleg

Volgens die Talmoed word elke mens gebore met 'n impuls om die goeie te doen en om die slegte te doen. Deur getrou aan die wet te leef word die goeie sterker en die bose swakker. Afgetrede Hoof Rabbi Cyril Harris van Johannesburg skryf dat die drie sterkste instinkte by die mens is kos, seks en besittings en Judaïsme probeer nie een degradeer nie.

Of 'n mens goed of slegs lewe, die mooie of die lelike wat hy/sy uit die lewe haal is die individu se eie keuse. 'n Mens of gemeenskap wat gesondig het kan vergifnis verkry deur berou te toon en gebed en goeie dade te onderstreep. Die belangrikste doel van die mens se lewe bestaan daaruit om die Tora met nederigheid, geduld en groot sorg te

bestudeer en dat sy hele lewe aan die uitlewing van die wet gekoppel bly (Meiring 1995:110).

### 6.5.4 Kinders

Kinders neem ‘n besondere plek in die Joodse huis in. Volgens tradisie is ‘n kind wat uit ‘n Joodse moeder gebore word ‘n Jood. Deur bekering kan iemand ook ‘n Jood word. Op die agtste dag na geboorte word die seuntjie besny – deur ‘n dokter of ‘n geregistreerde besnyer. Dan ontvang hy ook ‘n Hebreeuse naam. Die eerste paar jaar neem die moeder die godsdiens opleiding waar. Vanaf sy vyfde jaar gaan hulle Sinagoge skool toe waar die Rabbi hulle leer. Aan die seuns word baie aandag die Hebreeuse taal gegee, terwyl die meisies alles omtrent die huishouding moet leer. Op 13 mag die Joodse seun selfs ‘n stuk uit die wet voorlees in die Sinagoge, hy word dan ook ‘n seun van die verbond, en daar word van hom verwag om die pligte van die wet na te kom, hy word ook as ‘n volwasse Jood beskou. ‘n Joodse meisie word op haar 12de verjaarsdag mondig en ‘n dogter van die verbond.

Waar kinders in ons samelewing nie so band het om aan vas te hou is dit die ouderdom waarop losbandigheid begin intree (Meiring 1995:120)

### 6.5.5 Huwelik

Die Jode beskou die huwelik as ‘n instelling van God en die seremonie as ‘n verbond waarby God self betrokke is. Die bruidegom lê ook ‘n ernstige verklaring af “Ek belowe plegtig dat ek ‘n getroue eggenoot vir jou sal wees. Ek sal jou eer en bemin, ek sal vir jou werk, ek sal jou beskerm en ondersteun, ek sal vir alles sorg wat jy nodig het, soos dit van ‘n Joodse eggenoot verwag kan word” (Meiring 1995:121).

Binne in die sinagoge staan die paartjie onder die troonhemel. Dit is simbolies van die huis waarin hulle gaan woon en staan op vier pale. Tweedens word gesing, gebede opgestuur, ringe verwissel en wyn uit spesiale bekers gedrink. In die meeste lande moet daar eers ‘n burgerlike egskeidingsbevel bekom word wanneer ’n getroude paar sou wou skei, waarna die godsdienistige bevestiging van egskeiding uitgevaardig word. Die tien gebooie staaf ook jy mag nie egbreuk pleeg nie. Dit is verblywend om te sien dat die Joodse voorskrifte so streng is oor die saak (Meiring 1995:121). Soms loop huwelike op die rotste. Die plaaslike gemeenskap sal alles probeer om die man en vrou

weer te versoen. As dit nie slaag nie sal 'n Joodse godsdienstige persoon 'n egskeidingsbevel uitreik (Meiring 1995:121)

### 6.5.6 Seksuele etiek in Judaïsme

Genesis 1:26-27 sê: "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep." Die skepping beskryf in Genesis 'n verhouding wat aanneem dat daar 'n verbintenis tussen mens en die goddelike bestaan. Godsdienstige tradisies vloei hieruit voort. Die Jood is veronderstel om sy lewe so te lei dat hy voortdurend die goddelike in ag neem.

Rabbynse Judaïsme leer die mens hoe om met groot sorg die weg van God te hou en om ook heilig te leef. "Wees heilig, want Ek is heilig," staan daar in Levitikus 11:44. Dit vorm 'n brug tussen mens en God deur 'n gehoorsame dreig patroon. Vir die meerderheid van Jode is dit genoeg om die vereistes van Judaïsme te bemeester deur die bestudering van die Talmud en om daarvolgens te handel as 'n meriete vir die toekomstige lewe (Guberman 1984:66).

#### 6.5.6.1 Geslag en biologiese seks

Debra W Haffner verwys in die SIECUS-verslag van Oktober/November 1997 dat die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 biologiese seks en die rede vir geslagtelikheid verduidelik. Genesis 1 sê dat God man en vrou gemaak het en toe geseën het met die woorde: "Wees vrugbaar en vermeerder" (Gen 1:28). Verder word vertel hoe die vrou uit Adam se rib gemaak is. God het erken dat dit nie goed is vir die man om alleen te leef nie (Gen 2:28). Die samevoeging van twee geslagte en seksualiteit word beklemtoon in Genesis 2:24: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en hullesal een vlees word." Hiervolgens moet die man nie net 'n maat en 'n helper nie, maar ook 'n geliefde vir sy vrou wees. Die doel van die samevoeging is vir seksuele plesier en nie vir voorplanting nie. Hierdie twee tekste dui dus ook daarop dat seksualiteit beide voortbestaan en plesier voorstaan.

#### 6.5.6.2 Seksuele gemeenskap en begeerte

Die belangrikheid van seksuele gemeenskap en die rol van begeerte word verskeie kere in Genesis genoem. Aan Eva is gesê dat ten spyte van die pyn van geboorte sal haar begeerte na haar man wees (Gen 3:16). Geestelike wesens is gesê om pragtige vroue te

begeer (Gen 6:1-4). Sara beskryf seksuele gemeenskap as ‘n “plesier” (Gen 18:12). Lea en Ragel het meegeding om Jakob se seksuele gunste.

#### 6.5.6.3 Vrugbaarheid

In Genesis word verwys na vrugbaarheid as ‘n geskenk van God. Alhoewel God gesê het dat die mens vrugbaar moet wees en vermeerder, was die matriarge van die Hebreeuse Bybel almal aanvanklik onvrugbaar. God het drie onvrugbare vroue en een (Lea) wat nie begeerlik vir haar man was nie gebruik om die verbond voort te sit. Alleenlik God se ingrype het veroorsaak dat hierdie vroue swanger kon raak. Onvrugbare vroue het selfs gereël dat hul mans met hul slavinne gemeenskap het sodat hulle kinders deur die slavinne kon kry (Gen 30:30).

#### 6.5.6.4 Geslagsdele en liggaamsfunksies

Genesis praat direk oor geslagsdele en liggaamsfunksies. Vandaar die besnyding as teken van die verbond tussen God en die mens. In 1970 het die teoloog en huweliksberader David Mace geskryf dat die penis gekies is vir hierdie merk want dit was die heiligste gedeelte van die liggaam. “It was with this special organ that he became , in a special sense, a co-worker with God.” **(Verwysingsbesonderhede?)**

#### 6.5.6.5 Vernietigende gebruik van seksualiteit

Verskeie waarskuwings rakende die potensiële vernietigende gebruik van seksualiteit word ook in Genesis genoem. Daar is die verwysings na verkragting (Gen 34:1-4), groepsverkragting (Gen 19:4-8), bloedskande (Gen 19:31-39) en prostitusie (Gen 38:15-17).

#### 6.5.6.6 Seksualiteit in verhouding

Die spesiale rol wat seksualiteit in die eerste jaar van ‘n seksuele verhouding speel, word gesien in die lig van Deuteronomium 24:5 – Dat die man nie na die weermag mag gaan in die eerste jaar na sy troue nie. Hy word vrygespreek daarvan om gelukkig saam met sy vrou te wees.

#### 6.5.6.7 Dieselfde geslag seksuele verhoudings en buite-huwelikse verhoudings

Die Bybel het vier verse wat handel oor seksuele verhoudings binne dieselfde geslag. Twee in Levitikus wat sê dat jy nie met die dieselfde geslag mag lê soos ‘n man met ‘n vrou nie. Dit is ‘n gruwel (Lev 18:22). En as ‘n man met ‘n ander man gemeenskap het

soos met ‘n vrou, pleeg beide van hulle ‘n gruwel; moet hulle doodgemaak word en is hulle bloed op hulle. Levitikus 18 laat ook blyk dat God ’n afsku het aan buite-huwelikse verhoudings en naaste familie-verhoudings: gemeenskap met die vrou van jou buurman, jou vader se vrou, jou skoondogter, met beide ‘n moeder en haar dogter, of met ‘n dier. Ander dade soos om familielede nakend te sien en om gemeenskap tydens menstruasie te hê is ook strafbaar.

#### 6.5.6.8 Ontrouheid

Die Bybel verwerp duidelik ontrouheid tussen twee huweliksmaats. Dit word gesien nie net as ‘n seksuele sonde nie, maar ook as ‘n oortreding van eiendoms reg. Ontrouheid word nie net beskryf as om gemeenskap met ‘n ander man se vrou te hê nie, maar dit gaan oor gemeenskap buite jou eie huwelik. Dit gaan so vêr dat Spreuke 6:26 die mans aanspreek om eerder na ‘n prostituut te gaan as om die vrou van ‘n ander man op te soek.

#### 6.5.6.9 Gesprek met ’n Joodse rabbi

**Vraag:**
Binne julle godsdiensgemeenskap, is daar seksuele probleme wat julle kan identifiseer?
**Antwoord:**
By Ortodokse Jode volg hulle die Bybel na. Jode hou hulle gewoonlik by die etiese kodes wat tussen Jode geld.
**Vraag:**
Wat is julle siening oor die huwelik en seks, en seks buite die huwelik?
**Antwoord:**
Daar is definitief geen seks voor- of buite die huwelik nie, en homoseksualiteit word ten sterkste veroordeel.
**Vraag:**
Hoe sien julle die probleem van MIV Vigs? Sien julle dit as straf van God of as iets wat gebeur as gevolg van die mens se eie toedoen?
**Antwoord:**
Dit word gesien as straf van God.
**Vraag:**
Hoe voel julle oor seks en godsdiens en seks en kultuur?
**Antwoord**
Kultuur het nie seggenskap bo godsdiens nie.
**Vraag:**
Wat sien julle as oplossing vanuit julle eie godsdiens vir hierdie probleem?
**Antwoord:**
Geestelike vernuwing. Die wêreld word gelei deur alles behalwe God.

### 6.5.7 GEVOLGTREKKINGS

Die basiese uitgangspunt van die Jood is dat God die mens as sy verteenwoordiger, as sy beeld geskep het, beide die man en en die vrou. Dit is ook bepalend vir alle etiese aspekte rondom die seksuele gedrag en optrede van die mens.

Of ‘n mens goed of slegs lewe, die mooie of die lelike wat hy/sy uit die lewe haal is die individu se eie keuse. ‘n Mens of gemeenskap wat gesondig het kan vergifnis verkry deur berou te toon en gebed en goeie dade te onderstreep. Die belangrikste doel van die mens se lewe bestaan daaruit om die Tora met nederigheid, geduld en groot sorg te bestudeer en dat sy hele lewe aan die uitlewing van die wet gekoppel bly. Die huwelik word hoog aangeslaan en die Tien Gebooie beveel dat ’n mens nie mag egbreuk pleeg nie.

Verskeie waarskuwings rakende die potensiële vernietigende gebruik van seksualiteit soos verkragting, bloedskande en prostitusie kom in die Bybel voor. Volgens die Bybel is dit ook duidelik dat die Jode glo dat God ’n afsku het aan buite-huwelikse verhoudings en naaste familie-verhoudings soos gemeenskap met die vrou van jou buurman, jou vader se vrou, jou skoondogter, met beide ‘n moeder en haar dogter, of met ‘n dier. Ander dade soos om familielede nakend te sien en om gemeenskap tydens menstruasie te hê is ook strafbaar. Hierdie sterk etiese bepalings is dus regulerend ten opsigte van seks. Geestelike vernuwing van die mens speel ’n baie belangrike rol in die bekamping van seksuele losbandigheid.

## 6.6 AFRIKA PERSPEKTIEF

### 6.6.1 Agtergrond

In die Afrika perspektief word daar dikwels gebruik gemaak van die term “Afrikaan.” Hierdie term verwys na die groepering van inheemse volkere wat deel uitmaak van die sub-Sahara streek van Afrika. Dit verwys egter nie net na ‘n geografiese diversiteit nie, maar na die menlike linguïstiese en religieuse diversiteit. ‘n Voorbeeld is die tradisionele godsdienste in Afrika (Meyer, Moore & Viljoen 2000:645).

Afrikane bevind hulleself egter tans in ‘n oorgangsfase, waar daar ‘n verskuiwing is van ‘n tradisioneel georiënteerde bestaanswyse na ‘n meer moderne en Westerse bestaanswyse. Sogolo (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:644) waarsku dat hierdie twee bestaanswyses, en die proses van verandering en akkulturasie wat besig is om plaas te

vind, nie ontwikkeling van ‘n laer na ‘n hoër vlak impliseer nie, maar Afrikane eerder plaas op ‘n kontinuum tussen die twee bestaanswyses.

### 6.6.2 Die mens- en wêreldbeskouing

Die Afrika mens- en wêreldbeskouing is in ‘n holistiese en antroposentriese ontologie gefundeer. Dit beteken dus dat die mens vorm ‘n onverbreekbare eenheid met die kosmos (dus ‘n eenheid met God en die natuur). Die sentrum van die heelal is die vertrekpunte vanwaar alles geskied. Volgens Sow (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:646) kan die ondeelbare kosmiese eenheid teoreties tussen drie kosmiese ordes of werklikhede onderskei word, wat in die praktiese daaglikse bestaan egter as vermeng figureer.

### 6.6.3 Die makrokosmos

Die domein of plek waar God en die voorvaders aangetref word, sowel as die uitverkore gestorwenes word die makrokosmos genoem. Dit is dan in hierdie orde dat die tradisionele Afrikane se menswees en religieuse order bestaan. Sow (in Meyer, Moore en Viljoen 2000:646) wys daarop dat daar geen skeiding tussen God en die mens was nie, hulle het saam gewoon, maar God het Hom van die mens onttrek, sodat die mense selfaangewese moes word. Deur selfaangewese te wees het dit dus die eerste religieuse belewenis by die mens laat onstaan.

God se onttrekking moet egter nie gesien word as die val van die mens soos in die Judees-Christelike opvatting nie, maar eerder dat dit God laat transendeer om die voorvaders as medium op te laat tree en sodoende kontak met Hom en mense te bewerkstellig. Die voorvaders is dus in ’n sekere sin van groter belang as God en vorm ‘n integrale deel van die Afrikaan se daaglikse funksionering. Sow (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:184) stel dit as volg: “God has withdrawn and does not concern himself directly with the affairs of men; on earth, men alone are responsible both for the good and the evil that may befall them.”

Volgens Mbiti (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:2) is die daaglikse funksionering van die tradisionele Afrikaan fundamenteel ‘n religieuse funksionering. Volgens hom is Afrikane “notoriously religious” en hy wys daarop dat godsdiens tot alle vlakke van die

lewe deurdring. “Wherever the African is, there is his religion: he carries it to the field where he is sowing seeds or harvesting a new crop; he takes it with him to the beer party or to attend a funeral ceremony; and if he is educated, he takes religion with him to the examination room at school or in the university; if he is a politician he takes it to the house of parliament.” Gevolglik word daar nie ‘n onderskeiding tussen heilig en wêrelds, godsdienstig en nie-godsdienstig, of ‘n geestelike en ‘n fisies-materiële faset van die lewe getref nie.

Tradisionele godsdiens word nie op die individu gerig nie, maar dit is vir die die gemeenskap waarvan individue lede is. Dit gaan baie nou gepaard met die Afrikaan se kollektiewe funksionering op die mikrokosmiese vlak. Mbiti (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:2) reken dat: “in traditional society there are no irreligious people. To be human is to belong to the whole community, and to do so involves participating in the beliefs, ceremonies, rituals and festivals of the community.”

Modernisering skep ‘n groot probleem. Die persoon raak verskeur tussen die verlies aan die historiese wortels van die voorvaders, en ‘n tegnologiese samelewing wat vir menige Afrikane nog sonder enige konkrete diepte is. Die voorvaders se invloed in die gemoderniseerde Afrikaan blyk nie verlore te wees nie, soos dit verwoord is deur die bekende skrywer Es’kia Mphahlele:

> I was brought up on European history and literature and religion and made to identify with European heroes while African heroes were being discredited .... I later rejected Christianity .... And yet I could not return to ancestral worship in any overt way. But this does not invalidate my ancestors for me. Deep down there inside my agnostic self, I feel reverence for them.
>
> Mphahlele (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:122)

### 6.6.4 Die mesokosmos

Die mesokosmos kan gesien word as ‘n soort niemandsland, waar toeval saam met die magte van bose geeste en towenaars regeer. Hierdie mesokosmos bestaan in die wêreld van die individuele en kollektiewe verbeelding, en dit betrek die lewende werklikheid (mens en dier) sowel as die natuur en fisiese werklikheid (dit wil sê woude, bosse, bome riviere, ens). Hierdie mesokosmos is veral belangrik om die gedrag van die Afrikaan te verstaan, aangesien die Afrikaan geneig is om alle konflikte en gebeurtenisse soos

siekte en dood vanuit hierdie vlak te verklaar. Dit behels die werking van bose geeste, towenaars en Shamans (genesers, priesters en reënmakers) wat menslike gedrag beïnvloed en bepaal. Sow omskryf die mesokosmos as volg:

> The mesocosmos has become the place that gives rise to all good and bad fortune, the site of dramatic events as well as the source of wordly success. That is why it can be called the "structured collective imaginary," for it is the space that gives form to the desires, fears, anxieties and hopes for success....The day-to-day psychological fate of individual human beings is modulated by a subtle dialectic of complex relations between humans and the creatures of the mesocosmos (African genies and spirits): invisible but powerful, good or bad, gratifying or persecutory.
>
> Sow (aangehaal in Meyer, Moore & Viljoen 2000: 6.)

Uit die dinamika waarvolgens die Afrika-perspektief verklaar kan word is dit 'n integrale deel van die godsdiens. Alle agente buite menswees skep die resultaat van intrapsigiese of interpersoonlike dinamika, met die gevolg dat die mens nie self verantwoordelik of self aanspreeklik vir sy of haar gedrag is nie, omdat die oorsake van alle gedrag en gebeure na eksterne, bonatuurlike wesens of magte herlei word. Volgens Malan (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:648) is die mens volgens die Afrika-perspektief uitgelewer aan eksterne, bonatuurlike wesens of magte en is hy dus nie self verantwoordelik of aanspreeklik nie. Wanneer daar dus na die etiese gedrag van die Afrika-mens met tradisionele Afrika godsdiens gevra word, moet hierdie aspek nie buite rekening gelaat word nie.

Volgens Van Niekerk (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:648) hou dit ook 'n verdere implikasie in dat gedrag en gebeurlikhede binne die tradisionele konteks nie altyd op empiriese en rasionele gronde verklaar kan word nie, maar dat daar gesoek moet word na onsigbare mense en magte agter die empiriese en rasionele realiteit. Dit is uit die bogenoemde dus duidelik dat die etiese konteks van die Afrikaan slegs verstaan kan word as al hierdie aspekte gekombineer word.


### 6.6.5 Die mikrokosmos

Die individuele persoon, of mikrokosmos, word deur die makro- en mesokosmos beinvloed. Dit is op mikrokosmosvlak waar die verskil in etos en waardes tussen die

Westerling en Afrikaan ook belangrike verskille in gedragsmodaliteite veroorsaak, veral ten opsigte van die individu/gemeenskap-verhouding.

Volgens Nobles (in Meyer, Moore & Viljoen 2000:649) is die Westerse etos van individuele oorlewing deur oorlewing van die sterkste en beheer oor die natuur as uitvloeisel van die Goddelike gebod in die Judees-Christelike geloof deel van die evolusionistiese beskouiing.

Bogenoemde beginsel skep weer ander waardes soos kompitisie, individuele regte, onafhanklikheid, en die belangrikheid van 'n individu se eie waarde, verantwoordelikheid en unieke verskille om die gedragsmodaliteite van die Westerse mens te kan verklaar. Hierdie beginsels word gevind in konspete soos ego of eie ek, selfkonsep of self-aktualisering (Meyer, Moore & Viljoen 2000:648).




Aanpassing van Nobles se skematiese vergelyking tussen die Westerse en Afrika mens- en wêreldbeskouing (Meyer, Moore & Viljoen 2000:649).

Deur eenheid met die natuur is die Afrika etos onderliggend aan oorlewing van die gemeenskap of stam waaraan hy behoort . Hierdie eenheid gee dan weer aanleiding tot waarde en die sentrering van samewerking, interafhanklikheid, en kollektiewe verantwoordelikheid. Deur indivudualiteit, uniekheid en verskille word psigologiese gedrag vervang met modaliteite soos gemeenskaplikheid, groepsgerigtheid en ooreenkomste.

Volgens Mbiti is die tradisionele Afrikaan se identiteit ten volle in sy kollektiewe bestaan veranker en hy stel dit soos volg:

> Only in terms of other people does the individual become conscious of his being, his duties, his privileges and responsibilities towards himself and towards other people. When he suffers, he does not suffer alone but with the corporate group; when he rejoices, he rejoices not alone but with his kinsmen, his neighbours and his relatives whether dead or living. When he gets married, he is not alone, neither does the wife 'belong' to him alone. So also the children belong to the corporate body of kinsmen, even if they bear only their father's or mother's name. Whatever happens to the individual happens to the whole group, and whatever happens to the whole group happens to the individual. The individual can only say: "I am, because we are; and since we are therefore I am." This is the cardinal point in the understanding of the African view of man.
>
> Mbiti (in Meyer, Moore & Viljoen 106)

Sanghor sê hieroor:

> In contrast to the classic European, the Negro-African does not draw a line between himself and the object; he does not hold it at a distance, nor does he merely look at it and analyse it. The Negro-African *sympathizes*, abandons his personality to become identical with the Other, dies to be reborn in the Other. He does not assimilate; he is assimilated. He lives a common life with the Other; he lives in a symbiosis...."I think therefore I am."
>
> Sanghor (aangehaal in Meyer, Moore & Viljoen 2000:650)

Die Westerse begrip van individuele funksionering fokus op godsdiens en etiek van die individu, en hierdie benadering is nie geskik om die godsdiens, etiek en gedrag van die tradisionele Afrikaan te verduidelik of te verstaan nie. Met behulp van die ekosistemiese perspektief kan verduidelik word dat daar eerder klem geplaas moet word op die individue in 'n sisteem wat bestaan uit subsisteme, en wat dan op hulle beurt weer deel vorm van die supersisteme waarin die individu homself bevind (Meyer, Moore & Viljoen 2000:650–651).

#### 6.6.6 Seksuele etiek van die Afrikaan

##### 6.6.6.1 Die doel van die huwelik

Die huwelik is ‘n belangrike deel van enige kultuur, grootliks omdat dit die voertuig is vir vestiging van menslike verhoudings wat dan lei na die aanwas en voortbestaan van die menslike ras. Dit is moontlik hoekom mense die huwelik vier as ‘n belangrike deel van elke kultuur.

In die tradisionele Afrikageloof bestaan daar vier rituele wat gevier word.

1. Sermonies wat te doen het met die geboorte van die kind
2. Seremonies wat te doen het met pubertiteit
3. Die huwelikseremonie
4. Begrafnisserenonie

In die meeste Afrikabevolkings is die huwelik meer as die samebinding van twee mense. Dit is die saambind van twee families (Abimbola 1995: 54).

##### 6.6.6.2 Tradisionele Afrika se houding oor MIV/Vigs

Volgens die Wêreld Gesondheidsorganisasie is MIV/Vigs die vierde grootste oorsaak van dood in die Sub-Sahara Afrikastreek. Verskeie sieninge oor MIV/Vigs speel ‘n belangrike rol in die epedemie. Afrika registreer al hoe meer sterftes weens die siekte, terwyl tradisionele Afrikane en Christene uiteenlopendie sienige oor die siekte het (Chepkwony 2004: 1).

Volgens talle Afrika-gemeenskappe is HIV/Vigs nie ‘n nuwe siekte nie. Dit bestaan volgens hulle al vir eeue en medici het dit eers nou ontdek. Die Luo-gemeenskap in Kenya redeneer dat die siekte altyd daar was maar dat kuluurtaboes verbreek is wat van dit ‘n epedemie gemaak het (Ocholla-Ayayo 1976:148-149).

Afrika-gemeenskappe is geneig om nie erns te maak met die veldtogte wat daar teen HIV/Vigs geloods word nie. Dikwels word daar idees gefabriseer wat meer skadelik vir gemeenskappe is, byvoorbeeld om spesifieke rituele na te volg eerder as om met moderne medisyne erns te maak. Dit is dus nodig dat die Afrika-kulture ’n drastiese kulturele aanpassing sal moet maak in hulle kennis en hantering van die Vigsprobleem.

##### 6.6.6.3 ’n Kort dialoog met ’n tradisionele Afrika godsdiensleier

**Vraag:**
Binne julle godsdiens gemeenskap, is daar seksuele probleme wat julle kan identifiseer?
**Antwoord:**
Nee.
**Vraag:**
Wat is julle siening oor die huwelik en seks, en seks buite die huwelik?
**Antwoord:**
Seks voor die huwelik bestaan en kinders word ook gebore voordat hulle trou. Seks buite die huwelik bestaan ook waar mans vêr van die huis af werk.
**Vraag:**
Hoe sien julle die probleem van MIV/Vigs? Sien julle dit as straf van God of as iets wat gebeur as gevolg van die mens se eie toedoen?
**Antwoord:**
Ons sien dit as 'n staf van God.
**Vraag:**
Hoe voel julle oor seks en godsdiens en seks en kultuur?
**Antwoord:**
Godsdiens skryf nie voor wat in die kultuur moet gebeur nie.
**Vraag:**
Wat sien julle as oplossing vanuit julle eie godsdiens vir hierdie probleem?
**Antwoord:**
Veilige seks.

### 6.6.7 GEVOLGTREKKINGS

Die Afrika-mens se siening van God is dat Hy Hom onttrek aan die daaglikse menslike problematiek, maar hierdie transendering hou in dat die voorvaders as medium optree en sodoende kontak met Hom en mense te bewerkstellig. Die voorvaders is dus in 'n sekere sin van groter belang as God en vorm 'n integrale deel van die Afrikaan se daaglikse funksionering. Die daaglikse funksionering van die tradisionele Afrikaan is fundamenteel religieuse van aard wat daarop wys dat godsdiens tot alle vlakke van die lewe deurdring. Daar word dus nie onderskei tussen wat heilig is en wat wêrelds is nie.

Tradisionele Afrikagodsdiens word nie op die individu gerig nie, maar is gemeenskap georiënteerd. In tradisionele gemeenskappe bestaan daar nie so-iets soos ongelowige mense nie.

Modernisering skep 'n groot probleem. Die persoon raak verskeur tussen die verlies aan die historiese wortels van die voorvaders, en 'n tegnologiese samelewing wat vir menige Afrikane nog sonder enige konkrete diepte is. Die voorvaders se invloed in die gemoderniseerde Afrikaan blyk nie verlore te wees nie, soos dit verwoord is deur die bekende skrywer Es'kia Mphahlele:

Die Afrikaan verklaar alle konflikte en gebeurtenisse soos siekte en dood vanuit sy/haar persepsie van die sogenaamde mesokosmos, d.w.s. die vlak van denke waar bose geeste, towenaars en Shamans (genesers, priesters en reënmakers) die menslike gedrag beïnvloed en bepaal. Die mens is nie self verantwoordelik of aanspreeklik vir sy/haar gedrag nie, omdat menslike gedrag na eksterne, bonatuurlike wesens of magte herlei word. Die etiese lewe van die Afrikamens moet dus binne hierdie konteks verstaan word. Omdat daar nie werklik 'n onderskeid tussen geloof en kultuur bestaan nie, word die etiese optrede dikwels deur kulturele gebruike bepaal.

## 6.7 DIE SIENING VAN DIE CHRISTENDOM

Die Christendom in die oorwegend blanke woongebiede in Middelburg word verteenwoordig deur meer as veertien kerkdenominasies, onder andere die Nederduits Gereformeerde Kerk (7 gemeentes), Apostoliese Geloofsending (5 gemeentes), Nederduits-Hervormde Kerk (3 gemeentes) en die Gereformeerde Kerk (2 gemeentes).

Afgesien van dogmatiese verskille tussen die verskillende kerkverbande, volg hulle almal die leerstellinge van Jesus. Sy prediking en optrede het die basis van die eerste kerk in Handelinge geword. Joubert (1996:132) meld dat Jesus se leringe oor God vergesel is van sy eie positiewe optrede teenoor mense wat nie binne die Joodse godsdienstige sisteme ge-akkommodeer is nie, soos byvoorbeeld die heidene, tollenaars en siekes. Hierdie leringe en optredes is regdeur die Nuwe Testament toegepas en bestaan vandag nog in kerke. Baie van die etiese voorskrifte van die kerke kom voort uit die talle wette en voorskrifte van veral die Ou Testament. Tog kan dit sekerlik saamgevat word met die woorde van Jesus in Mattheus 22:37-40: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste Gebod. En die tweede, wat hiermee gelykstaan, is jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee Gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

### 6.7.1 Christus as sentrale figuur

Die Christendom sentreer rondom die persoon en werk van Jesus Christus. Sy aardse optrede maar veral die kruisiging en opstanding vorm die hart van die kerk se leerstukke. As die Woord wat mens geword het, het God sy hart eens en vir altyd aan die mensdom kom openbaar. Christus het God se wil op aarde kom volbring. Hy het versoening tussen mens en God bewerkstellig. Die mens kon nie self aan God reg doen,

maar deur Christus se kruisdood het Hy aan die vereiste voldoen. Sodoende is Christus middelaar tussen God en mens wat die mens se straf volkome op Hom geneem het. Hierdie was ‘n eenmalige, onherhaalbare versoeningsdaad, maar dit het net waarde vir die wat in Hom glo en Hom aangeneem het as hulle persoonlike saligmaker (Joubert 2000:145).

### 6.7.2 Die Bybel

Die Heilige boeke bestaan uit twee testamente naamlik die Ou- en Nuwe testament. Vir Christene is die Bybel die Woord van God, waarin God se stem gehoor word. Die Bybel dien ook as gids om God se wil te verneem, maar ook as die boek van vertroosting en bemoediging. Dit is ook ‘n preekboek vir die kerk. (Joubert, 200:146)

### 6.7.3 Die Christen en etiek

God se wil met mense is dat hulle “heel” moet wees: voltooid in elke faset, of dit nou as individu, of gesinne, of gemeenskappe of in die wye sosiale nasionale of internasionale verband is. In Christus kan mense word wat God beplan het hulle moet wees.

Woorde soos gedrag, optrede, etiek suggereer die nakoming van reëls. ‘n Groot deel van die Christelike denke oor morele dinge lyk vandag baie na moralisme: Met ’n klomp “moets” en “moenies” word gewillige mense dikwels verplig en na ’n vreugdelose en teensinige gehoorsaamheid gelei. Maar die Christelike lewe is nie iets wat van buite af opgelê word nie, maar dit is iets wat vry en spontaan van binne kom. Dus beteken Christelike optrede nie net wat ‘n Christen doen of nie doen nie, maar dit beteken ook hoe ‘n Christen dink en watter soort waardes en sienwyses hy in antwoord op Jesus Christus koester (Sadgrove 1982:375).

### 6.7.4 Wat die Bybel sê oor seks

Die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 verduidelik biologiese seks en die rede vir twee geslagte. Die belangrikheid van seksuele gemeenskap en die rol van begeerte kom baie plekke voor in Genesis. So word aan Eva voorgehou dat sy na haar man sal hunker (Gen 3:16). Die hemelwesens in Gen 6:2 het gesien dat die vroue mooi was en het met hulle getrou. Sarah beskryf seks as genot in Genesis 18:12. Lea en Ragel het met mekaar meegeding om seks by Jakob te hê (Gen 30:14-16) Potifar se vrou het ‘n sterk begeerte gehad dat Josef met haar seks moes hê (Gen 39:8) (Hafner 1997:2).

Daar word na vrugbaarheid verwys in Genesis as ‘n gawe van God. So was God se eerste woorde aan die mense in die paradys: “Wees vrugbaar en vermeerder op die aarde” (Gen 1:28). Genesis praat ook direk van geslagsdele. God het die voorgeslagte gevra om die voorhuid te besny – ook as ‘n teken van sy verbond met Israel (Hafner 1997:2).

Genesis maak ook dikwels melding van die gevaar van seks. Daar is ‘n verwysing na verkragting (Gen 34 :1-4). Ook word daar verwys na ‘n klomp mense wat een verkrag (Gen 19:4-8). Verder word daar ook verwys na bloedskande (Gen 19:31-39), asook prostitusie (Gen 28:15-17).

Die spesiale funksie van seks in die eerste jaar van ‘n verhouding word onderstreep in Deut. 24:5: “Wanneer ‘n man pas getroud is, mag hy nie saam met die leër optrek om te gaan oorlog maak nie. Hy mag ook nie met enige verpligtinge belas word nie. ‘n Jaar lank moet hy van alles vrygestel wees om sy vrou met wie hy getroud is gelukkig te maak.” Owerspel word ten sterkste deur die bybel veroordeel.

Die boek Hooglied van Salomo beskryf die erotiese liefde. Man en vrou word deur die ander geprys vir sensualiteit en skoonheid. Die uitlewing van seksuele drange is natuurlike en spontane gebeurtenisse tussen ’n man en ’n vrou wat mekaar lief het.

Countryman (1988:267) meen dat wat die Nuwe Testament skrywers sê oor seksuele etiek word geneem uit die Ou Testament etiek. Hulle ontwikkel ‘n groot deel van die reinheidsetiek van die Tora wat handel oor kos en seks tot ’n nuwe ‘teologie’ wat ons laat begryp dat Jesus Christus ons losgekoop het van die wette en dat ons in ‘n nuwe verhouding tot reinheid van hart staan. Die reinheid van die menslike liggaam staan baie sterk voorop in Paulus se briewe.

Die Bybel beskou seks as iets wat tot die natuurlike lewe behoort (Kroeze 1970:166). Die sondigheid van die seksuele lewe kom egter so dikwels na vore in die Bybel. Hierteenoor staan die Bybel afwysend. In die meeste gevalle in die Ou Testament waar die sondigheid van die seksuele lewe in die Ou Testament ter sprake kom, hou dit verband met “die vreemde vrou” (Kroeze 1970:167). Ook in die boek Rigters en spesifiek in die Simsonverhaal is dit die geval.

Reeds vroeg in die Ou Testament staan die liefde as beginsel vir seksuele verhoudings voorop (byvoorbeeld Gen 24:67; 29:30-34; 34:3). Die hele bedoeling van die Ou Testament en die Nuwe Testament is dat sulke liefde ’n hoogtepunt in diehuwelik tussen man en vrou bereik, die alleenplek vir ’n seksuele verhouding tussen een man en een vrou.

### 6.7.5 GEVOLGTREKKINGS

Vir die Christen berus sy/haar etiese optrede op die samevatting van die Tien Gebooie soos wat Jesus Christus dit in Mattheus 22:37-40 uitspel, naamlik dat jy sowel God as jou medemens moet liefhê. Die Christen glo dat God wil hê dat mense “heel” moet wees: voltooid in elke faset, of dit nou as individu, of gesinne, of gemeenskappe of in die wye sosiale nasionale of internasionale verband is. Deur in Christus te glo en sy voorbeeld na te volg, kan mense word wat God beplan het hulle moet wees.

Vir die Christen hou geslagtelikheid verband met die feit dat God die mens man en vrou geskape het, en dat Hy hulle geseën het om vrugbaar te wees en die aarde te vul. God se bedoeling daarmee is dat die mens sy verteenwoordiger op aarde moet wees, en aan sy wil moet voldoen. Seks is iets natuurlik en mag slegs tot sy hoogtepunt kom binne die (monogame) huwelik. Die Bybel praat egter dikwels oor die sonde(s) van seksuele wandade, en veroordeel dit.

# HOOFSTUK 7

# GEVOLGTREKKINGS

## 7.1 Samevatting en finale gevolgtrekkings

Die MIV/Vigs pandemie het gemeenskapsleiers van Middelburg, Mpumalanga genoop om ’n gesamentlike poging aan te wend om die etiese optrede van die mense van ons omgewing aan te spreek. ’n Instansie, genaamd Professional Family Care, is by die plaaslike hospitaal in die lewe geroep waar onder andere berading verskaf word en waar verskillende professies soos medici, sielkundiges en godsdiensleiers van verskillende godsdienste betrokke is. Ek is self as Christelike berader by hierdie instansie betrokke. Die etiese implikasies van mense se seksuele keuses en optrede word sterk deur berading aangespreek. Die godsdiensleiers het van die begin af gevoel dat HIV/Vigs ’n sosiale probleem is wat deur die onderskeie betrokke godsdienste se etiek aangespreek kan word. Binne hierdie totale werksverband bestaan daar dus ’n groot behoefte om vanuit die verskillende godsdienste te soek na beginsels wat beraders kan gebruik om die probleme rondom die seksuele etos van mense in Middelburg aan te spreek.

Hierdie studie het dus ten doel gehad om binne die konteks van bognoemde probleemstelling vanuit ’n Christelike godsdienstig-etiese perspektief mense se seksuele etos en die gevolge daarvan te belig aan die hand van die karaktersketS van die rigter Simson in die boek Rigters (Ri 13-16). Uit die navorsing kan spesifieke etiese beginsels afgelei word wat vir die gemeenskap in Middelburg van waarde kan wees in die gesamentlike bestryding van die MIV/Vigs-probleem. Aan die einde van hierdie hoofstuk word ’n aantal praktiese aanbevelings gemaak wat binne beradingsituasies gebruik kan word wat uit die navorsing voortvloei.

Die hipotese van die navorsing is *dat daar ’n etiese verband bestaan tussen die rebelsheid in Simson se lewe en sy seksuele optrede. ’n Soortgelyke verband kan in ons hedendaagse samelewing geïdentifiseer word as gevolg van die verontagsaming van gesonde godsdienstig-etiese norme.*

HIV/Vigs is ‘n probleem wat reg oor die wêreld ‘n krisis geword het aangesien dit een van die grootste mediese en sosiale uitdagings van ons tyd is. Vigs maak verder deel uit van ‘n komplekse gedragsprobleem wat binne die veld van seksuele etiek bestudeer kan word. Hierdie studie poog om die etiese implikasies van mense se seksuele keuses te bestudeer en dit sodoende in verband te bring met die karakterskets van die rigter Simson in die boek van Rigters 13- 16.

Die navorsing is aangepak met die behulp van die sosio-retoriese benadering van Robbins (1996), aangesien hierdie metode die navorser in staat stel om die Simsonverhaal op verskillende vlakke te bestudeer. Veral die sosiale en kulturele aspekte van die teks is uitgelig om die etiese waardes van daardie tyd te bestudeer en om aan die hand daarvan sekere afleidings te maak wat tydens beraad gebruik kan word.

Dit het dus noodsaaklik geblyk om te kyk na Ou Testament etiek, aangesien etiek verwys na die waardes van mense. Hoofstuk 2 bied so ’n oorsig. Die feit dat die Bybel nie nie etiese handleiding of handboek oor moraliteit is nie, maar eerder ’n samestelling van tradisionele materiaal wat geleidelik ontwikkel het en uiteindelik gesaghebbende stellings oor antieke Israel en die vroeë Christendom se God, die aard van hulle geloof en lewensvoorwaardes maak (Knight 1982:56), is belangrik vir hierdie studie. Wanneer daar hieronder etiese afleidings gemaak word, moet dit in gedagte gehou word. Die sosio-historiese konteks ten opsigte van die morele probleme en norme van die Bybelse tyd is van deurslaggewende belang (Knight 1982:57). Hieraan is veral in hoofstuk 3 aandag gegee, veral met betrekking tot die situasie waarin Simson hom bevind het.

Die spesifieke historiese eise en sosiale moontlikhede van ons eie tyd beïnvloed die manier waarop waardes oorgedra word. In seksueel-etiese beraad is dit van groot belang, en daar kan nie rigied vanuit die Bybel tewerk gegaan word nie, aangesien die Bybelse situasies ver verwyderd is van ons eie. In die etiek gaan dit egter ook daaroor om met diepe respek aan God, die Bybelse waardes na te streef, eerder as om die Bybelse modelle na te volg.

Wat die Simsonverhaal aanbetref, blyk dit duidelik uit die navorsing hierbo dat die verhaal die ideologie van die verteller/redaktor weerspieël. Simson word as voorbeeld gebruik om nie net individue se netatiewe optrede uit te beeld toe daar nog nie ’n koning oor Israel regeer het nie, maar ook dié van die breë samelewing van die verskillende

stamme van Israel. Die fyner nuanses van die verteller se ideologiese denke word uitgelig en versterk deur Simson se ongehoorsaamheid aan die etiese kodes van sy nasireërskap, en sodoende aan God. Sy ontrouheid aan sy eie kultuur en volk deur met Filistynse meisies te meng, sy seksuele losbandigheid toe hy by ’n prostituut ingegaan het, sy deurgaanse eiegeregtigheid in sy optrede om sy eer te behou, sy onafhanklikheid van God (van sy kant af gesien), behalwe by twee geleenthede wat hy genoodsaak was om tot God te bid, dit alles lig vir ons iets uit van die verteller se onderliggende probleem met die volk Israel waarvan Simson eksemplaries voorgehou word aan die leser. In Simson as persoon en as rigter kulmineer al die slegte van die rigtertydperk eksemplaries. Binne die breër konteks is daar dus inderdaad ’n nuwe bedeling nodig vir die volk. Hierdie heersende klimaat van “elkeen het gedoen wat goed is in sy eie oë” het net die negatiewe ingehou vir die volk. Al het God deur sy Gees mense soos Simson gebruik om sy volk se geskiedenis te rig, was die volk nou ryp vir ’n nuwe ideologie, naamlik dié van koningskap.

Individue se etiese optrede weerspieël iets van die ideologiese raamwerk van die samelewing waarbinne hulle leef en bestaan. Wanneer hierdie dominerende ideologiese denke en optrede verwronge raak, soos in die geval van Israel, dan is daar dikwels mense wat sterk reageer en kommentaar daarop lewer. In die huidige geval waar Professional Family Care in Middelburg, Mpumalanga, betrokke is by berading van HIV/Vigs-pasiënte en hulle families, word ook ’n poging aangewend om ‘in te gryp’ in ’n sosiaal-etiese situasie wat hand-uit geruk het.

## 7.2 Aspekte van die navorsing wat vir beradingsdoeleindes voorgestel word

Uit die navorsing kan die volgende afleidings en voorstelle vir beraad gemaak word.

a. Dat godsdiens en kultuur onskeibaar is en ook bepalend is vir mense se optrede, maar dat mense dikwels uit eie wil die grense daarvan oortree in hulle etiese optrede, in hierdie geval seksueel-etiese optrede.
b. Netsoos die vertellers/samestellers van die Deuteronomistiese Geskiedwerk (waar binne die Simsonvertelling voorkom), wat ‘konversionistiese’ trekke vertoon wat die korrupte wêreld van Israel wou verander hê deur hulle te laat besef waarom hulle in ballingskap moes gaan, is dit ook die doel van berading in die Middelburg-situasie om hul omstandighede aan hulle voor te hou sodat hulle self tot inkeer sal kom en ’n positiewe terugkeer na die Here toe sal maak. Die katastrofiese gevolge

van HIV/Vigs word aan die beradingskliënte en sy/haar familie voorgehou om mense te help om seksueel-eties volgens Bybelse waardes op te tree.

c. Negatiewe optrede van Simson ten opsigte van sy sosiale verbintenisse en sy roeping as nasireër en die gevolge van hierdie negatiewe optrede kan met die kliënte en hul families gekommunikeer word om hulle te help om hul eie sosiale bande en gebruike opnuut in oënskou te neem en hul eie optrede daaraan te meet.

d. Beraad kan nie revolusionêr plaasvind soos wat die optrede van Simson in die Simsonsage blyk nie. Al sien die Professional Family Care in Middelburg hulleself as in diens van God, kan hulle nie die sosiale orde waarin mense hulle bevind revolusionêr omver werp soos Simson nie. Daar kan dus nie direkte lyne getrek word tussen die optrede van Simson en hoe hy deur God gebruik is om die Filistyne te vernietig, en die optrede van PFC nie. PFC kan wel aanneem dat dit God is wat die negatiewe sosiaal-etiese optrede van mense wil verander. Hierdie instansie kan dus nie, soos Simson, op eie krag staatmaak en uit eie wil revolusionêr te werk gaan nie. Dit is nie net vernietigend vir die betrokke maatskaplike omgewing waarbinne hulle werk nie, maar dit sal ook selfvernietiging van PFC veroorsaak.

e. PFC kan ook, soos Simson, die wêreld waarbinne hulle werk vanuit ’n wonderwerkreaksie benader. Maar weer eens is Simson se voorbeeld afkeurenswaardig in dié sin dat hy, net wanneer hyself in nood was, na God geroep het om hom te help. Verder het hy eintlik op eie krag staat gemaak. Beraders kan dus wel die verwagting tuisbring by kliënte en hulle families dat God ook op ’n bonatuurlike wyse kan help om te genees, bevry, hartseer te heel, verlies herstel, weer sekerheid skenk, asook die ewige lewe kan skenk.

f. Binne die beradingsituasie kan die berader ook reformerend reflekteer op die sosiaal-etiese problematiek wat in hierdie navorsing ter sprake is. Die reformis beskou die wêreld as korrup omdat sy sosiale strukture korrup is. Indien die strukture kan verander word sodat die optrede wat dit sanksioneer kan verander, dan is daar genesing (verlossing) in die wêreld (Robbins 1996:73). Die nog redelik nuwe sosiale veranderings in ons land wat op die ou end nie-revolusionêr, reformerend deurgevoer is, sou kon meewerk dat mense se gedrag ook kan verander. Die ou, apartheidstrukture het baie negatiewe invloede op groot dele van die samelewing uitgeoefen wat politieke armoede, sosiale armoede, finansiële armoede teweeg gebring het. Hierdie tipes armoede het ook die seksueel-etiese waardes van baie mense verlaag. Indien die nuwe dispensasie mense kan ophef uit hierdie armoede, kan dit ’n positiewe invloed hê ook om die HIV/Vigs-probleem te verlig. Daarom

moet PFC nie net self meewerk om die nuwe dispensasie te laat slaag nie, maar ook die positiewe daarvan aan kliënte en hulle families oordra en uitleef. Hierdie benadering sou dus teenoor ’n revolusionêre benadering van beraad gestel kan word. Die huidige pogings van die Professional Family Care in Middelburg, Mpumalange, hou baie nou met die reformerende uitkyk verband. Dit is waarom die betrokke geestelike leiers almal soek na basiese etiese waardes vanuit die Bybel en geestelike geskrifte van ander godsdienste, om sodoende, onder God se leiding, ’n nuwe dispensasie in die lewens van mense te laat intree.

g. Indien die reinheidskodes wat op Simson se nasireërskap in gedagte gehou word, kan daarby aangesluit word tydens beradingsessies. Simson het hierdie reinheidskodes verbreek sonder om te blik of te bloos, met katastrofiese gevolge. Reinheidskodes het onder andere te doen gehad met die onderhouding van die heelheid of kompleetheid van die sosiale samelewing (Malina 1993:157). Teenoor Simson se onverskilligheid daarteenoor, was die gedagte van reinheid en reiniging nou verbind aan die idee van toewyding. Reiniging het beteken dat die hindernisse om naby God te kom verwyder word. Toewyding het ’n mens voorberei om God te ontmoet. Onder bykans alle gelowe bestaan daar op een of ander wyse reinheidsgebruike, hetsy in die vorm van meditasie, rituele, sakramente, ens. Hierdie aspekte kan versigtig benut word binne beradingsituasies.

h. Die Simsonsage se heiligheidstekstuur is ook baie belangrik met betrekking tot hierdie navorsing, aangesien dit vir ons iets van die aard van die verhouding tussen God en mense meedeel binne daardie konteks. Dit is duidelik dat die verteller ernstig oor die feit dat mense volgens Jahwe se wil moet lewe en dat hulle telkens op hul verkeerde lewe gewys moet word. Vir die Christengelowige is die mens na God se beeld geskape, en staan hy/sy binne ’n verbondsverhouding met God, soos wat dit met Israel die geval was. God word uitgebeeld as die een wat aan mense verskyn, of wat ’n boodskapper na mense stuur. Hy word geteken as die groot Mag agter alle gebeure van hoop en redding, al is mense ongehoorsaam. Beantwoording van gebede is nie outomaties nie, maar in al die gevalle is dit Jahwe se reaksie op mense se versoek op so ‘n wyse dat die fokus val op die Een wat gebede antwoord. God doen wonders wanneer mens tot Hom bid in nood, soos wat hy aan Manoag se vrou wat nie swanger kon raak nie, swangerskap gegee het, en soos wat hy op verskillende wyses in die verhaal ‘agter die skerms’ optree om die skynbaar onmoontlike te laat plaasvind. Dit alles kan binne die beradingsituasie uitgewys en verkondig word.

i. God voer ook sy wil end-uit uit met sy mense. Die Simsonsage wys op ‘n mens se eiewilligheid en hardkoppigheid, te midde van sy roeping wat lei tot katastrofiese gevolge. Simson het nie sy eie lewensmissie reg begryp nie, en tog het hy dit uitgevoer, al was dit deur sondige optredes heen. Vir hom persoonlik het dit katastrofiese gevolge gehad, wat die gevolge was van sy eie verkeerde dade. En tog het die Here dit alles gebruik om sy wil tot uitvoering te bring. Die geroepe mens faal weens sy sondige aard, maar God kan dit gebruik in sy diens. Die onverklaarbare dilemma dat God ’n moedswillige, ongehoorsame mens gebuik om sy wil uit te voer, wil die fokus op God plaas. Hy is die eintlike een agter die verlossing van Israel. Simson/Israel het gemeen hulle is sterk en onafhanklik en kan deur hier en daar kulturele en godsdienstige handelinge uit te oefen hulleself handhaaf. Dit het egter nie so gewerk nie. Hierdie voorbeeld kan vir kliënte en hulle families wat beraad ontvang baie beteken om die fokus weg te skuif van die mens se eie swakheid na God se groter plan met mense. Die bedoeling moet dan egter nie wees om die verantwoordelikheid van die mense ten opsigte van hulle lewenwyse en lewenstaak te vermy nie, maar eerder om dit binne ’n groter raamwerk van God se wil te plaas.

j. Die simsonvertelling het ook vir die beradingsituasie iets te sê oor menslike toewyding. By uitstek beeld Simson die houding van die volk uit, naamlik dat hulle hulle nie aan die Here wil verbind of toewy nie, behalwe wanneer hulle in nood is. So ’n lewe loop op selfvernietiging uit (Ri 16:30). Simson is as persoon hierin nie net ’n voorbeeld van wat op daardie stadium in die geskiedenis van die volk Israel aangegaan het nie, maar dien ook as universele voorbeeld wat vir vandag geld. In die Rigterverhale word dikwels vermeld dat die volk tot God bid om verlossing (Ri 3:9, 15; 4:3; 6:7; 10:10, 15-16). Dit is egter slegs in Rigters 10:10, 15-16 wat daar pertinent gesê word dat hulle berou gehad het en hulle bekeer het deur weg te breek van die afgode af om hulle opnuut aan die Here te verbind. In die Simsonverhaal word nie vermeld dat die volk weer tot die Here gebid het toe Hy hulle in die mag van die Filistyne oorgegee het nie. Selfs nie die hoofkarakter in die Simsonverhaal, naamlik Simson self, het hom daartoe verbind om sy nasireërskap voortreflik uit te leef nie. Die erns wat Simson se ouers met hul toewyding aan God gemaak het, dien as ’n positiewe voorbeeld.

k. Die seksueel-etiese negatiewe dade van Simson moet in die eerste plek teen die agtergrond van daardie tyd se sosiale strukture en norme beoordeel word (vgl 3.7.2.1 hierbo). Beoordeel ons egter Simson se optrede vanuit ’n latere perspektief,

dan sien ons dat prostitusie of ‘los seks’ ons liggame wat die tempel van God se Gees is verontreinig (1 Kor 6:18-20). Hierdie boodskap is primêr binne die konteks van Professional Family Care se werksaamhede. Dit moet ook ’n primêre plek in beraad inneem. Alhoewel hierdie seksuele wanpraktyke nie die enigste bron van infeksie deur die Vigsvirus is nie, het dit die grootste bydrae daartoe. Simson se lewe en optrede in hierdie verband kan aan die kliënt en sy/haar familie wat beraad ontvang as voorbeeld voorgehou word wat deels bygedra het tot baie negatiewe dinge wat plaasgevind het, ook in die wyer verband van die volk Israel. Daarmee saam moet egter God se genade verkondig word wat ook direk met die mens se bekering verband hou. Dit is immers deel van die bedoeling van die verteller/redigeerder van die Deuteronomistiese Geskiedwerk en dus ook van die Rigterboek en die Simsonverhaal.

## BRONNELYS


Abimbola W 1995. *How to improve the relationship between Islam, Christianity and Traditional African Religion.* Proceedings of the International congress of Dialogue on Civilization in West Africa. Nigeria: Abuju.

Ahmad I 1995. *Marriage and Sexuality in Islam*: A translation of al-Ghazali's Book on the Etiquettes of Marriage. Salt Lake City: University of Utah Press.

Alexander D 1986. *Handboek by die Bybel.* Pretoria: Lux Verbi.

Atwood J D & Maltin L 1991. Putting Eastern Philosophies into Western Psycotherapies. *American Journal Of Psychotherapy,* 155/3, 368-382.

Averbeck R E, Chavalas M W & Weisberg D B (eds) 2000. *Life and Culture in the Ancient Near East*. Bethesda: CDL Press.

Bakar O 1978. *The relationship between science and spiritual values*. Cambridge: Cambridge University Press.

Baggaley R 1999. HIV stress in primary school teachers in Zambia. *Bulletin of World Health Organization* 77/3, 284-287.

Barton R 1978. The role of perception in the acquisition of phonology. Ph.D. thesis Stanford University. Stanford, USA.

Boling R G 1975. *Judges.* New York: Doubleday. (AB 6A.)

Bosman H 1983. Adultery, Prophetic Tradition and the Decalogue. *Journal of the Study of Old Testament Ethics* 11, 15-28.

Childress J F & Macquirrie J 1967. *Practial Reasoning in Bioethics*. Bloomington: Indiana University Press.

Coetzee J H 1996. Die rol van die ouers van Simson in die Simsonsage (Rigters 13-16). *Skrif en Kerk* 17/2, 292-305.

Coetzee J H 2002. The ‘outcry’ of the dissected woman in Judges 19-21: Embodiment of a society. *Old Testament Essays* 15/1, 52-63.

Collins J J 1971. Cosmos and salvation. Jewish wisdom and apocalyptic in the Hellenistic Age. *History of Religion* 17, 121-142.

Countryman L W 1998. *Dirt, greed and sex: sexual ethics in the New Testament and their implications for today*. Philadelphia: Fortress Press.

Chepkowony A K 2004. Religion and Science: Living Double Lives in Africa. *Journal of Sience and Religion* 17/2, 66-80.

Deist F E, Vosloo W, Pretorius E & du Plessis I 1981. *Van Eden tot Rome. Die verhaal, samestelling en skrywersperspektiewe van die vertelliteratuur van die Bybel*. Pretoria: JL van Schaik.

Deist F E & Vorster W S (reds) 1990. *Woorde wat ver kom.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. (*Die literatuur van die Ou Testament – Deel I.*)

Domeris W R 1995. Shame and Prophecy: Approaches Past and Present. *Biblical Interpretation: A Journal of Contemporay Approches* 8/3, 255-275.

Dorrington R, Bradshaw D & Budlender D 2002. HIV/AIDS profile in provinces of South Africa. Indicators for 2002. *South African Medical Journal* 92, 618-23.

De Vaux R 1968. *Ancient Israel –Its Life and Institutions.* London: Darton, Longman & Todd.

Esterhuyze W P 1980. *Die mens en sy seksuele moraal.* Durban: Butterworth.

Exum J C 1980. Promise and Fulfilment: Narrative Art in Judges 13, *Journal of Biblical Literature* 99, 43-59.

Exum J C 1981. Aspects of Symmetry, Balance in the Samson Saga. *Journal for the Study of the Old Testament* 19, 2-29.

Exum J C 1983. The theological Dimension of the Samson Sage. *Vestus Testamentum* 33/1, 30-45.

Exum J C & Whedbee J W 1984. Tragedy and Comedy in the Bible. *Semeia 32.* Cambridge: Scholars Press.

Guberman K 1984. To Walk in All His Ways: A Kabbalistic Sexual Ethic. *Journal of Religious Ethics* 14/1, 61-80.

Heyns J A 1982. *Teologiese Etiek. Deel 1.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Haffner D W 1997. The Really Good News: What the Bible Says About Sex. *SIECUS Report* 26/1, 3-8.

Joubert S J 2000. Reciprocity and the Poor among the First Followers of Jesus. In R E Averbeck, M W Chavalas & D B Weisberg (eds), *Life and Culture in the Ancient Near East*, 593-627. Betheseda: CDL Press.

Keller W 1982. *Die Bybel is tog reg.* Pretoria: Human & Rousseau.

Knight D A 1982. Old Testament Perspectives: Methodological Issues. *Journal of the Study of Old Testament Ethics* 22, 13-20.

Kroeze J H 1970. *Bybel en Seks*. Braamfontein: De Jong Boekhandel.

Krüger JS, Lubbe G J A & Steyn H C 1996. *The human search for meaning. A multireligious introduction to the religions of humankind*. Pretoria: Via Afrika.

Lachman M E 1995. *Handbook of Health Psychology*. New York: Ziff Davis Media.

Mace D 1970. Marriage counceling. *Journal of Marriage and the Family* 32, 138-145.

Maarschalk R 2000. Die godsredes in die boek Job: Ideologie en ekologie. D Litt et Phil proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Malina B J 1993. *The New Testament World. Insights from Cultural Anthropology.* Louisville: Westminister/John Knox Press.

Martey E 1993. *African Theology. Inculturation and Libertation.* New York: Orbis Books.

Matthews V A & Benjamin D C 1993. *The Social World of Ancient Isreal 1250-587 BCE.* Peabody: Hendrickson Publishers.

MacLaren A 1978. *Expositions of Holy Scripture: Deuternomy, Joshua, Judges, Ruth and First Book of Samuel, Second Samuel, First Kings and Second Kings.* Illinois: Calvin College. (World Wide Study Bible.)

Meiring P (red) 1996. *Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste.* Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Meyer W F, Moore C & Viljoen H 2000. *Personologie van Individu tot Ekosisteem.* Pretoria: Heinemann.

Millar J P 1980. *The Preacher's Complete Homiletic Commentary of the book of Judges.* Cambridge: Baker Book House.

Mitra K 1983. A Hindu self-reflection. *Journal of Ecumenical Studies* 17, 121-124.

Naudé J A 1996. Islam: algehele oorgawe aan God. In P Meiring (red) *Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste*, 151-193. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Ocholla-Ayayo A B C 1976. *Traditional Ideology and Ethics among the Southern Lua*: Uppsala: Scandinavian institute of African Studies

Richard H 1988. God and Nature in the Old Testament. *Catholic Biblical Quarterly*, 14/1-2, 18-39.

Robbins V K 1996. *Exploring the Texture of Texts*. A guide to Socio-Rhetorical Interpretation. Philadelphia: Trinity Press International.

Roa K L S 1995. Sexual Morality and Family Values: A Gandhian Perspective. *Dialogue & Alliance* 9/1, 1-5.

Sadgrove P 1982. From Judaism to Chirstianity. *Journal of Semitic Studies* 8, 139-140.

Villa-Vicencio C & De Gruchy J W 1994. *Doing ethics in Context – South African Perspectives.* Volume 2. New York: Orbis books. (Theology and Praxis.)

Vosloo W 1989. *Meer as net 'n storie.* Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Webb B G 1983. *The book of Judges: An integrated reading.* Sheffield: JSOT Press. (JSOT Suppl Ser 46.)